

Reaksie van Gewasse op Voorafgeprogrammeerde Tekortbesproeiing

ATP Bennie • LD van Rensburg • MG Strydom • CC du Preez

Verslag aan die Waternavorsingskommissie
deur die
Departement Grondkunde
Universiteit van die Oranje-Vrystaat

WNK Verslag No 423/1/97



**REAKSIE VAN GEWASSE OP
VOORAFGEPROGRAMMEERDE TEKORTBESPROEING**

ATP Bennie, LD van Rensburg, MG Strydom & CC du Preez

Verslag aan die

**WATERNAVORSINGSKOMMISSIE VAN DIE PROJEK GETITELD
EFFEK VAN VOORAFGEPROGRAMMEERDE TEKORTBESPROEING
OP PLANTREAKSIE**

deur die

**Departement Grondkunde
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat
Bloemfontein**

**WNK Verslag : 423/1/97
ISBN No : 1 86845 299 9**

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
EXECUTIVE SUMMARY	vii
DANKBETUIGINGS	x
LYS VAN FIGURE	xi
LYS VAN TABELLE	xix
1. INLEIDING	1
1.1 Algemeen	1
1.2 Doel van ondersoek	13
2. BEWAB INSETPARAMETERS VIR AARTAPPELS EN ERTE	15
2.1 Inleiding	15
2.2 Materiaal en metodes	15
2.2.1 Ligging	15
2.2.2 Grondeienskappe	15
2.2.3 Klimaat	16
2.2.4 Proefuitleg	17
2.2.5 Agronomiese praktyke	19
2.2.6 Waterweerhouding op stremmingspersele	19
2.2.7 Grondparameters	19
2.2.7.1 Grondwaterinhoud	19
2.2.7.2 Grondwaterpotensiaal	21
2.2.7.3 Boonste grens van plantbeskikbare water	22
2.2.7.4 Onderste grens van plantbeskikbare water	24
2.2.7.5 PBWK van die wortelsone	24
2.2.8 Komponente van die grondwaterbalans	25
2.2.8.1 Reën en besproeiing	25
2.2.8.2 Afloop	26
2.2.8.3 Perkolاسie	26
2.2.8.4 Evapotranspirasie	28

2.2.9	Plantgroeiparameters	29
2.2.9.1	Wortelontwikkeling	29
2.2.9.2	Oesopbrengs	29
2.3	Resultate en bespreking	29
2.3.1	Oesopbrengs-waterverbruiksfunksies	29
2.3.2	Daaglikse waterbehoeftekurwes	32
2.3.3	Wortelgroeiparameters	37
2.3.3.1	Inleiding	37
2.3.3.2	Totale wortellengte per eenheid grondoppervlakte (L)	38
2.3.3.3	Wortelindringingstempo	39
2.3.3.4	Wortelverspreiding	39
2.3.4	Berekening van die potensiële profielwatervoorsieningstempo	40
2.3.4.1	Inleiding	40
2.3.4.2	Grond-wortel konduktansiekoëffisiënt	41
2.3.5	Samevatting	42
3.	GEWASREAKSIE OP DIE VERSKILLENDEN WATERBESTUURS- OPSIES BY HOË EN LAE OPBRENGSMIKPUNTE	44
3.1	Inleiding	44
3.2	Materiaal en metodes	46
3.2.1	Proefuitleg en behandelings	46
3.2.1.1	Uitvoering van die behandelings	48
3.2.2	Agronomiese inligting	51
3.2.3	Meting van die komponente van die grondwaterbalans	53
3.2.3.1	Verandering in grondwaterinhoud	53
3.2.3.2	Reën en besproeiing	53
3.2.3.3	Perkolاسie	53
3.2.3.4	Afloop	54
3.2.3.5	Evapotranspirasie	54
3.2.4	Meting van plantveranderlikes	54
3.2.4.1	Droëmateriaalopbrengs	54
3.2.4.2	Saadopbrengs	55

3.2.4.3	Blaaroppervlakte	55
3.2.4.4	Totale wortellengte	55
3.2.4.5	Addisionele plantgroeiparameters	56
3.3	Resultate en bespreking	56
3.3.1	Effek van besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies op die bogrondse groei	56
3.3.1.1	Koring	56
3.3.1.2.1	Effek van besproeiingsintervalle	56
3.3.1.1.2	Effek van verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies	65
3.3.1.1.3	Interaksie tussen besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies	66
3.3.1.1.4	Vergelyking van die groei tussen die hoë en lae opbrengsmikpunte	67
3.3.1.2	Mielies	67
3.3.1.2.1	Effek van besproeiingsintervalle	70
3.3.1.2.2	Effek van verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies	77
3.3.1.2.3	Interaksie tussen besproeiingsintervalle en die plantbeskikbare waterbestuursopsies	78
3.3.1.2.4	Vergelyking van die groei tussen die hoë en lae opbrengsmikpunte	79
3.3.1.3	Erte	79
3.3.1.3.1	Effek van besproeiingsintervalle	82
3.3.1.3.2	Effek van verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies	89
3.3.1.3.3	Interaksie tussen besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies	89
3.3.1.3.4	Vergelyking van die groei tussen die hoë en lae opbrengsmikpunte	90
3.3.1.4	Grondbone	93
3.3.1.4.1	Effek van besproeiingsintervalle	93

3.3.1.4.2	Effek van verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies	100
3.3.1.4.3	Interaksie tussen besproeiingsintervalle en die plantbeskikbare waterbestuursopsies	101
3.3.1.4.4	Vergelyking van die groei tussen die hoë en lae opbrengsmikpunt	102
3.3.1.5	Aartappels	102
3.3.2	Effek van besproeiingsintervalle op wortelontwikkeling van koring, mielies, erte en grondbone	102
3.4	Samevatting	112
4.	EVALUERING VAN DIE BEWAB WATERBESTUURSOPSIES BY HOë EN LAE TEIKENOPBRENGSTE EN VERSKILLENDEN BESPROEIINGS-INTERVALLE	
4.1	Inleiding	113
4.2	Resultate en bespreking	113
4.2.1	Water-produksiefunksies	113
4.2.1.1	Inleiding	113
4.2.1.2	Koring	114
4.2.1.3	Mielies	117
4.2.1.4	Grondbone	117
4.2.1.5	Erte	121
4.2.1.6	Aartappels	121
4.2.2	Daaglikse gewaswaterbehoefte	123
4.2.2.1	Inleiding	123
4.2.2.2	Koring	124
4.2.2.3	Mielies	124
4.2.2.4	Grondbone	131
4.2.2.5	Erte	131
4.2.2.6	Aartappels	138
4.2.3	Verandering in profielwaterinhoud vir die verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies	138

4.2.3.1	Inleiding	138
4.2.3.2	Vol-vol opsie	142
4.2.3.3	Vol-leeg opsie	143
4.2.3.4	Leeg-leeg opsie	143
4.2.3.5	Leeg-vol opsie	144
4.2.4	Besproeiingsintervalle	144
4.3	Gevolgtrekking	146
5.	AANPASSINGS IN DIE BEREKENINGSPROSEDURES VAN DIE BEWAB-PROGRAM	147
5.1	Inleiding	147
5.2	Beraming van die relatiewe gewaswaterbehoefte	148
5.2.1	Inleiding	148
5.2.2	Voorgestelde aanpassing	148
5.2	Beraming van die totale gewaswaterbehoefte vir die groeiseisoen by 'n gekose opbrengsmikpunt	152
5.3.1	Inleiding	152
5.3.2	Waardes van die verskillende veranderlikes	155
5.3.3	Aanpassings in die beraming van die totale gewaswaterbehoefte by 'n gekose opbrengsmikpunt	156
5.4	Optimisering van die besproeiingsinterval	162
5.4.1	Inleiding	162
5.4.2	Verwantskap tussen opbrengs en vlak van plantbeskikbare wateronttrekking by die verifiëringsproewe	162
5.5	Samevatting	165
6.	SAMEVATTING EN BESPREKING	167
6.1	Inleiding	167
6.2	Samevatting van die resultate en bespreking	168
6.3	Verdere navorsing	172
6.4	Tegnologie-oordraging	172
6.5	Data beskikbaarheid	173

LITERATUURVERWYSINGS

174

BYLAAG

182

EXECUTIVE SUMMARY

CROP REACTION TO PRE-PROGRAMMED DEFICIT IRRIGATION

Scheduling of irrigation requires farmers to be able to decide how much water must be applied to a crop with each irrigation and at what intervals to irrigate. Past research on the topic of irrigation scheduling led to the development of an easy to use computer program (BEWAB Version 1.2). The BEWAB irrigation scheduling program assists farmers by supplying them with preplant recommendations on how much water should be applied throughout the season and when to apply it. Although BEWAB makes provision for the selection of any target yield below the biological maximum, the data used to develop the procedure were obtained only under well-watered conditions. When irrigation water is in short supply, for instance during periods of restrictions on the use of water, farmers revert to deficit irrigation, thereby aiming for lower target yields in order to benefit more from rain. The need for this research arose from insufficient data on the interaction between pre-determined levels of deficit irrigation and the degree of adaptation of crops and crop yields to the drier soil conditions.

This project had the following objectives:

- To test the BEWAB irrigation management options under both well-watered (high target yield) and deficit supply (low target yield) conditions. The BEWAB program includes different options for managing the plant available water in the soil like starting the season with a wet soil and ending it either wet or dry or starting the season with a dry soil and ending it wet or dry.
- To determine the extent to which crops adapt to the drier soil conditions resulting from deficit irrigation.
- To quantify the effect of wet and dry pre-plant root zones on the evapotranspiration and crop development under well-watered and deficit conditions.
- To investigate the most efficient intervals between irrigations for different target yields and soils, for incorporation in the BEWAB irrigation scheduling program.

The line-source irrigation technique was used to gather the information needed to enlarge the list of crops in BEWAB to include also dry peas and potatoes, planted in September or January. Crops used in field experiments to test the management options were wheat, maize, groundnuts, dry peas and potatoes. These experiments were conducted on a deep red sandy loam to sandy clay loam soil most suitable for irrigation.

The different management options for the depletion or recharge of the plant available water in the root zone had no effect on crop growth or yields under well watered conditions with high target yields. With low target yields and deficit irrigation, the treatments that were irrigated according to the "end wet" option in fact ended dry. The reason for this was that applied water intended to build up the water reserve in the latter part of the season was taken up by the crops to produce yields in excess of target yields. It is recommended that any of the four options for managing the plant available water can be used under optimum well-watered conditions. With deficit irrigation where the intention is to conserve irrigation water for the next crop cycle, it will be wise to only use the two options that end dry.

The length of the interval between irrigations had a significant effect on plant reaction. With high target yields the best growth and yields were obtained with weekly irrigations, except for groundnuts which yielded best with irrigations every two weeks. Irrigations at two to three weekly intervals gave the best results in terms of yield and growth at low target yields. A procedure was developed with which the most effective interval between irrigations could be calculated taking into account crop and soil type, target yield and the selected management option.

It was confirmed that shorter intervals between irrigations, with an associated increase in number of irrigations required, increases opportunities for unproductive loss of water through evaporation from the soil surface. This decreases the water use efficiency or, stated differently, increases the total water needed to produce a specific yield. A procedure was developed to take the number of irrigations into consideration when calculating the amount of water needed to realise a chosen target yield.

It was confirmed that well planned deficit irrigation results in crops adapting to the drier soil conditions through shorter plants with smaller leaves, thus avoiding excessive transpiration. Incorporating the recommended improvements in the BEWAB irrigation scheduling programme will ensure better deficit irrigation scheduling at target yields that are lower than those obtained under optimum conditions of water supply.

It is evident from the preceding discussion that all the objectives of this project were fully met. The following aspects were identified as future research topics which could improve the value and applicability of this research:

- The proposed procedure for estimating the unproductive water losses through evaporation from the soil surface needs further refinement.
- A more cost effective procedure is needed to obtain or estimate the input variables for crops that are not presently included in BEWAB. This can possibly be done with the help of crop growth simulation models.
- The dynamic nature of the upper limit of plant available water in the soil profile for irrigation still needs further clarification under irrigation conditions.

The transfer of the technology developed through this research project will be done by the distribution of an updated version of the BEWAB programme for irrigation scheduling and water management to all current and future users. All the proposed improvements will be included in the revised version of BEWAB. The revised version of BEWAB will ensure more accurate and effective use of irrigation water under deficit supply conditions.

DANKBETUIGINGS

Die navorsing in hierdie verslag spruit voort uit 'n projek wat deur die Waternavorsingskommissie gefinansier is, getitel:

Die effek van voorafgeprogrammeerde tekortbesproeiing op plantreaksie.

Die Loodskomitee verantwoordelik vir die projek is die volgende:

Dr. G.C. Green	Waternavorsingskommissie (Voorsitter)
Mnr D.S. van der Merwe	Waternavorsingskommissie
Dr. P.C.M. Reid	Waternavorsingskommissie
Mnr F.P. Marais	Waternavorsingskommissie (Komiteesekretaris)
Dr. J.G. Annandale	Universiteit van Pretoria
Dr. M. Hensley	Landbounavorsingsraad
Dr. S. Walker	Landbounavorsingsraad
Mnr D.J. du Rand	Departement van Landbou
Mnr W.J. van den Berg	Departement van Landbou
Mnr. K.J. Cook	Noordkaap Landboudiens
Prof. J.M. de Jager	Die Universiteit van die Vrystaat

Die navorsingspan wil graag die volgende persone en instansies bedank:

- i) Die Waternavorsingskommissie vir die vertroue wat hulle in ons gestel het met die toekenning van die kontrak.
- ii) Die lede van die Loodskomitee vir hul opbouende kritiek, raad en leiding.
- iii) Die Bestuur en Administrasie van die Universiteit van die Vrystaat vir die instandhouding en verskaffing van die infrastruktuur waarsonder die navorsingsprogram nie uitgevoer sou kon word nie.

- iv) Die lede van die Skakelkomitee van die Eenheid vir Landbouwaterbestuur aan die Universiteit van die Vrystaat vir hul gewaardeerde ondersteuning, advies en beskikbaarstelling van fasiliteite:

Prof. J.J. Human	Department Agronomie
Prof. W.H. van Zyl	Departement Landbouweerkunde
Prof. C. van der Ryst	Departement Landbou-ingenieurswese

- v) Me. Y. Dessels, G.C. van Heerden en E. Smit vir die tik en tegniese versorging van die verslag.
- vi) Die volgende persone wat met die uitvoering van die proewe en dataverwerking behulpsaam was:

Mnr H.S. Vrey	:	Junior navorser
Mnr. P.W. Wessels	:	Tegniese assistent
Me. M.C. Kirsten	:	Tegniese assistent
Mnr E. Jokwani	:	Tegniese assistent

LYS VAN FIGURE

	Bls
Figuur 1.1: Verandering in die relatiewe daaglikse waterbehoefte van koring met 'n 170 dae groeiseisoen	7
Figuur 1.2: Hipotetiese voorstelling van hoe die profielwatertekort tydens die vol-vol opsie aangevul word.	10
Figuur 1.3: Hipotetiese voorstelling van hoe die profielwatertekort tydens die vol-leeg opsie aangevul word.	11
Figuur 1.4: Hipotetiese voorstelling van hoe die profielwatertekort tydens die leeg-leeg opsie aangevul word.	11
Figuur 1.5: Hipotetiese voorstelling van hoe die profielwatertekort tydens die leeg-vol opsie aangevul word.	12
Figuur 1.6: 'n Voorbeeld van hoe die waterverbruikskurwe aangewend kan word om die begin en einde van die piekwaterbehoefte periode vir 'n grond met 'n TO van 150 mm en 'n gewas met 'n piekwaterbehoefte van 10 mm dag ⁻¹ te bereken.	12
Figuur 2.1: Algemene uitleg van die BEWAB uitbreidingsproef	18
Figuur 2.2: Dreineringskurwe en -vergelyking vir bepaling van die boonste grens van plantbeskikbare water	23
Figuur 2.3: Knolopbrengs-waterverbruiksfunksie vir someraartappels (September-aanplanting)	31
Figuur 2.4: Knolopbrengs-waterverbruiksfunksie vir winteraartappels (Januarie-aanplanting) en 'n gesamentlike funksie vir beide aanplantings	31
Figuur 2.5: Graanopbrengs-waterverbruiksfunksie vir groen droë-erte	32
Figuur 2.6: Verandering in die relatiewe daaglikse waterbehoefte van someraartappels met 'n 130 dae na plant groeiseisoenlengte	36
Figuur 2.7: Verandering in die relatiewe daaglikse waterbehoefte van winteraartappels met 'n 120 dae na plant groeiseisoenlengte	36
Figuur 2.8: Verandering in die relatiewe daaglikse waterbehoefte van droë-erte met 'n 130 dae na plant groeiseisoenlengte	37

Figuur 3.1:	Gekombineerde proefuitleg van die hoë en lae opbrengsmikpunt proewe, waar drie besproeiingsintervalle met vier plantbeskikbare waterbestuursopsies gekombineer is	47
Figuur 3.2:	'n Voorbeeld van die plate wat by die persele geïnstalleer is en die walle wat rondom elke perseel aangebring is om afloop te beperk	47
Figuur 3.3:	Die droëmateriaalakkumulasie van koring by die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is	60
Figuur 3.4:	Die droëmateriaalakkumulasie van koring by die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir lae opbrengste besproei is	61
Figuur 3.5:	Die verandering in blaaroppervlakte-indeks van koring vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is	62
Figuur 3.6:	Die verandering in blaaroppervlakte-indeks van koring vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir lae opbrengste besproei is	63
Figuur 3.7:	Gemiddelde droëmateriaalopbrengs van alle behandelings en die relatiewe verandering daarvan vir koring by die hoë en lae opbrengsmikpunte	68
Figuur 3.8:	Gemiddelde blaaroppervlakte-indeks van alle behandelings en die relatiewe verandering vir koring by die hoë en lae opbrengsmikpunte	69
Figuur 3.9:	Die droëmateriaalakkumulasie van mielies by die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is	73
Figuur 3.10:	Die droëmateriaalakkumulasie van mielies by die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir lae opbrengste besproei is	74
Figuur 3.11:	Die verandering in blaaroppervlakte-indeks van mielies vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare	

	waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is	75
Figuur 3.12:	Die verandering in blaaroppervlakte-indeks van mielies vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir lae opbrengste besproei is	76
Figuur 3.13:	Gemiddelde droëmateriaalopbrengs van alle behandelings en die relatiewe verandering daarvan vir mielies by die hoë en lae opbrengsmikpunte	80
Figuur 3.14:	Gemiddelde blaaroppervlakte-indeks van alle behandelings en die relatiewe verandering vir mielies by die hoë en lae opbrengsmikpunte	81
Figuur 3.15:	Die droëmateriaalakkumulasie van erte by die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is	85
Figuur 3.16:	Die droëmateriaalakkumulasie van erte by die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir lae opbrengste besproei is	86
Figuur 3.17:	Die verandering in blaaroppervlakte-indeks van erte vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is	87
Figuur 3.18:	Die verandering in blaaroppervlakte-indeks van erte vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir lae opbrengste besproei is	88
Figuur 3.19:	Gemiddelde droëmateriaalopbrengs van alle behandelings en die relatiewe verandering daarvan vir erte by die hoë en lae opbrengsmikpunte	91
Figuur 3.20:	Gemiddelde blaaroppervlakte-indeks van alle behandelings en die relatiewe verandering vir erte by die hoë en lae opbrengsmikpunte	92
Figuur 3.21:	Die droëmateriaalakkumulasie van grondbone by die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is	96
Figuur 3.22:	Die droëmateriaalakkumulasie van grondbone by die	

	verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir lae opbrengste besproei is	97
Figuur 3.23:	Die verandering in blaaroppervlakte-indeks van grondbone vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is	98
Figuur 3.24:	Die verandering in blaaroppervlakte-indeks van grondbone vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir lae opbrengste besproei is	99
Figuur 3.25:	Gemiddelde droëmateriaalopbrengs van alle behandelings en die relatiewe verandering daarvan vir grondbone by die hoë en lae opbrengsmikpunte	103
Figuur 3.26:	Gemiddelde blaaroppervlakte-indeks van alle behandelings en die relatiewe verandering daarvan vir grondbone by die hoë en lae opbrengsmikpunte	104
Figuur 3.27:	Verandering in die bewortelingsdigtheid van die weeklikse en drieweeklikse besproeiings van koring met diepte by hoë (H) en lae (L) opbrengsmikpunte	108
Figuur 3.28:	Verandering in die bewortelingsdigtheid van die weeklikse besproeiings van mielies met diepte by hoë (H) en lae (L) opbrengsmikpunte	109
Figuur 3.29:	Verandering in die bewortelingsdigtheid van die weeklikse en drieweeklikse besproeiings van erte met diepte by hoë (H) en lae (L) opbrengsmikpunte	110
Figuur 3.30:	Verandering in die bewortelingsdigtheid van die weeklikse en drieweeklikse besproeiings van grondbone met diepte by hoë (H) en lae (L) opbrengsmikpunte	111
Figuur 4.1:	Graanopbrengs-waterverbruiksfunksies vir koring	116
Figuur 4.2:	Droëmateriaalopbrengs-waterverbruiksfunksie vir koring	116
Figuur 4.3:	Graanopbrengs-waterverbruiksfunksies vir mielies	118
Figuur 4.4:	Droëmateriaalopbrengs-waterverbruiksfunksie vir mielies	118
Figuur 4.5:	Graanopbrengs-waterverbruiksfunksie vir grondbone	119
Figuur 4.6:	Droëmateriaalopbrengs-waterverbruiksfunksie vir grondbone	119

Figuur 4.7:	Die verwantskap tussen oesindeks en droëmateriaalopbrengs vir grondbone	120
Figuur 4.8:	Graanopbrengs-waterverbruiksfunksie vir droë-erte	120
Figuur 4.9:	Droëmateriaalopbrengs-waterverbruiksfunksie vir droë-erte	122
Figuur 4.10:	Knolopbrengs-waterverbruiksfunksie vir aartappels	122
Figuur 4.11a:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van koring vir die vol-vol profielwaterinhoud bestuursopsie	127
Figuur 4.11b:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van koring vir die vol-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie	127
Figuur 4.12a:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van koring vir die leeg-vol profielwaterinhoud bestuursopsie	128
Figuur 4.12b:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van koring vir die leeg-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie	128
Figuur 4.13a:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van mielies vir die vol-vol profielwaterinhoud bestuursopsie	129
Figuur 4.13b:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van mielies vir die vol-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie	129
Figuur 4.14a:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van mielies vir die leeg-vol profielwaterinhoud bestuursopsie	130
Figuur 4.14b:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van mielies vir die leeg-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie	130
Figuur 4.15a:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van grondbone vir die vol-vol profielwaterinhoud bestuursopsie	134
Figuur 4.15b:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van grondbone vir die vol-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie	134
Figuur 4.16a:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van grondbone vir die leeg-vol profielwaterinhoudbestuursopsie	135
Figuur 4.16b:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van grondbone vir die leeg-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie	135
Figuur 4.17a:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van droë-erte vir die vol-vol profielwaterinhoud bestuursopsie	136
Figuur 4.17b:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van droë-erte vir die	

	vol-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie	136
Figuur 4.18a:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van droë-erte vir die leeg-vol profielwaterinhoud bestuursopsie	137
Figuur 4.18b:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van droë-erte vir die leeg-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie	137
Figuur 4.19a:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van aartappels vir die vol-vol profielwaterinhoud bestuursopsie	140
Figuur 4.19b:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van aartappels vir die vol-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie	140
Figuur 4.20:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van aartappels vir die leeg-vol profielwaterinhoud bestuursopsie	141
Figuur 4.20b:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van aartappels vir die leeg-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie	141
Figuur 4.21:	Verandering in profielwaterinhoud tydens die groeiseisoen van droë-erte, by verskillende besproeiingsintervalle	145
Figuur 5.1:	Hipotetiese voorstelling van die verwantskap waarvolgens die relatiewe gewaswaterbehoefte van gewasse vanaf dae na plant, beraam kan word	149
Figuur 5.2:	Verwantskap tussen die gesimuleerde en berekende kumulatiewe grondwaterverdamping gedurende die groeiseisoen van koring	159
Figuur 5.3:	Verwantskap tussen die gesimuleerde en berekende kumulatiewe grondwaterverdamping gedurende die groeiseisoen van mielies	159
Figuur 5.4:	Verwantskap tussen die gesimuleerde en berekende kumulatiewe grondwaterverdamping gedurende die groeiseisoen van grondbone	160
Figuur 5.5:	Verwantskap tussen die gesimuleerde en berekende kumulatiewe grondwaterverdamping gedurende die groeiseisoen van erte	160
Figuur 5.6:	Verwantskap tussen die gesimuleerde en berekende kumulatiewe grondwaterverdamping gedurende die	

LYS VAN TABELLE

	Bls
Tabel 2.1: Deeltjiegrootteverspreiding van die onderskeie grondlae	16
Tabel 2.2: Agronomiese praktyke vir die BEWAB uitbreidingsproef	20
Tabel 2.3: Boonste grens van plantbeskikbare water vir die onderskeie grondlae	23
Tabel 2.4: Verspreidingspatroon van die lynbron besproeiingstelsel	25
Tabel 2.5: Waterverbruik (mm) en oesopbrengs (kg ha^{-1}) vir someraartappels (September aanplanting), winteraartappels (Januarie aanplanting) en groen droë-erte	30
Tabel 2.6: Regressiekoëffisiënte vir die daaglikse waterbehoeftekurwes van die onderskeie gewasse	33
Tabel 2.7: Relatiewe daaglikse waterbehoefte van die onderskeie gewasse	34
Tabel 2.8: Derde-orde polinomiese regressiekoëffisiënte vir berekening van relatiewe waterbehoefte vanaf dae na plant vir someraartappels, winteraartappels en droë-erte	34
Tabel 2.9: Koëffisiënte vir berekening van relatiewe daaglikse evapotranspirasie vir die eerste gedeelte van die groeiseisoen	35
Tabel 2.10: Wortelgroeiparameters vir gebruik in BEWAB	38
Tabel 3.1: Waterlewering per besproeiingsbaan by verskillende persentasie-spoedverstellings	48
Tabel 3.2: Agronomiese inligting aangaande tipe kultivar, plantdatum, teiken-opbrengste, plantestand en bemesting van die verskillende proefgewasse	52
Tabel 3.3: Gemiddelde saadopbrengs, droëmateriaalopbrengs en waterverbruik van koring by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe	57
Tabel 3.4: Gemiddelde halm-, node- en aarlengte van koring by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe	58
Tabel 3.5: Gemiddelde aantal are m^{-2} , korrels aar^{-1} en massa korrel $^{-1}$ van koring by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae	

	opbrengsmikpuntproewe	59
Tabel 3.6:	Gemiddelde saadopbrengs, droëmateriaalopbrengs en waterverbruik van mielies by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe	71
Tabel 3.7:	Gemiddelde aantal koppe plant ⁻¹ , hoofstamlengte en gemiddelde nodelengte van mielies by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe	72
Tabel 3.8:	Gemiddelde saadopbrengs, droëmateriaalopbrengs en waterverbruik van erte by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe	83
Tabel 3.9:	Gemiddelde oesopbrengskomponente van erte by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe	84
Tabel 3.10:	Gemiddelde saadopbrengs, droëmateriaalopbrengs en waterverbruik van grondbone by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe	94
Tabel 3.11:	Gemiddelde lengte van die hoofhalm, aantal nodes hoofhalm ⁻¹ en aantal syhalms plant ⁻¹ van grondbone by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpunte	95
Tabel 3.12:	Gemiddelde knolopbrengs en waterverbruik van aartappels by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe	106
Tabel 3.13:	Wortelgroeiparameters vir verskillende gewasse by die weeklikse en drieweeklikse besproeiings vir die hoë (H) en lae (L) opbrengsmikpunte	107
Tabel 4.1:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van koring vir sekere behandelingskombinasies en dae na plant	125
Tabel 4.2:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van mielies vir sekere behandelingskombinasies en dae na plant	126
Tabel 4.3:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van grondbone vir sekere behandelingskombinasies en dae na plant	132
Tabel 4.4:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van droë-erte vir sekere behandelingskombinasies en dae na plant	133

Tabel 4.5:	Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van aartappels vir sekere behandelingskombinasies en dae na plant	139
Tabel 5.1:	Dae na plant en voorgesteldede duurtes (dae) van die vestiging (A'), vegetatiewe (A' - B') reprodutiewe (C' - B') en rypwordings (D' - C') groeifases van verskillende gewasse en ooreenstemmende relatiewe gewaswaterbehoefte (a' en d') en die oppervlakte onder die kurwes (A, dae) onder optimum groeitoestande	150
Tabel 5.2:	Beskrywing van gewasontwikkelingsfases vir die verskillende gewasse	151
Tabel 5.3:	Veranderlikes wat benodig word vir die berekening van die waterproduksiefunksies vir die verskillende gewasse	155
Tabel 5.4:	Die effek van die interval tussen of die aantal besproeiings op die berekende transpirasie en evaporasie en die gesimuleerde evaporasie van die verskillende gewasse	158
Tabel 5.5:	Verwantskap tussen die gesimuleerde en berekende kumulatiewe grondwaterverdamping gedurende die groeiseisoen van aartappels	161
Tabel 5.6:	Piek besproeiingsbehoefte (BB) uitgedruk in hoeveelheid en as 'n persentasie van die profielbeskikbare waterkapasiteit (PBWK) by die verskillende besproeiingsintervalle en werklike opbrengste van die verskillende gewasse	163
Tabel 5.7:	Optimum besproeiingsbehoefte (BB) vir verskillende gewasse	165

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Algemeen

Om die mees effektiewe gebruik van besproeiingswater te verseker, is dit noodsaaklik om die toediening daarvan sodanig te skeduleer dat die plante op geen stadium aan waterstremming onderwerp word nie. Dit vereis dat die grondwaterbalans binne die wortelsone baie versigtig bestuur moet word. Die winste en verliese van grondwater moet so bestuur word dat die waterinhoud van die wortelsone binne 'n optimum reeks varieër wat onbeperkte watervoorsiening aan die plante sal verseker. Die boonste grens van optimum watervoorsiening aan plante is die boonste grens van plantbeskikbare water wat die *in situ* waterinhoud van 'n volledig benatte en bewortelde profiel verteenwoordig wanneer die dreinerings tempo 'n konstante lae waarde bereik het (Ratliff, Ritchie & Cassel, 1983). Die onderste grens verteenwoordig die *in situ* waterinhoud van 'n goed bewortelde profiel wanneer die plante 'n gespesifiseerde graad van waterstremming bereik. Die hoeveelheid water tussen die boonste en onderste grens verteenwoordig die profiel beskikbare waterkapasiteit (Hensley & De Jager, 1982; Boedt & Laker, 1985; Vanassche & Laker, 1989) of die toelaatbare onttrekking.

Benatting van die maksimum bewortelde profiel bokant die boonste grens van plantbeskikbare water het onproduktiewe perkolasieverliese tot gevolg. Uitdroging van die wortelsone totdat skadelike plantwaterstremming intree sal, afhangende van die graad van stremming, aanleiding tot oneffektiewe waterverbruik en biomassa produksie gee. Besproeiingskedulering is gevolglik die kuns om die waterwinste (reënval plus besproeiing) en verliese (evapotranspirasie) met besproeiing te balanseer sodat die waterinhoud van die wortelsone binne die optimum grense bly en perkolasieverliese minimaal gehou word. Perkolasieverliese vanaf reën wat direk op 'n besproeiing volg kan verminder of uitgeskakel word deur die bewortelde profiel nie tot die boonste grens te benat nie. Sodoende word 'n stoorkapasiteit vir reën geskep. Afloopverliese behoort verhoed te word deur korrekte ontwerp en bestuur van besproeiingstelsels en goeie grondvoorbereiding. Verdampingsverliese vanaf die grondoppervlak kan verminder word deur

die toepassing van agnomiese praktyke wat snelle bedekking van die grond deur blare verseker en verlengde intervale tussen besproeiings.

Die doel met hierdie afdeling is om die beginsels van besproeiingskedulering wat in die **BEsproeiingsWATER Bestuursprogram (BEWAB)** van Bennie, Coetzee, Van Antwerpen, Van Rensburg & Burger (1988), toegepas word te bespreek. BEWAB is 'n waterbalansmodel wat Vergelyking 1.1 as basis gebruik.

$$D_x = D_{x-1} + ET_x - P_x - IR_x \pm DR_x \quad (1.1)$$

waar	D_x	=	watertekort (mm) van die bewortelde profiel op dag x ($D_x = 0$ indien die waterwins deur reën en/of besproeiing die tekort oorskrei)
	D_{x-1}	=	watertekort op dag x-1 (mm)
	ET_x	=	beraamde evapotranspirasie vir dag x (mm)
	P_x	=	reënval vir dag x (mm)
	IR_x	=	besproeiing vir dag x (mm)
	DR_x	=	dreineringsverlies uit (+) of opwaartse vloeï in (-) die aktiewe wortelsone (mm)

Kwantifisering van toelaatbare onttrekking (D):

Die mees aanvaarbare wyse om beide die boonste en onderste grense van plantbeskikbare water te bepaal is om dit *in situ* in die veld te bepaal. Dit is egter onprakties om dit vir elke situasie te doen. Boedt & Laker (1985) en Bennie *et al.* (1988) het *in situ* dreineringskurwes van 'n verskeidenheid grondprofile bepaal. Die waterinhoud, waar dreinerings weglaatbaar klein raak, is vir elke horison bepaal en as 'n funksie van die persentasie gronddeeltjies kleiner as 0.05 mm bepaal. Hierdie lineêre regressievergelyking (Vergelyking 1.3) word gebruik om die boonste grens van plantbeskikbare water vanaf die persentasie deeltjies kleiner as 0.05 mm te beraam (Vergelyking 1.2).

$$\text{BGPW} = \sum_{i=1}^n (\theta_{bi} \cdot Z_i) \quad (1.2)$$

waar	BGPW	=	boonste grens van plantbeskikbare water in die wortelsone oor n-lae tot die maksimum bewortelingsdiepte ($Z_x = x \cdot \text{WIT}$)
	x	=	dae na plant waarop die maksimum bewortelingsdiepte bereik word.
	WIT	=	wortelindringingstempo (mm dag^{-1}).
	θ_{bi}	=	$0.0037 (S+K\%) + 0.139$ (Bennie <i>et al</i> , 1988). (1.3)
	S+K	=	persentasie grofslik plus kleideeltjies kleiner as 0.05 mm.

Bennie *et al.* (1988) het die verhouding tussen die evapotranspirasie van nat en gestremde gedeeltes van die land gebruik om die onderste grens van plantbeskikbare water in die wortelsone te bepaal. Die onderste grens van plantbeskikbare water vir 'n spesifieke grondtipe en gewaskombinasie word m.b.v. 'n simulatie subroetine in BEWAB bereken. Hierdie subroetine, bereken die waterinhoud van die bewortelde profiel waar die tempo van watervoorsiening deur die wortels laer as die benodigde transpirasietempo van die blaredak daal. Bennie *et al* (1988) het 'n stremmingsindeks (SI_x) vir 'n spesifieke dag x gedefinieer as die verhouding tussen die potensiële evapotranspirasie (PET , mm dag^{-1}) en die potensiële profielwatervoorsieningstempo ($PWVT$, mm dag^{-1}).

$$SI_x = PET_x / PWVT_x \quad (1.4)$$

Grond geïnduseerde plantwaterstremming sal dus intree wanneer die bewortelde profiel sodanig uitgedroog het dat die stremmingsindeks 'n waarde van 1 bereik. Die PET vir dag x word vanaf historiese gewaswaterbehoeftekurwes bereken maar dit kan ook met die atmosferiese verdampingsaanvraag en gewasfaktor bereken word. In die berekening van die $PWVT$ word die Van den Honert benadering, vir die beskrywing van die transpirasietempo, gebruik nl.

$$T = K_{sp}(\psi_s - \psi_p) \quad (1.5)$$

waar K_{sp} = die geleiding van die grond-plant vloeibaar ($\text{mm dag}^{-1} \text{ kPa}^{-1}$)
 ψ_s = grondwaterpotensiaal ($-\text{kPa}$)
 ψ_p = blaarwaterpotensiaal ($-\text{kPa}$)

Navorsing deur Botha, Bennie & Burger (1983) in mikrolisimeters, waar die wateropname deur plantwortels uit 'n enkele grondlaag van 400 mm dikte gemeet is, het getoon dat K_{sp} vir 'n spesifieke laag i 'n funksie van die empiriese grond-wortel konduktansiekoëffisiënt, bewortelingsdigtheid, relatiewe wateronttrekking en die dikte van die laag is.

$$K_{spi} = Fsr_i \cdot Lv_i^{1/2} \cdot \ln(\theta_i/\theta_o) \cdot z_i \quad (1.6)$$

Die maksimum transpirasievoorsieningstempo deur 'n homogene bewortelde grondlaag (i) is gedefinieer as die laagwatervoorsieningstempo dus:

$$LWVT_i = Fsr_i \cdot Lv_i^{1/2} \cdot \ln(\theta_i/\theta_{oi}) \cdot (\psi_{gi} - \psi_{pc}) \cdot z_i \quad (1.7)$$

waar $LWVT_i$ = watervoorsiening deur laag i (mm dag^{-1})

Fsr_i = grond-wortel konduktansiekoëffisiënt vir laag i ($\text{mm}^2 \text{ dag}^{-1} \text{ kPa}^{-1}$)

Lv_i = bewortelingsdigtheid vir laag i ($\text{mm wortels mm}^{-3} \text{ grond}$).

θ_i = volumetriese waterinhoud vir laag i (v v^{-1})

θ_{oi} = volumetriese waterinhoud vir laag i wat ooreenstem met 'n matrikspotensiaal $\psi_{gi} = \psi_{pc}$ waar wateropname staak.

ψ_{gi} = matrikspotensiaal vir laag i by θ_i ($=\text{kPa}$).

ψ_{pc} = kritiese blaarwaterpotensiaal waarby plantwaterstremming vir die betrokke gewas intree ($-\text{kPa}$).

z_i = dikte van laag i (mm).

Die sommering van $LWVT_i$ oor die totale bewortelingsdiepte, opgedeel in n-lae van dikte z gee die geïntegreerde PWVT vir dag x.

$$PWVT_x = \sum_{i=1}^n LWVT_i \quad (1.8)$$

Botha *et al* (1983) het ook gevind dat die uitdroging van 'n spesifieke bewortelde laag i direk eweredig aan die verhouding tussen $LWVT_i/PWVT_x$ is. Die verandering in die waterinhoud van 'n laag ($\Delta\theta_i$) op 'n spesifieke dag x kan met vergelyking 1.9 bereken word.

$$\Delta\theta_i = (ET_x LWVT_i)/(PWVT_x \cdot Z_i) \quad (1.9)$$

Die subroetiene waarmee die onderste grens van plantbeskikbare water bereken word gebruik die volgende prosedure. Die aanvangswaterinhoud vir elk van die n -grondlae oor die maksimum bewortelingsdiepte word gelyk aan die boonste grens (vergelyking 1.3) gestel. Die potensiële evapotranspirasie (ET_x) word konstant op die piekwaarde vir 'n spesifieke oesopbrengsmikpunt gehou. Die $LWVT_i$ vir elke laag word met vergelyking 1.7 bereken en met vergelyking 1.8 gesommeer om die $PWVT_x$ vir dag x te gee. Die SI_x word met vergelyking 1.4 bereken. Indien dit kleiner as 1 is word die uitdroging ($\Delta\theta_i$) vir elke grondlaag met vergelyking 1.9 bereken en vanaf die θ_i van die vorige dag afgetrek. Die prosedure word herhaal totdat die $SI = 1$. Die θ_i waardes vir elke grondlaag op die dag wanneer die SI gelyk aan 1 is word gebruik om die onderste grens van plantbeskikbare water vir die bewortelde profiel te bereken.

Die verskil tussen die beraamde boonste grens en gesimuleerde onderste grens van plantbeskikbare water, oor die maksimum bewortelingsdiepte, word as die maksimum toelaatbare onttrekking tydens die periode van piek waterverbruik geneem. Omdat 'n konstante wortelindringingstempo vir jaargewasse aanvaar word, word daar ook aanvaar dat die toelaatbare onttrekking lineêr toeneem met die dae na plant tot die dag van maksimum bewortelingsdiepte, waarna dit konstant bly.

Vir meerjarige gewasse word die maksimum bewortelingsdiepte en toelaatbare onttrekking konstant gehou deur die seisoen.

Kwantifisering van evapotranspirasie (ET)

Die waterverbruik sedert 'n vorige besproeiing kan gekwantifiseer word deur: i) direkte meting van die verandering in die waterinhoud van die wortelsone met byvoorbeeld 'n neutronmeter, ii) indirekte beraming deur die kumulatiewe potensiële evapotranspirasie met die relevante gewas omskakelingsfaktor te vermenigvuldig; of iii) 'n beraming vanaf dag tot dag gewaswaterbehoeftekurwes wat vanaf historiese metings saamgestel is. Laasgenoemde wyse word tans in BEWAB gebruik hoewel enige van die ander wyses sonder veel ongerief ingesluit kan word.

Bennie *et al.* (1988) het direkte metings van ET, wat oor verskeie seisoene versamel is, gebruik om die verwantskap tussen ET en dae na plant vir verskillende gewasse en plantdatums te bepaal. 'n Derde orde polinomiese funksie is deur die datapare met ET (mm dag^{-1}) as die afhanklike en dae na plant (dae) as die onafhanklike veranderlike, gepas. Die maksimum evapotranspirasietempo gedurende die piekverbruik van elke kurwe is gebruik om die y-waardes na relatiewe ET om te skakel. Die oppervlakte onder elke kurwe (A, dae) is deur integrasie bepaal. 'n Voorbeeld word in Figuur 1.1 vir koring met 'n 170 dae groeiseisoen verskaf. Die totale waterbehoefte (W, mm) oor die hele groeiseisoen word vir 'n bepaalde oesopbrengsmikpunt met 'n relevante water-produksiefunksie bereken. Waterproduksiefunksies, wat die verwantskap tussen produksie oor die groeiseisoen en die kumulatiewe ET onder optimale groeitoestande beskryf, is vir verskillende gewasse vanaf 'n verskeidenheid metings en bronne saamgestel. Die gewaswaterbehoefte kan dan vir elke dag met Vergelyking 1.10 bereken word.


$$Y_x = Y_{relx} (W/A) \quad (1.10)$$

waar: Y_x = gewaswaterbehoefte vir dag x (mm dag^{-1})

Y_{relx} = relatiewe gewaswaterbehoefte vir dag x bereken m.b.v. die toepaslike polinomiese vergelyking

W = totale seisoenale gewaswaterbehoefte bereken m.b.v. die toepaslike water-produksiefunksie (mm)

A = Oppervlakte onder die relatiewe gewaswaterbehoeftekurwe (dae)



Figuur 1.1 Verandering in die relatiewe daaglikse waterbehoefte van koring met 'n 170 dae groeiseisoen

Bestuur van reënopgaring en diep dreinasie (DR)

Daar is twee oorsake vir waterverliese deur diep dreinerings. Wanneer die besproeiingshoeveelheid (IR) meer as die profielwatertekort (D) is, vind oorbesproeiing en gevolglike diep dreinerings ($DR = IR - D$) plaas. Dit kan die gevolg van 'n oorberaming van die ET of bloot swak bestuur wees. Tweedens sal diep perkolasie plaasvind wanneer meer reën (P) as die profielwatertekort (D) val, dus $DR = P - D$. Beide wyses van dreineringsverliese kan op diep gronde, met 'n toelaatbare onttrekking van meer as byvoorbeeld 80 mm, beperk word deur die wortelsone met elke besproeiing tot 'n waarde van die boonste grens van plantbeskikbare water minus 'n voorafbepaalde reënopgaringskapasiteit te benat. Sodoende word reën wat direk op 'n besproeiing volg in die profiel agtergehou. Die kriterium vir die keuse van 'n reënopgaringskapasiteitswaarde is die hoeveelheid van 'n gemiddelde reënbui of reeks reënbuie in die omgewing.

Bestuur van die toelaatbare onttrekking (D) en plantbeskikbare waterinhoud

Die interval tussen en die hoeveelheid besproeiing benodig, word vir jaargewasse bepaal deur die evapotranspirasietempo, wat afhanklik is van die gewasouderdom, atmosferiese verdampingsaanvraag en wyse waarop die toelaatbare onttrekking bestuur word. Die toelaatbare onttrekking (TO) van gewasse met goed ontwikkelde wortelstelsels in diep gronde kan op verskillende wyses as 'n buffer aangewend word. Daar bestaan verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies vir die aanwending van die toelaatbare onttrekking as 'n buffer gedurende die groeiseisoen. In die bespreking van die opsies verwys "vol" na 'n profielwaterinhoud van die wortelsone wat ongeveer gelyk aan die boonste grens van plantbeskikbare water minus die gereserveerde reënopgaringskapasiteit is. "Leeg" verwys na 'n profielwaterinhoud gelyk aan die onderste grens van plantbeskikbare water.

- i) Vol-vol opsie: Hierdie opsie vereis dat besproeiing volgens die gemete of beraamde kumulatiewe ET oor die besproeiingsinterval geskied. Die profielwaterinhoud van die wortelsone word sodoende, indien dit met planttyd vol was, op 'n vlak gelyk aan die boonste grens van plantbeskikbare water minus die gereserveerde reënopgaringskapasiteit gehou (Figuur 1.2). Hierdie wyse verseker die hoogste reserwe plantbeskikbare water deur die groeiseisoen, maar dit het ook die hoogste risiko vir oorbesproeiing en/of dreineringsverliese.
- ii) Vol-leeg opsie: In hierdie opsie word daar met 'n vol profiel begin. Die profielwatertekort binne die wortelsone word geleidelik gedurende die periode van piekverbruik of oor die hele groeiseisoen vergroot, deur met elke besproeiing die kumulatiewe ET minus die uitdrogingshoeveelheid toe te dien. Die oppervlakte onder die gewaswaterbehoeftekurwe wat gelyk aan die maksimum toelaatbare onttrekking of PBWK minus die reënopgaringskapasiteit is, word met integrasie bepaal om sodoende die eerste en laaste dag van piekwaterverbruik te bepaal (bv. dae 55 en 141 in Figuur 1.6). Die uitdrogingstempo vir die voorbeeld wat in Figuur 1.6 geïllustreer word, is dus $150/(141-55) = 1.74 \text{ mm dag}^{-1}$. Die uitdrogingshoeveelheid (mm) wat vanaf 55 tot 141 dae na plant van die kumulatiewe ET afgetrek word, is dus $1.74 \times$ lengte van die besproeiingsinterval (dae). Met hierdie wyse van tekortbesproeiing word die watertekort

in die bewortelde profiel, asook die reënopgaringskapasiteit, geleidelik oor die periode van piekverbruik vergroot (Figuur 1.3,b). Sodoende word die kapasiteit van die grondprofiel verhoog om later in die groeiseisoen, wanneer die ET afneem, reënval te stoor. Sodoende word 'n besparing in besproeiingswater en 'n verlaging in die piek watertoedieningstempo bewerkstellig.

Die uitdroging kan ook geleidelik oor die hele groeiseisoen geskeduleer word indien die grondprofiel met planttyd by die boonste grens van plantbeskikbare water oor die potensiële bewortelingsdiepte is (Figuur 1.3,a). Die uitdrogingstempo word dan bereken as die TO gedeel deur die lengte van die groeiseisoen (dae). Vir die voorbeeld in Figuur 1.6 sal die waarde $150/160 = 0.94 \text{ mm dag}^{-1}$ wees. In hierdie geval word slegs die ET meer as 0.94 mm dag^{-1} deur besproeiing aangevul.

Met die vol-leeg opsie kan 'n neerslag gelyk of naby gelyk aan die profielwatertekort in die wortelsone die profielwaterinhoud herstel na vol en 'n herberekening van die uitdrogingstempo kan op daardie stadium gemaak word. Hierdie opsie is nog nie deel van die BEWAB pakket nie maar kan maklik bygevoeg word.


- iii) Leeg-leeg opsie: By die volgende twee opsies waar die wortelsone met planttyd leeg, of heelwat droër as die boonste grens is, word die reserwe toedieningskapasiteit van die besproeiingstelsel in die begin van die groeiseisoen, wanneer die waterverbruik van die gewas laag is, gebruik om deur beplande oorbesproeiing die watertekort in die profiel aan te vul. Die besproeiingshoeveelheid per siklus vanaf plant word dan deur die aanvullingshoeveelheid plus die kumulatiewe ET bepaal. Die aanvullingstempo word bereken deur die profielwatertekort deur die aantal dae vanaf plant tot die eerste dag van piekverbruik te deel, bv. $150/55 = 2.73 \text{ mm dag}^{-1}$ vir die voorbeeld in Figuur 1.6. Die daaglikse besproeiingsbehoefte vanaf plant tot dag 55 is dus die ET plus die aanvullingstempo. Vanaf dag 55 word die vol-leeg prosedure gevolg. Die leeg-leeg opsie (Figuur 1.5) het die voordeel dat reënval optimaal benut kan word omdat die maksimum opgaringskapasiteit in die grondprofiel sodoende verseker word. 'n Periode van hoë reënval kan die profiel na vol herstel sodat een van die begin vol opsies verder gevolg kan

word. 'n Nadeel is dat die hoë besproeiingshoeveelhede vroeg in die groeiseisoen moontlik oormatige groei en/of stikstofverwydering tot gevolg kan hê.


- iv) Leeg-vol opsie: Die leeg-vol opsie sal slegs in uitsonderlike gevalle gebruik word waar die opvolgende gewas moontlik droëland verbou of aanvullend besproei gaan word. Met hierdie opsie word die leeg-leeg opsie vanaf plant tot die eerste dag van piekverbruik gevolg en die vol-vol opsie daarna (Figuur 1.5).

Insette: Die BEWAB program (Bennie *et al.* 1988) is op die beginsels wat sover bespreek is, gebaseer. Die insette wat benodig word om die program te gebruik is die tipe gewas, groeiseisoenlengte, oesopbrengsmikpunt, diepte van die grond, slik-plus-klei-inhoud van elke 200 mm diepte-interval, die gekose reënopgaringskapasiteit en besproeiingsinterval.


Uitsette: Die program verskaf 'n uitdruk van 'n voorgestelde besproeiingskedule van besproeiingsbehoefte teenoor dae na plant vir die verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies, die beraamde TO en die piek watertoedieningstempo. Om gebruikersvriendelikheid te verseker is die program tans baie rigied en eenvoudig hoewel dit inherent baie kragtig is en meer uitsette kan verskaf.




Figuur 1.2 Hipotetiese voorstelling van hoe die profielwatertekort tydens die vol-vol opsie aangevul word.




Figuur 1.3 Hipotetiese voorstelling van hoe die profielwatertekort tydens die vol-leeg opsie aangevul word.



Figuur 1.4 Hipotetiese voorstelling van hoe die profielwatertekort tydens die leeg-leeg opsie aangevul word.



Figuur 1.5 Hipotetiese voorstelling van hoe die profielwatertekort tydens die leeg-vol opsie aangevul word.



Figuur 1.6 'n Voorbeeld van hoe die waterverbruikskurwe aangewend kan word om die begin en einde van die piekwaterbehoefte periode vir 'n grond met 'n TO van 150 mm en 'n gewas met 'n piekwaterbehoefte van 10 mm dag⁻¹ te bereken.

Die program is reeds goed onder optimum toestande en oesopbrengsmikpunte getoets en word reeds deur baie boere gebruik. Die doel met hierdie ondersoek is om die werking en toepaslikheid van die program by oesopbrengsmikpunte laer as die optimum te toets.

1.2 Doel van die ondersoek

Toenemende tekorte in die voorraad besproeiingswater, noodsaak studies oor metodes om die waterverbruiksdoeltreffendheid te verbeter. Om hierin te slaag, is dit noodsaaklik om te verseker dat die advies wat aan boere verskaf word, vooraf deeglik geverifieer word. Verifiëringseksperimente met koring (Van Rensburg, Bennie & Walker, 1995) het aangetoon dat BEWAB onder optimum besproeiingstoestande goed funksioneer. Dit is reeds bekend dat die voorkoms en duurte van plantwaterstremming by plante van omgewingstoestande en die waterhouvermoë van gronde afhanklik is. Die effek van plantwaterstremming is ook verder van die groeistadium waarin die stremming voorkom, afhanklik (Hanks & Rasmussen, 1982; Stegman, 1983). Volgens Harder, Carlson & Shaw (1982) en Turner (1986) beskik plante oor die vermoë om by besproeiingskeduleringswyses te kondisioneer. Daar is egter te min inligting beskikbaar om 'n behoorlike verklaring vir die aanpassingsverskynsels van plante onder suboptimale watervoorsieningstoestande te bied (Rhoads & Bennett, 1990). Die oorhoofse doel van hierdie projek is om al die bestuursopsies van die BEWAB model vir koring, mielies, grondbone, aartappels en erte te toets. Hierdie opsies bestaan uit drie verskillende besproeiingsintervalle en vier verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies, wat by twee situasies getoets sal word, naamlik voldoende en beperkte watervoorsieningstoestande. Daar sal gepoog word om verklarings te vind vir vroeë soos: (i) Kan 'n boer vir 'n spesifieke oesopbrengs besproei onder toestande van beperkte watervoorraad, m.a.w. kan vooraf-geprogrammeerde tekortbesproeiing suksesvol aangewend word om die voorkoms en graad van plantwaterstremming te beheer? (ii) Wat is die verwantskap tussen oesopbrengs en besproeiingsinterval? (iii) Hoe geldig is die profielwaterinhoud bestuursopsies wat in BEWAB gebruik word? (iv) Hoe word die verskillende opbrengskomponente van plante deur die verskillende bestuursopsies beïnvloed, en waarom word dit beïnvloed? Met bogenoemde vroeë in gedagte, is die volgende doelstellings vir die projek geformuleer:

1. Die verifiëring van die verskillende besproeiingsopsies van die BEWAB besproeiingskeduleringsprogram ten opsigte van, eerstens, verskillende voor-plant profielwaterinhoud en, tweedens, ten opsigte van besproeiingsintervalle.
2. Die kwantifisering van aanpassings in loof- en wortelontwikkeling van plante a.g.v. geprogrammeerde tekortbesproeiing.
3. Bepaling van die effek van verskillende voor-plant profielwaterinhoudspeile op die evapotranspirasietempo en ontwikkeling van gewasse by twee oesopbrengsmikpunte.
4. Die bepaling van die mees geskikte besproeiingsinterval vir 'n spesifieke opbrengs en die insluiting van hierdie aanbeveling in die BEWAB besproeiingsprogram.

HOOFSTUK 2

BEWAB INSETPARAMETERS VIR AARTAPPELS EN ERTE

2.1 Inleiding

Met die aanvang van die projek was aartappels en erte nie in die BEWAB program opgeneem nie omrede die benodigde insetparameters nie beskikbaar was nie. 'n Aparte veldeksperiment moes uitgevoer word om die benodigde insette te bepaal, alvorens daar met die hoofdoel van die projek, naamlik verifiëring, voortgegaan kon word. Hierdie gedeelte van die projek word kortweg die BEWAB uitbreidingsproef genoem.

Die benodigde insette is die oesopbrengs-waterverbruiksfunksies (Afdeling 2.3.1), daaglikse waterbehoeftekurwes (Afdeling 2.3.2) en sekere wortelgroeiparameters (Afdeling 2.3.3). Laasgenoemde parameters word hoofsaaklik vir berekening van die grond-wortel konduktansiekoëffisiënt (Afdeling 2.3.4.2) benodig.

2.2 Materiaal en metodes

2.2.1 Ligging

Alle data wat in hierdie studie gebruik is, is op die proefferrein van die Departement Grondkunde aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat versamel. Die proefferrein is sowat 12 km noordwes van Bloemfontein, langs die Tempe lughawe op onderverdeling 19 van die plaas Kenilworth geleë (26°08'50" breedtegraad, 29°01'00" lengtegraad).

2.2.2 Grondeienskappe

'n Grond van die Bainsvleivorm, Amaliafamilie, fynsand Bv3200 met 'n gemiddelde diepte van 1.8 m tot op 'n kleilaag kom hier voor (Grondklassifikasiewerkgroep, 1991). Die tekstuurontleding van die grond word in Tabel 2.1 uiteengesit.

Tabel 2.1 Deeltjiegrootteverspreiding van die onderskeie grondlae

Diepte (mm)	Growwe Sand(%)	Medium Sand (%)	Fyn Sand(%)	Slik (%)	Klei (%)
0 - 300	0.30	8.92	83.28	2.00	8.00
300 - 600	0.16	6.60	77.76	4.00	14.00
600 - 900	0.16	5.42	78.42	3.00	14.00
900 - 1200	0.14	6.76	76.18	2.00	14.00
1200 - 1500	0.12	5.48	76.78	3.00	14.00
1500 - 1800	0.16	5.28	77.68	4.00	14.00
1800 - 2100	0.32	5.92	65.00	4.00	24.00
2100 - 2400	0.14	5.80	67.98	4.00	22.00
2400 - 2700	0.10	4.94	72.96	4.00	18.00
2700 - 3000	0.10	5.46	74.02	2.00	16.00

Ander profieleienskappe is soos volg:

- A-horison: 5 YR 3/3, donker rooibruin, apedaal, enkelkorrelrig, los, oorgang duidelik.
- B-horison: 5 YR 4/6, geelrooi, apedaal massief, brokkelrig, seldsame medium Fe/Mn nodules, oorgang geleidelik.
- C-horison: 7.5 YR 5/8, sterkbruin, swak medium blok, volop medium rooi, geel, bruin vlekke, volop harde en sagte Fe/Mn nodules.

2.2.3 Klimaat

Atmosferiese veranderlikes tydens die duur van die projek is met 'n outomatiese weerstasie op die proefterrein gemonitor. Waar data ontbreek het, is dit vanaf 'n ander weerstasie, sowat 8 km


vanaf die proefterrein, verkry. Laasgenoemde weerstasie word deur die Departement Landbouweerkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, in stand gehou. 'n Opsomming van die klimaatsdata tydens die duur van die proef, verskyn in Bylaag 2.1.

2.2.4 Proefuitleg

Om die insameling van 'n groot verskeidenheid data by verskillende grondwaterinhoud en watertoedieningspeile moontlik te maak, is die proefuitleg op die lynbronbesproeiingstelsel van Hanks, Keller, Rasmussen & Wilson (1976) gebaseer. Die sisteem bestaan uit 'n lyn van sprinkelaars wat op kort afstande (6.1 m) vanmekaar gespaseer is. Sodoende word uniforme watertoediening parallel aan, en weerskante van die lynbron verkry. Toedieningshoeveelhede neem geleidelik af aan weerskante van die lynbron met toenemende afstand.

Die ontwerp kriteria van Hanks *et al.* (1976) is toegepas, maar met die doel om die aantal waarnemings te verhoog, is in hierdie geval van 'n dubbele statiese lynbron besproeiingstelsel gebruik gemaak (Figuur 2.1).

Die totale oppervlakte van die area onder bespreking was sowat 0.3 ha, en dit het uit volbesproeide persele (21, 23, 25), 'n gradiënt van besproeiingstoedienings aan weerskante van die stelsel (persele 2 tot 9, en 12 tot 19) en droëland persele (1, 10, 11, 20) bestaan. Die waterbehandelings wat in die onderskeie persele toegepas is, word in Afdeling 2.2.8.1 bespreek. Persele 22 en 24 is met tydelike reënskerms toegerus, waarvan die konstruksie en aanwending in Afdeling 2.2.6 beskryf word. Binne elke perseel is 2 neutronmeter toegangsbuise tot 'n diepte van 2.7 m, en 2 reënmeters geïnstalleer. Perseelnommers en posisies van sprinkelaars word in Figuur 2.1 aangetoon. Geen onbeplante grondoppervlaktes is tussen persele gelaat nie.



Figuur 2.1 Algemene uitleg van die BEWAB uitbreidingsproef

2.2.5 Agronomiese praktyke

Daar is sover moontlik gepoog om die produksie omstandighede by elke perseel volgens die betrokke watertoedieningspeil te optimaliseer. Stikstofpeile en plantpopulasies is daarom by die afnemende watertoediening verder vanaf die lynbron aangepas. 'n Opsomming van die agronomiese praktyke verskyn in Tabel 2.2.

2.2.6 Waterweerhouding op stremmingspersele

Om die grond-wortel konduktansiekoëffisiënt (Afdeling 2.3.4.2) te kan bereken, en vir die *in situ* meting van die onderste grens van plantbeskikbare water, moes watertoediening en reën op persele 22 en 24 weerhou word. Dit is bewerkstellig deur van 4 m x 4 m tydelike plastiek reënskerms gebruik te maak. Die konstruksie van die reënskerms word volledig deur Bennie *et al.* (1988) bespreek. Om laterale in- of uitvloeï van water te verhoed, is plastiekseile tot 'n diepte van 1.2 m rondom die stremmingspersele in die grond geïnstalleer.

2.2.7 Grondparameters

2.2.7.1 Grondwaterinhoud

Alle metings is met 'n Campbell Pacific 503 DR neutronmeter geneem. Dit is direk in volumetriese waterinhoud gekalibreer en is aan die begin van die groeiseisoene teen 'n ander neutronmeter gestandaardiseer, waarna dieselfde kalibrasie vir die hele seisoen gebruik is. Twee staal toegangsbuise per perseel, is sowat 'n meter van mekaar tot 'n diepte van 2.7 m geïnstalleer. By aartappels is die toegangsbuise binne die plantrye geïnstalleer om waterverbruik, veral in die vroeë groeistadia akkurater te meet (Mackerron & Jefferies, 1987; Foroud, Lynch & Entz, 1992).

Tabel 2.2 Agronomiese praktyke vir die BEWAB uitbreidingsproef

Gewas			Winteraartappels			Someraartappels			Erte		
Grondbewerking			Dis Ploeg Skeurploeg Veertand eg			Dis Ploeg Skeurploeg Veertand eg			Dis Ploeg Skeurploeg Veertand eg		
Plantdatum			22 Januarie 1993			10 September 1994			5 Julie 1994		
Cultivar			Up-to-date			Buffelspoort			ORB		
Plantmetode			Hand			Hand			Presisieplanter		
Spasiëring	Tussen rye:		800 mm			800 mm			300 mm		
	Binne rye:	Persele 1,10,11,20	500 mm			500 mm			57 kg ha ⁻¹		
		Persele 2,9,12,19	450 mm			450 mm			60 kg ha ⁻¹		
		Persele 3,8,13,18	400 mm			400 mm			63 kg ha ⁻¹		
		Persele 4,7,14,17	350 mm			350 mm			71 kg ha ⁻¹		
		Persele 5,6,15,16	300 mm			300 mm			86 kg ha ⁻¹		
		Persele 21 tot 25	250 mm			250 mm			100 kg ha ⁻¹		
Bemesting			N P K			N P K			N P K		
	Voor plant:	Breedwerpig	40			20			44 29 15		
		Bandplasing	60	90	60	60	90	60			
	Na plant:	In besproeiings-									
		water* NO ₃	80			80			80		
		KNO ₃	40 116			40 116					
	Totaal:	220 90 176			200 90 176			124 29 15			
Plaaibestryding											
	Grondgedraagde siektes:		Temik			Temik			Behandelde saad		
	Swamsiektes:		Dithane M45 Antracol Ridomil MZ			Dithane M45			Bayfidan Bayleton		
	Insekte:		Tamaron			Tamaron					

* 'n Chemiese ontleding van die besproeiingswater het getoon dat dit sowat 25.8 mg/l nitrate bevat, en 'n waarde van 80 kg N ha⁻¹ wat op hierdie wyse aan die plante beskikbaar sou wees, is aanvaar.

Die N-peil wat deur die water toegedien is, het verder vanaf die lynbron outomaties afgeneem.

Die waterinhoud van elke perseel is weekliks op 0.3 m intervale, vanaf die grondoppervlak tot op 'n diepte van 2.4 m, gemeet. Totale waterinhoud in die profiel is met vergelyking 2.1 bereken.

$$\text{Totale waterinhoud (mm)} = \sum_{i=1}^n [\theta_i Z_i] \quad (2.1)$$

waar θ_i = volumetriese waterinhoud van laag i
 Z_i = dikte van laag i (mm)

'n Voorbeeld van die wyse waarop grondwaterinhoud data verwerk is, verskyn in Bylaag 2.2.

2.2.7.2 Grondwaterpotensiaal

Vir die berekening van profielwatervoorsieningstempo (Afdeling 2.3.4) word grondwaterpotensiaal as inset benodig. Verskeie modelle vir maklike en akkurate voorspelling van verwantskappe tussen grondwaterinhoud en grondwaterpotensiaal vanaf maklik meetbare grondparameters, is deur Van Rensburg (1988) ondersoek. Die benadering van Campbell & Campbell (1982) is na die volgende vorm aangepas:

$$\psi_g = a(\theta_{1500}/\theta)^c \quad (2.2)$$

$$= 1500(\theta_{1500}/\theta)^c \quad (2.3)$$

(by $\theta = \theta_{1500}$ is $a = 1500$)

Indien die retensiegrafiek by -10 kPa matrikspotensiaal gepas word kan die eksponent c met vergelyking 2.4 bereken word:

$$c = \frac{-5.0056}{\ln(\theta_{1500}/\theta_{10})} \quad (2.4)$$

waar ψ_g = absolute waarde van die grondwaterpotensiaal

θ_{1500} = volumetriese waterinhoud by die permanente verwelkpunt wat met vergelyking 2.5 beraam kan word ($v v^{-1}$)

θ = volumetriese waterinhoud

θ_{10} = volumetriese waterinhoud by -10 kPa grondwaterpotensiaal wat met vergelyking 2.6 bereken kan word

Goeie korrelasies tussen slik- plus kleipersentasie en waterinhoud by 'n gegewe grondwaterpotensiaal, is deur Boedt & Laker (1985), Streuderst (1985), Hutson (1986) en Van Rensburg (1988) verkry. Vergelykings 2.5 en 2.6 is vir die Sentrale- en Westelike besproeiingsgebiede aanbeveel (Van Rensburg, 1988).

$$\theta_{1500} = 0.00385 (S + K\%) + 0.013 \quad (2.5)$$

waar θ_{1500} = Volumetriese waterinhoud by -1500 kPa grondwaterpotensiaal
($v \ v^{-1}$)

$S + K$ = Slik- plus kleipersentasie


$$\theta_{10} = 0.0345 (S + K\%)^{0.611} \quad (2.6)$$

waar θ_{10} = Volumetriese waterinhoud by -10 kPa grondwaterpotensiaal

Die algemene vergelyking waarmee 'n waterretensiekurwe vir 'n grondhorison beraam kan word is dus vergelyking 2.3. Die c-eksponent in vergelyking 2.3 word met vergelyking 2.4 bereken vanaf die waterinhoude by -1500 en -10 kPa, wat onderskeidelik met vergelykings 2.5 en 2.6 vanaf die persentasie slik plus klei bereken kan word.

2.2.7.3 Boonste grens van plantbeskikbare water

Ratliff *et al.* (1983) het voorgestel dat die boonste grens van plantbeskikbare water (BGPW, mm) of die sogenaamde "drained upper limit (DUL)" vanaf *in situ* gemete dreineringskurwes afgelees word. Twee 2.7m neutronmeter toegangsbuise is 1 m van mekaar op twee plekke langs die proefperseel geïnstalleer. Walle is rondom die buise gemaak en 'n 2 x 3 m oppervlakte is benat totdat die grondprofiel oor die volle diepte versadig was. Die oppervlaktes rondom die buise is met plastiekseile bedek om verdamping te verhoed en neutronmeterlesings is daaglik tot dag 5 en daarna weeklik op 300 mm diepte-intervalle geneem. Totale waterinhoud (mm) tot 'n diepte van 1.8 m word grafies teenoor dae na versadiging in Figuur 2.2 voorgestel.



Figuur 2.2 Dreineringskurwe en -vergelyking vir bepaling van die boonste grens van plantbeskikbare water

Dreinerings het ongeveer tot op dag 61 voortgeduur, en die totale waterinhoude (mm) op dag 61, van die onderskeie lae, verskyn in Tabel 2.3.

Tabel 2.3 Boonste grens van plantbeskikbare water vir die onderskeie grondlae

Diepte (mm)	Dreineringskurwe [mm (300 mm) ⁻¹]	BEWAB [mm (300 mm) ⁻¹]	Dreineringskurwe (Kumulatief, mm)	BEWAB (Kumulatief, mm)
0 - 300	60.19	50.58	60.19	50.58
300 - 600	71.32	61.68	131.51	112.26
600 - 900	67.46	60.57	198.97	172.83
900 - 1200	70.39	59.46	269.36	232.29
1200 - 1500	72.63	60.57	341.99	292.86
1500 - 1800	78.67	61.68	420.66	354.54
1800 - 2100	81.83	72.78	502.49	427.32
2100 - 2400	82.11	70.56	584.60	497.88

Uit Tabel 2.3 kan gesien word dat die *in situ* bepaalde waardes van die BEWAB-voorspelde waardes verskil. Die *in situ* bepaalde waardes is in hierdie studie as boonste grens waardes geneem.

2.2.7.4 Onderste grens van plantbeskikbare water

Volgens Bennie (1995) word die mees aanvaarbare waarde vir die onderste grens van plantbeskikbare water (OGPW) deur *in situ* metings verkry. Die OGPW is as volg bepaal: Die twee stremmingspersele (22 en 24) het aanvanklik dieselfde besproeiingsbehandelings as die nat verwysingspersele (persele 21, 23 en 25) ontvang. Sodoende is verseker dat goeie wortelontwikkeling plaasvind voordat die gewasse aan stremming onderwerp is. Vanaf die laat vegetatiewe stadium (volledige blaardakontwikkeling) is alle reën en besproeiing met behulp van tydelike reënskerms weerhou. Die verandering in grondwaterinhoud is gereeld in 300 mm intervalle tot 'n diepte van 2.4 m gemeet. Terselfdertyd is die blaarwaterpotensiaal van die jongste volgroeide blaar wat tussen 12:00 en 14:00 ten volle aan die son blootgestel was, met 'n Scholander drukkamer gemeet. Om die dag waarop plantwaterstremming ingetree het te bepaal, is van vier parameters gebruikgemaak. Eerstens is die punt waar die evapotranspirasie van die stremmingspersele drasties kleiner as dié van die nat verwysingspersele geword het, as aanduiding gebruik. Tweedens is die blaarwaterpotensiale van die stremmingspersele met die van die verwysingspersele vergelyk, en derdens is kritieke blaarwaterpotensiale uit die literatuur as riglyn gebruik. 'n Kritieke blaarwaterpotensiaal van -1050 kPa wat deur Rutherford & De Jager (1975) vir aartappels-, en 'n waarde van -1850 kPa wat deur Bennie *et al.* (1988) by erte aangeteken is, is as riglyn gebruik. In die vierde plek is visuele stremmingsimptome as 'n aanduiding van ernstige plantwaterstremming gebruik. Die waterinhoud (mm) van die bewortelde profiel op die dag waarop plantwaterstremming ingetree het, is as die onderste grens van plantbeskikbare water geneem.

2.2.7.5 Toelaatbare onttrekking van die wortelsone

Die toelaatbare onttrekking (TO) sal toeneem met 'n toename in die effektiewe worteldiepte. In hierdie studie is aanvaar dat die TO op die plantdatum nul is, en dat dit daarna met toenemende bewortelingsdiepte toeneem tot 'n maksimum waarde op die dag wanneer maksimum

worteldiepte bereik word ($D_{\max}$, Afdeling 2.3.3). Die worteldiepte waaroor die TO met verloop van die groeiseisoen bereken is, is bereken deur van die wortelindringingstempo (WIT, Afdeling 2.3.3) gebruik te maak (Vergelyking 2.21). Die maksimum TO-waarde is bereken as die verskil tussen die boonste (Afdeling 2.2.7.3) en onderste (Afdeling 2.2.7.4) grense van plantbeskikbare water op die dag waarop stremming ingetree het.

2.2.8 Komponente van die grondwaterbalans

2.2.8.1 Reën en besproeiing

Besproeiing het op so 'n wyse geskied dat die gemiddelde totale grondwaterinhoud van persele 21, 23 en 25 deurentyd so naby as moontlik aan 'n "vol" waarde gehou is. Hierdie waarde is as die *in situ* gemete boonste grens van plantbeskikbare water (Afdeling 2.2.7.3) tot 'n diepte van 1.8 m minus 'n gereserveerde reënopgaringskapasiteit (40 mm) geneem ($420 \text{ mm} - 40 \text{ mm} = 380 \text{ mm}$). Die toedieningshoeveelhede wat die res van die persele ontvang het, het reglynig afgeneem met toenemende afstand vanaf die sprinkelaars. Om die moontlike nadelige effek van wind op die doeltreffendheid van die stelsel te beperk, is alle besproeiings gedurende die nag of vroeë oggend gedoen teen die aanbevole werksdruk van die sprinkelaars. Die Nelson F33 sprinkelaartipe met uitlate van onderskeidelik 2.4 en 4.8 mm op staanpype van 1.5 m hoog, is gebruik. Die hoeveelheid reën en besproeiing is in elke perseel met twee reën timers gemeet wat deur die groeiseisoene van die gewasse by die hoogte van die blaredak aangepas is. Die besproeiingshoeveelhede wat in die onderskeie persele toegedien is, is uitgedruk relatief tot die hoeveelheid wat persele 21, 23 en 25 ontvang het, en word in Tabel 2.4 verstrek.

Tabel 2.4 Verspreidingspatroon van die lynbron besproeiingstelsel

Perseel nrs.	Afstand (m)	Relatiewe toediening
5, 6, 15, 16	2.40	0.69
4, 7, 14, 17	5.60	0.52
3, 8, 13, 18	8.80	0.40
2, 9, 12, 19	12.00	0.18
1, 10, 11, 20	16.80	0.00

2.2.8.2 Afloop

Besproeiing is nooit vir langer as 'n uur aaneenlopend gedoen nie, om opdamming en afloop van besproeiingswater te verhoed. Vir alle berekeningsdoeleindes is afloop as weglaatbaar klein beskou.

2.2.8.3 Perkolاسie

In hierdie studie is alle berekenings van perkolاسie op die definisie van Stegman (1983) gebaseer: Perkolاسie is die waterverlies uit die wortelsone deur afwaartse vloei (+), of die wins deur opwaartse vloei (-) na die wortelsone. Die perkolاسietempo en hoeveelheid water wat dieper as die bewortelingsdiepte dreineer is 'n funksie van die waterinhoud van die wortelsone en die horison met die laagste hidrouliese geleivermoë (Black, Gardner & Thurtell, 1969). Om hierdie funksie te bepaal is die verwantskap tussen die profielwaterinhoud en perkolاسietempo *in situ* bepaal en soos in Afdeling 2.2.7.3 beskryf is (Bennie, Hoffman, Coetzee & Vrey, 1994).

Die totale profielwaterinhoud (W , mm) is as 'n funksie van tyd, nl. dae na benatting (t , dae), gestip. Die semilogaritmiiese funksie ($W = a + b \ln t$) het die beste passing deur die datapunte gegee (Figuur 2.2). Hierdie funksie is gebruik om die dreinerings tempo (DR , mm dag⁻¹) tussen opeenvolgende dae te bereken. Die ooreenstemmende geweegde gemiddelde volumetriese waterinhoud van die profiel vir elke dag of periode is met vergelyking 2.7 bereken.

$$\theta_d = \frac{\sum_{i=2}^n [\theta_i z_i]}{\sum_{i=2}^n z_i} \quad (2.7)$$

waar θ_d = geweegde gemiddelde volumetriese waterinhoud ($v \ v^{-1}$) van laag 2 (300 mm) tot n op dag d

θ_i = volumetriese waterinhoud van laag i ($v \ v^{-1}$)

z_i = dikte van laag i (300 mm)

Omdat die vergelykings gebruik gaan word om perkolasie onder onbedekte toestande te beraam is die waterinhoud van die 0 tot 300 mm sone, waaruit verdamping plaasvind, by die berekening van die gemiddelde θ uitgesluit.

Die verwantskap tussen die perkolasietempo (PT , mm dag^{-1}) en die geweegde gemiddelde volumetriese waterinhoud (θ) is deur regressie bepaal en die beste passing is met die funksie $PT = ae^{b\theta}$ gekry. Die koëffisiënte vir die perkolasietempofunksie van die proefterrein word in Vergelyking 2.8 verstrek.

$$PT_{2400} = 8.9157 \times 10^{-23} \cdot e^{196.472\theta} \quad (r^2 = 0.99) \quad (2.8)$$

Inspeksie van waterinhoudlesings en bewortelingsdigthede wat gedurende die groeiseisoene geneem is, het getoon dat wateronttrekking en wortels meestal tot 'n diepte van 1.8 m voorgekom het.

Met beraming van die perkolasie van oortollige water uit die bewortelingsone is die volgende aannames gemaak:

- (i) Dat die perkolasie wat met vergelyking 2.8 bereken word finaal vir plantproduksie verlore is.
- (ii) Dat daar 'n buffersone tussen die diepte van aktiewe wateronttrekking gedurende die groeiseisoen (1800 mm), en die diepte van finale waterverlies (2400 mm) bestaan. Die water binne die buffersone kan na afwaartse beweging verlore of deur opwaartse beweging beskikbaar raak vir plantproduksie

Die perkolasiekomponent (P , mm) van die waterbalansvergelyking is gevolglik met vergelyking 2.9 gedurende die groeiseisoen bereken

$$P_{1800} = \Delta W_{2400} - \Delta W_{1800} + (PT_{2400} \times \Delta t) \quad (2.9)$$

- Waar P_{1800} = Perkolasië dieper as die wortelsone (mm) oor 'n tydperk Δt (dae)
- ΔW = Verandering in profielwaterinhoud (mm) oor die spesifieke diepte (mm) wat as onderskrif gebruik is oor die periode Δt .
- PT_{2400} = Perkolasië tempo (mm dag^{-1}) dieper as 2400 mm, wat met vergelyking 2.8 bereken word.
- Δt = Tydperk tussen opeenvolgende metings (dae)

Om perkolasiëverliese dieper as 2.4 m (oorbesproeiing, mm) te bereken is van vergelyking 2.10 gebruik gemaak.

$$\text{Oorbesproeiing} = PT_{2400} \times \Delta t \quad (2.10)$$

2.2.8.4 Evapotranspirasie

Die evapotranspirasietempo (ET , mm dag^{-1}) gedurende die groeiseisoene is met vergelyking 2.11 bereken (Bennie *et al.*, 1994).

$$ET = \frac{R + B - \Delta W_{1800} - P_{1800}}{\Delta t} \quad (2.11)$$

- waar R = Reënval tussen metings gedurende die groeiseisoen (mm)
- B = Besproeiing tussen metings gedurende die groeiseisoen (mm)
- ΔW_{1800} = Verandering in profielwaterinhoud (mm) tussen metings waar 'n verhoging in profielwaterinhoud met 'n "+" en 'n verlaging in profielwaterinhoud met 'n "-" aangedui word
- P_{1800} = Perkolasië (mm) tussen metings waar perkolasiëverliese uit die wortelsone met 'n "+" en opwaartse perkolasië vanuit die buffersone met 'n "-" aangedui word
- Δt = Aantal dae tussen metings

2.2.9 Plantgroeiparameters

2.2.9.1 Wortelontwikkeling

Wortelmonsters is vier keer deur die groeiseisoen van die gewasse, met die buismetode geneem. Duplikaat grondkerne is telkens in persele 11 tot 20, asook perseel 25 op 300 mm diepte intervale tot 'n diepte van 1.8 m geneem. Die wortels en grond is geskei deur die monsters op 'n 0.5 mm sif te plaas en dit sorgvuldig met water deur die sif te was. Die wortellengte per monster is met 'n gemodifiseerde infrarooi wortellyninterseksieteller, soos beskryf deur Rowse & Phillips (1974), gemeet.

Alle relevante wortelgroeiparameters is vanaf hierdie data bereken en elke parameter word in Afdeling 2.3.3 afsonderlik bespreek.

2.2.9.2 Oesopbrengs

'n Oppervlakte van 8 m² (5 m x 1.60 m) is in elke perseel rondom die neutronmeter toegangsbuise na afloop van die groeiseisoene geoes. Die saad of knolle is geweeg en die massas is na kg ha⁻¹ omgeskakel.

2.3 Resultate en bespreking


2.3.1 Oesopbrengs-waterverbruiksfunksies

Die kumulatiewe waterverbruik en knol- of graanopbrengs van someraartappels (September aanplanting), winteraartappels (Januarie aanplanting) en groen droë-erte is in die lynbronproef gemeet. Die resultate word in Tabel 2.5 verstrek.


Tabel 2.5 Waterverbruik (mm) en oesopbrengs (kg ha⁻¹) vir someraartappels (September aanplanting), winteraartappels (Januarie aanplanting) en groen droë-erte

Perseel nr.	Aartappels (Sept.)		Aartappels (Jan.)		Erte	
	mm	kg ha ⁻¹	mm	kg ha ⁻¹	mm	kg ha ⁻¹
1	216	2498	326	25710	146	873
2	303	16389	406	33730	199	1336
3	358	23411	432	43373	279	2049
4	363	37905	463	40828	371	2544
5	420	35855	465	50902	368	2810
6	397	35511	480	54438	334	2701
7	352	18679	468	43373	320	2233
8	351	17962	427	34231	303	2277
9	253	10825	342	30769	264	2027
10	204	1428	313	24112	146	788
11	202	2477	310	22944	156	685
12	218	7077	374	31612	244	2030
13	294	19668	437	38047	288	1532
14	374	38897	472	46775	315	2570
15	448	42092	497	50529	318	2343
16	428	49685	478	46302	349	2462
17	370	35111	455	43787	346	2279
18	377	26273	444	45710	269	2121
19	316	13641	414	40089	205	1532
20	205	2595	323	23373	152	1201
21	532	54776	571	63500	399	3086
23	493	54591	536	58540	409	3100
25	495	51751	532	55950	386	2710


Oesopbrengs is teenoor totale evapotranspirasie geplot en die resultate word grafies in Figure 2.3 (someraartappels), 2.4 (winteraartappels) en 2.5 (groen droë-erte) aangetoon.



Figuur 2.3 Knolopbrengs-waterverbruiksfunksie vir someraartappels (September-aanplanting)



Figuur 2.4 Knolopbrengs-waterverbruiksfunksie vir winteraartappels (Januarie-aanplanting) en gesamentlike funksie vir beide aanplantings



Figuur 2.5 Graanopbrengs-waterverbruiksfunksie vir groen droë-erte

Die reglynige verwantskap is in ooreenstemming met die bevindings van Bennie *et al.* (1988) ten opsigte van koring, mielies, grondbone en katoen. Geringe verskille tussen die funksies vir somer- en winteraartappels kan aan die verskil in die grondwaterverdampingskomponent (x-afsnit) toegeskryf word. Geen betekenisvolle hellingsverskil het voorgekom nie. Die verwantskappe in Figure 2.3 tot 2.5 maak dit moontlik om die totale waterbehoefte van die onderskeie gewasse by beplande oesopbrengsmikpunte te bereken. In Hoofstuk 4 word meer volledig ondersoek na die geldigheid van die voorgestelde vergelykings ingestel.

2.3.2 Daaglikse waterbehoeftekurwes

Gemiddelde daaglikse waterverbruik van die gewasse is deur die groeiseisoen, op gereelde basis met vergelyking 2.11 bereken.

Om die korttermyn variasie uit die data te verwyder, is die datapunte met die volgende vergelyking aangepas:

$$Y_n = 0.25Y_{n-1} + 0.5Y_n + 0.25Y_{n+1} \quad (2.12)$$

waar Y_n = daaglikse waterverbruikstempo op dag n

'n Derde orde polinomiese vergelyking in die volgende vorm is daarna deur die datapunte gepas:

$$Y = A + BX + CX^2 + DX^3 \quad (2.13)$$

waar Y = waterverbruikstempo (mm dag⁻¹)
 X = dae na plant

Die regressiekoeffisiënte vir vergelyking 2.13 word in Tabel 2.6 verstrek.

Tabel 2.6 Regressiekoeffisiënte vir die daaglikse waterbehoeftekurwes van die onderskeie gewasse

Gewas	A	B	C	D	r ²
Someraartappels	-0.063470	-0.088117	0.003375	-0.000020	0.94
Winteraartappels	-0.122856	0.132546	-0.000947	-0.0000003	0.92
Droë-erte	0.329800	-0.045600	0.002066	-0.000013	0.92

Die polinomiese vergelyking is gebruik om die daaglikse waterbehoefte vir 10-dag intervale te bereken. Hierdie waardes is met vergelyking 2.14 na relatiewe gewaswaterbehoeftewaardes omgeskakel.

$$Y_{rel} = Y/Y_{maks} \quad (2.14)$$

waar Y_{rel} = relatiewe gewaswaterbehoefte
 Y = werklike gewaswaterbehoefte (mm dag⁻¹)
 Y_{maks} = maksimum gewaswaterbehoefte (mm dag⁻¹)

Die relatiewe waterbehoefte wat op hierdie wyse bereken is word in Tabel 2.7 verstrek.

Tabel 2.7 Relatiewe daaglikse waterbehoefte van die onderskeie gewasse

Dae na plant	Someraartappels	Winteraartappels	Droë-erte
0	0.00	0.00	0.00
10	-0.12	0.25	0.02
20	-0.12	0.49	0.04
30	-0.04	0.68	0.12
40	0.11	0.83	0.26
50	0.29	0.93	0.42
60	0.49	0.99	0.60
70	0.69	1.00	0.76
80	0.85	0.97	0.90
90	0.96	0.89	0.98
100	1.00	0.76	1.00
110	0.94	0.59	0.93
120	0.75	0.37	0.76
130	0.43	0.10	0.45

Derde-orde polinomiese regressies is op die relatiewe waardes uitgevoer, en die koëffisiënte waarmee die relatiewe waterbehoefte op 'n spesifieke dag na plant bereken kan word, word in Tabel 2.8 verstrek.

Tabel 2.8 Derde-orde polinomiese regressiekoëffisiënte vir berekening van relatiewe waterbehoefte vanaf dae na plant vir someraartappels, winteraartappels en droë-erte

Gewas	A	B	C	D
Someraartappels	-0.00321429	-0.01746000	0.00065867	-0.0000038374
Winteraartappels	-0.00757323	0.02884100	-0.00019551	-0.0000001572
Droë-Erte	0.02731100	-0.00861962	0.00048605	-0.0000030318

Vir meer akkurate voorspelling van relatiewe ET tydens die eerste gedeelte van die groeiseisoen, is van 'n lineêre funksie in die vorm $Y = BX$ gebruik gemaak. Die oppervlaktes (dae) onder elk van die kurwes, wat benodig word om die relatiewe waterbehoefewaardes na werklike waardes om te skakel, is deur integrasie bepaal. Die B-waardes, tydperk van lineêre ET toename (LIND) asook die oppervlakte onder die kurwes (A, dae) word in Tabel 2.9 verstrek.

Tabel 2.9 Koëffisiënte vir berekening van relatiewe daaglikse evapotranspirasie vir die eerste gedeelte van die groeiseisoen

Gewas	B	LIND (dae)	A(dae)
Someraartappels	0.003	40	65
Winteraartappels	0.024	20	91
Droë-erte	0.007	40	74

Die relatiewe waterbehoeftekurwes word in Figuur 2.6 vir someraartappels, Figuur 2.7 vir winteraartappels en Figuur 2.8 vir droë-erte geïllustreer.

Die werklike waterbehoefte vir 'n spesifieke dag (Y_x) kan met vergelyking 2.17 bereken word.


$$Y_x = Y_{relx} (W/A) \quad (2.17)$$

waar W = Kumulatiewe waterbehoefte deur die groeiseisoen (mm) wat met die vergelykings in Figure 2.3 tot 2.5 by 'n verwagte oesopbrengs bereken kan word.


A = Oppervlaktewaardes in Tabel 2.9 (dae).

Y_{relx} = Relatiewe waterbehoefte vir dag x wat met die koëffisiënte in Tabelle 2.8 en 2.9 bereken kan word.


Die gekombineerde gebruik van vergelykings 2.16 en 2.17 maak dit moontlik om die verwagte daaglikse gewaswaterbehoeftekurwe oor die groeiseisoen, vir 'n sekere oesopbrengsmikpunt te bereken.



Figuur 2.6 Verandering in die relatiewe daaglikse waterbehoefte van someraartappels met 'n 130 dae na plant groeiseisoenlengte



Figuur 2.7 Verandering in die relatiewe daaglikse waterbehoefte van winteraartappels met 'n 120 dae na plant groeiseisoenlengte



Figuur 2.8 Verandering in die relatiewe daaglikse waterbehoefte van droë-erte met 'n 130 dae na plant groeiseisoenlengte

2.3.3 Wortelgroeiparameters

2.3.3.1 Inleiding

'n Gewysigde Gerwitz & Page wortelverspreidingsmodel (Gerwitz & Page, 1974; Bennie *et al.*, 1988) word in BEWAB gebruik om wortelgroei en -verspreiding gedurende die groeiseisoen te simuleer. Die model benodig sekere empiriese koëffisiënte as inset, en maak dit moontlik om die profielwatervoorsieningstempo (PWVT, Afdeling 2.3.4), stremmingsindeks (SI, Afdeling 2.3.4.1) en TO op enige dag gedurende die groeiseisoen te bereken. Die benodigde insette wat bereken is, verskyn in Tabel 2.10 en word vervolgens bespreek.

Tabel 2.10 Wortelgroeiparameters vir gebruik in BEWAB

Parameter	Someraartappels	Winteraartappels	Erte
A	0.000532	0.000861	0.000250
B	-0.020003	0.020358	-0.002336
C	0.000626	-0.000034	0.000241
D	-0.000003	-0.000001	-0.000001
$L_{\max}$ (mm mm ⁻²)	3.63	4.24	2.72
WIT (mm dag ⁻¹)	16.51	24.00	12.70
$D_{\max}$ (dag)	109	75	120
R_d	0.67	0.67	0.80

2.3.3.2 Totale wortellengte per eenheid grondoppervlakte (L)

Die wyse waarop wortelontwikkeling gemeet is, is in Afdeling 2.2.9.1. bespreek. Om 'n vergelyking te verkry waarmee die verandering in wortellengte per eenheid grondoppervlakte of wortellengte-indeks (L , mm mm⁻²) oor die groeiseisoen voorspel kan word, is die data op dieselfde wyse as gemiddelde daaglikse waterverbruik (Afdeling 2.3.2) verwerk. Dit behels aanpassing van die data om korttermyn variasie uit te skakel, passing van 'n derde-orde polinoomfunksie, berekening van L vir 10-dag intervale, omskakeling van die werklike waardes na relatiewe waardes en passing van 'n derde-orde polinoomfunksie deur die relatiewe waardes. Die verandering in die relatiewe wortellengte-indeks gedurende die groeiseisoen kan bereken word deur die koëffisiënte in Tabel 2.10 in Vergelyking 2.19 te gebruik.

$$L_{rel} = A + BX + CX^2 + DX^3 \quad (2.19)$$

Dieselfde koëffisiënte kan in vergelyking 2.20 gebruik word om die wortellengte-indeks (L_x , mm mm⁻²) op 'n spesifieke dag na plant (x) te bereken.

$$L_x = L_{maks} (A + BX + CX^2 + DX^3) \quad (2.20)$$

waar L_{maks} = maksimum wortellengte indeks wat gedurende die groeiseisoen bereik is

2.3.3.3 Wortelindringingstempo

Die gemiddelde tempo waarteen die bewortelingsdiepte gedurende die groeiseisoen toeneem het, nl. die wortelindringingstempo (WIT, mm dag⁻¹) is vir elke gewas bereken en word in Tabel 2.10 verstrek. Aangesien die invloed van tekstuur, KAV en brutodigtheid op die WIT nie tydens hierdie studie gekwantifiseer is nie, is 'n konstante WIT aanvaar. WIT is bereken deur die maksimum diepte (mm) waarop wortels aangetref is, te deel deur die aantal dae na plant waarop die wortels hierdie diepte bereik het (D_{max}). Vir aartappels en erte was die maksimum dieptes 1800 mm en 1500 mm onderskeidelik. Die diepte waaroor die TO (mm) van die wortelsone gedurende die groeiseisoen bereken word, is direk van die wortelindringingstempo afhanklik. Aangesien WIT nul is vanaf D_{max} , sal TO teen 'n konstante tempo vanaf opkoms toeneem tot op D_{max} , waarna dit 'n maksimum waarde bereik wat konstant bly vir die res van die groeiseisoen. Die bewortelingsdiepte (Z_x , mm), asook die diepte waaroor TO bereken word vir 'n spesifieke dag (x) kan met vergelyking 2.21 bereken word.

$$\begin{aligned} Z_x &= x \cdot \text{WIT} & (x < D_{max}) \\ Z_x &= D_{max} \cdot \text{WIT} & (x \geq D_{max}) \end{aligned} \quad (2.21)$$

Die lae WIT van someraartappels, in vergelyking met die van winteraartappels, is aan laer grondtemperatuur tydens die eerste helfte van die groeiseisoen (September tot Oktober) te wyte.

2.3.3.4 Wortelverspreiding

Die subroetine in BEWAB waarmee wortelverspreiding met diepte bereken word benodig 'n wortelverspreidingskonstante (f_x). Om f_x te kan bereken moet die relatiewe diepte waarbinne 90% van die totale wortellengte voorkom (R_d), bekend wees. Die R_d waardes vir aartappels en erte word in Tabel 2.10 verstrek. Alhoewel die maksimum worteldieptes wat bereik is tussen aartappels en erte verskil het (1800 mm teenoor 1500 mm) was die dieptes (mm) waarbinne 90% van die wortels aangetref is, dieselfde, naamlik 1200 mm. Vir hierdie dieptes is f_x bereken as 0.67 en 0.8 vir aartappels en erte onderskeidelik.

2.3.4 Berekening van die potensiële profielwatervoorsieningstempo

2.3.4.1 Inleiding

Die vloeisisteem van wateropname deur plantwortels, word deur Philip (1966) as 'n dinamiese fisiese kontinuum, wat in 'n aanvraag- en 'n voorsieningskomponent verdeel kan word beskryf. Heersende atmosferiese toestande beheer die daaglikse aanvraag, en in kombinasie met blaardakeienskappe kwantifiseer dit die evapotranspirasietempo of aanvraagskomponent. Die voorsieningskomponent van die vloeisisteem, word deur toestande in die grond-wortelsisteem naamlik wortelverspreiding en watervoorsiening aan die wortels bepaal (Botha, Bennie & Burger, 1983). Die verhouding tussen werklike evapotranspirasie-aanvraag en potensiële watervoorsieningstempo kan gebruik word om 'n stremmingsverhouding by spesifieke toestande te bereken (Botha *et al.*, 1983).

Potensiële watervoorsiening deur 'n homogene bewortelde grondlaag (i) kan met Vergelyking 2.22 bereken word (Bennie *et al.*, 1988)

$$\text{LWVT}_i = \text{Fsr}_i \cdot \ln(\theta_i/\theta_{oi}) \cdot (\pi L v_i)^{1/2} \cdot (\psi_{gi} - \psi_p) \cdot z_i \quad (2.22)$$

waar

LWVT_i	=	watervoorsieningstempo deur laag i
Fsr_i	=	Grond-wortel konduktansiekoëffisiënt vir laag i ($\text{mm}^2 \text{ dag}^{-1} \text{ kPa}^{-1}$) (Afdeling 2.3.4.2)
$L v_i$	=	bewortelingsdigtheid ($\text{mm wortels mm}^{-3}$ grond) vir laag i
θ_{oi}	=	volumetriese grondwaterinhoud waar $\psi_g = \psi_p$
θ_i	=	volumetriese waterinhoud van laag i
ψ_{gi}	=	grondwaterpotensiaal van laag i (-kPa)
ψ_p	=	blaarwaterpotensiaal (kPa)
z_i	=	dikte van laag i (mm)

Die sommering van LWVT_i oor die totale bewortelingsdiepte, opgedeel in n lae, gee die potensiële profielwatervoorsieningstempo (PWVT) vir 'n spesifieke dag x.

$$PWVT_x = \sum_{i=1}^n LWVT_i \quad (2.23)$$

Die onderste grens van plantbeskikbare water, word in BEWAB met behulp van 'n stremmingsindeks bereken. Stremmingsindeks is die verhouding tussen evapotranspirasie (ET) en PWVT (Botha *et al.*, 1983).

$$SI_x = \frac{ET_x}{PWVT_x} \quad (2.24)$$

Die begin van grondgeïnduseerde plantwaterstremming word deur 'n stremmingsindeks wat 1 nader, aangedui. Die waterinhoud van die bewortelde profiel wanneer die $SI = 1$ verteenwoordig die onderste grens van plantbeskikbare water. Die onderste grens van plantbeskikbare water wat op hierdie wyse in BEWAB bereken word, is dus 'n dinamiese waarde wat van verskeie faktore afhanklik is (Afdeling 1.1).

2.3.4.2 Grond-wortel konduktansiekoëffisiënt

Die grond-wortel konduktansiekoëffisiënt (Fsr) is deur Botha *et al.* (1983) vanaf die Richards vergelyking vir waterbeweging onder toestande van bestendige vloed afgelei. Die wyse waarop dit afgelei is, is volledig deur Bennie *et al.* (1988) uiteengesit. Volgens Botha *et al.* (1983) bestaan daar 'n lineêre verwantskap tussen grond-wortel konduktansie en die logaritme van relatiewe grondwaterinhoud (θ_i/θ_{oi}). Fsr is as die helling van hierdie verwantskap gedefinieer. In hierdie studie is Fsr op 'n empiriese wyse in die veld gemeet, deur al die veranderlikes in vergelyking 2.22 op uitdrogingsprofile te meet. Waterweerstanding is by persele 22 en 24 toegepas soos in Afdeling 2.2.6 beskryf is, en die relevante metings is op someraartappels, winteraartappels en erte gedoen. Vergelyking 2.22 is herrangskik vir die berekening van Fsr (Vergelyking 2.25).

$$Fsr = \frac{ET/\sum_{i=1}^n [(\pi L v_i)^{1/2} \cdot \ln(\theta_i/\theta_{oi}) \cdot (\psi_{gi} - \psi_p) \cdot z_i]}{1} \quad (2.25)$$

waar ET = gemiddelde evapotranspirasie tussen metings (mm dag⁻¹)

Volgens die definisie van die stremmingsindeks is PWVT gelyk aan ET (stremmingsindeks = 1) wanneer ernstige grondgeïnduseerde plantwaterstremming waargeneem word. Die wyse waarop ernstige plantwaterstremming geïdentifiseer is, is in Afdeling 2.2.7.4 bespreek. Die gemiddelde Fsr waardes vir al die horisonte is vir elke tydsinterval oor die metingsperiode bereken. Die volgende prosedure is gevolg:

- i) Die ET-waardes is volgens die prosedure wat in Afdeling 2.2.8.4 bespreek is bereken.
- ii) Die bewortelingsdigtheid vir ongeveer die middel van die metingsperiode is gebruik.
- iii) Die werklike gemete θ_i -waardes is gebruik.
- iv) Die werklik gemete blaarwaterpotensiaal is gebruik.
- v) Die grondwaterpotensiaal vir elke laag is vanaf die grondwaterinhoud bereken soos in Afdeling 2.2.7.2 beskryf.
- vi) Die θ_{oi} -waarde is verkry deur die matrikspotensiaal gelyk aan die middag blaarwaterpotensiaal van 'n betrokke dag te stel. Dit is met Vergelyking 2.26 bereken.

$$\theta_{oi} = \theta_{1500} / \exp[(\psi_p/1500)/c_i] \quad (2.26)$$

Die gemiddelde Fsr waarde van persele 22 en 24, op die dag waarop stremming ingetree het, is as die Fsr-waarde vir die betrokke situasie geneem. Die waardes vir aartappels en erte is as 1.44×10^{-5} en 1.21×10^{-5} mm² dag⁻¹ kPa⁻¹ onderskeidelik bereken.

2.3.5 Samevatting

'n Veldeksperiment is uitgevoer waarin sekere modelinsette vir BEWAB, op empiriese wyse onder 'n lynbron besproeiingstelsel bepaal is. Die verwantskap tussen totale aartappelknol- of ertesaadopbrengs en totale evapotranspirasie is bepaal, en as lineêre verwantskappe uitgedruk. Die verandering in daaglikse waterbehoefte van die gewasse is gemeet, en met behulp van die prosedure in Afdeling 2.3.2, as relatiewe waterbehoeftekurwes uitgedruk. Laasgenoemde twee

verwantskappe kan nou in BEWAB aangewend word om die daaglikse waterbehoefte (mm) van 'n gewas, vir 'n spesifieke opbrengsmikpunt te bereken. Wortelstudies is binne sekere persele uitgevoer en die data is op so 'n wyse verwerk dat die benodigde BEWAB insette verkry, en in die model opgeneem kon word. Konduktansiekoëffisiënte en ander relevante insette vir die betrokke gewasse is bereken en in die model opgeneem, waar dit aangewend word vir berekening van potensiële profielwatervoorsieningstempo en stremmingsindeks. Toetsing van die aangepaste model, sal in die volgende hoofstukke 'n belangrike deel van die bespreking uitmaak.

HOOFSTUK 3

GEWASREAKSIE OP DIE VERSKILLENDEN WATERBESTUURSOPSIES BY HOË EN LAE OPBRENGSMIKPUNTE

3.1 Inleiding

In 'n vorige navorsingsprojek van Bennie *et al.* (1988) is daar veral klem gelê op die skedulering van besproeiing vir hoë optimale produksie. Hierdie navorsing het tot die BEWAB waterbestuursprogram gelei waarvolgens besproeiing volgens die grondwaterbalansbeginsels geskeduleer word. Die BEWAB-program bied die gebruiker verskeie keuses waarop die plantbeskikbare waterinhoud van die grond bestuur kan word. Die vier plantbeskikbare waterbestuursopsies, soos in Hoofstuk 1 opgesom, is vol-leeg, leeg-vol, vol-vol en leeg-leeg. Die program bied tans geen leiding aan die gebruiker oor die keuse van die mees geskikte interval tussen besproeiings nie. Daar is 'n interaksie in die hoeveelheid water wat per besproeiing toegedien word en die tydsverloop tussen besproeiings. Die kombinasie van die hoeveelheid water wat per besproeiing toegedien word en die interval tussen besproeiings bepaal waarskynlik die groeiaanpassings van plante. Dit is veral belangrik by situasies waar watervoorsiening beperk word soos by lae oesopbrengsmikpunte. Onder sulke toestande is dit noodsaaklik om die groeistadium van die plante in ag te neem in die besluit wanneer en hoeveel besproei moet word (Denmead & Shaw, 1960). Vir koring byvoorbeeld is die sekondêre wortelontwikkelingstadium (Bhardwaj & Wright, 1967; Patel, Singh & Prasad, 1971; Cheema, Dhingra & Gill, 1973) en die blomstadium die mees sensitiewe groeifases (Cheema *et al.* 1973; Hukkeri & Pandley, 1977). By mielies is stuifmeelstort en baardverskyning die mees sensitiewe groeifases (Musick & Dusek, 1980; Israelson & Hansen, 1962; Classen & Shaw, 1970; Nagy, Bianu & Budiu, 1972; Vincent & Woolley, 1962). Grondbone (Klepper, 1973; Rao & Srinivasulu, 1955; Singh & Sandhu, 1968) asook erte (Maurer, Ormrod & Fletcher, 1968) is baie sensitief vir plantwaterstremming gedurende die blom- en pitgroeistadiums. Aartappels is veral tydens die vroeë tot middel knolgroeistadiums sensitief vir waterstremming (Larsen, 1984; Miller & Martin, 1987; Stark & Dwelle, 1989).

Verskeie outeurs deel die siening dat plante tydens die periode van opkoms tot voor die begin van die mees sensitiewe groeistadiums, wanneer dit vegetatief ontwikkel, in staat is om by die besproeiingskedule aan te pas. Sodoende word die plante meer bestand gemaak teen die nadelige effek van plantwaterstremming tydens sensitiewe groeistadia. (Maurer *et al.*, 1968; Bhan & Dhama, 1982; Stark & McCann, 1992). 'n Egalige verspreiding van water oor die groeiseisoen is van die effektiëste metodes om plant by toestande van watertekorte te laat aanpas (Stark *et al.*, 1992). Hierdie benadering is veral belangrik by gewasse waar die kwaliteit van die oes belangrik is bv. erte, grondbone en aartappels. 'n Egalige verspreiding van die watertekort oor die groeiseisoen het 'n egalige saadvulling bv. in die geval van erte, grondbone en veral aartappels tot gevolg gehad.

Die resultate van veldproewe wat uitgevoer is om die ideale besproeiingsinterval by jaargewasse te bepaal, verskil grootliks van mekaar omdat die besproeiingsinterval deur 'n verskeidenheid faktore beïnvloed word. Die belangrikste faktore is die maksimum evapotranspirasietempo, die plantbeskikbare waterhouvermoë van die grond, die tipe gewas en veral die wortelontwikkeling daarvan (Van der Zaag & De Magante, 1985). Oor die algemeen blyk dit dat die opbrengste toeneem wanneer die periode tussen besproeiings verkort word onder optimale produksietoestande (Rhoads & Stanley, 1973 & 1975; Dallyn, 1983; Tripathi & Misra, 1984). Die optimale interval is in die algemeen gelyk aan die 50% onttrekking van die totale plantbeskikbare water in die profiel. Onder waterbeperkende toestande kan 'n groter deel van die plantbeskikbare water in die profiel tussen besproeiings onttrek word, maar dan moet 'n verlaging in opbrengs aanvaar word (Robins & Domingo, 1953).


Die doel van hierdie hoofstuk is om die effekte van : (i) drie besproeiingsintervalle, naamlik een-, twee- en drieweeklikse en (ii) die vier plantbeskikbare waterbestuursopsies, naamlik vol-leeg, leeg-vol, vol-vol en leeg-leeg op verskeie plantgroeiparameters te ondersoek.. Hierdie plantgroeiparameters sluit in saadopbrengs, totale evapotranspirasie, droëmateriaalakkumulasie, blaaroppervlakte-indeks en wortelontwikkeling wanneer daar vir 'n hoë en lae oesopbrengsmikpunt by koring, mielies, erte, grondbone en aartappels besproei word.

3.2 Materiaal en metodes

3.2.1 Proefuitleg en behandelings

Die ondersoek is uitgevoer op vyf gewasse, naamlik koring, mielies, erte, grondbone en aartappels op die proefterrein van die Departement Grondkunde, Universiteit van die Oranje-Vrystaat wat ongeveer 13 km Noordwes van Bloemfontein geleë is. Hierdie proewe is op 'n 3 m diep Bainsvlei Amalia (3200) fynsandgrond (Grondklassifikasiewerkgroep, 1991) onder 'n eentoring spilpunt met 'n oorhang gedoen. 'n Sirkelvormige proefuitleg is aanvaar waarin twee proewe gelyktydig uitgevoer is, naamlik 'n hoë opbrengsmikpuntproef (H) en 'n lae opbrengsmikpuntproef (L). Vir dié doel is die oppervlakte onder die spilpunt in twee dele oor die radius van die spilpunt verdeel. Die baan tussen 22.1 en 38.9 m op die radius is as die hoë opbrengsmikpuntproef en die baan tussen 38.9 en 57.9 m is as die lae opbrengsmikpuntproef geneem (Figuur 3.1). Die baan tussen 57.9 en 72.9 is as droëland gebruik om randeffekte te voorkom. By elk van die proewe is daar 12 waterbehandelings geskep, naamlik drie besproeiingsintervalle wat met vier plantbeskikbare waterbestuursopsies gekombineer is. Die intervale tussen besproeiings is as weekliks (1), tweeweekliks (2) en drieweekliks (3) geneem. Die besproeiingsintervalle is nie ewekansig oor die proef verdeel, nie maar dit is as konsentriese bane toegepas soos in Figuur 3.1 aangedui.

Die vier bestuursopsies vir plantbeskikbare waterinhoud, naamlik vol-leeg (VL), leeg-vol (LV), vol-vol (VV) en leeg-leeg (LL) is ewekansig toegeken. Hierdie behandelings word as segmente in Figuur 3.1 aangedui en is drie keer binne die omtrek van die spilpunt herhaal. Dit gee 'n totaal van 72 persele. "Vol" in die waterinhoudbehandelings verwys na die boonste grens van plantbeskikbare water, wat as 421 mm oor 'n gronddiepte van 1800 mm bepaal is, minus die reënopgaringskapasiteit wat as 30 mm geneem is, dus $421 - 30 = 391$ mm. "Leeg" verwys na die onderste grens van plantbeskikbare water vir 'n gronddiepte van 1800 mm en is as 269 mm vir koring, 257 mm vir mielies, 263 mm vir grondbone en 260 mm vir aartappels geneem. Dié waardes is verkry deur die maksimum toelaatbare wateronttrekking (TO) van die grond-gewaskombinasie wat as 152 mm vir koring, 164 mm vir mielies, 158 mm vir grondbone en 161 mm vir aartappels geneem is, van die boonste grens van plantbeskikbare water af te trek. Omrede



Figuur 3.1 Gekombineerde proefuitleg van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe, waar drie besproeiingsintervalle met vier plantbeskikbare waterbestuursopsies gekombineer is



Figuur 3.2 'n Voorbeeld van die plate wat by die persele geïnstalleer is en die walle wat rondom elke perseel aangebring is om afloop te beperk

die bewortelingsdiepte van erte 1.5 m was, is die boonste grens as 344 mm en die TO as 127 mm aanvaar. Die onderste grens is as 217 mm bereken.

Die hoeveelheid water wat per besproeiing by die 12 behandelings van elke proef toegedien moes word, is met die BEWAB-program voor die aanvang van die groeiseisoen bereken en word in Bylaag 3.1 vir die verskillende gewasse uiteengesit.

Die watertoedieningspatroon van die spilpunt is so ontwerp dat die spuite by elk van die drie konsentriese bane van die hoë opbrengsproef 12 mm en dié by die drie konsentriese bane van die lae opbrengsproef 6 mm by 'n loopspoed van 100% en druk van 180 kPa, lewer. Die werklike lewering van die spuite is vir elk van die ses konsentriese bane bepaal deur die hoeveelheid water per eenheid tyd te meet. Dit is gedoen deur die water vanaf die spuite met 'n plastiese kous na 'n 210 l drom te lei. Die gemete lewering vir die verskillende konsentriese bane was vir alle praktiese doeleindes gelyk aan die beplande lewering (Tabel 3.1).

Tabel 3.1 Waterlewering per besproeiingsbaan by verskillende persentasiespoedverstellings

Parameters	Besproeiingsbaan					
	H3	H2	H1	L3	L2	L1
Lewering per balk ($Q = m^3/h$)	4.6	5.7	6.0	4.4	5.4	5.0
Oppervlakte van baan (m^2)	876	1073	1270	1467	2014	2296
*Q by 100% (mm)	12.2	12.4	11.0	7.0	6.3	5.1
*Q by 50% (mm)	25.7	26.0	23.0	14.7	13.2	10.8

* Gemete omwentelingstyd by: 100% = 2.33 h
: 50% = 4.9 h

3.2.1.1 Uitvoering van die behandelings

Enkele probleme is met die akkurate uitvoering van die behandelings ondervind. Om dit toe te lig word die begin- en eindprofielwaterinhoud as watertekorte [$mm (1.8 m)^{-1}$], asook die uitvoering van die besproeiingsprogram in Bylaag 3.2 aangedui. 'n Profielwatertekort van 0 vir die begin en

eindig vol opsies is verkieslik, maar waardes van tot -20 mm is aanvaarbaar. Die toelaatbare onttrekking vir koring, mielies, grondbone en aartappels het tussen 152 en 164 mm (1.8 m)⁻¹ gevarieër met 'n gemiddeld van 159 mm. 'n Aanvaarbare begin en eindig leeg profielwatertekort sou -159 mm minus 30 mm reënopgaringskapasiteit dus -129 mm wees. Wanneer hierdie riglyn waardes met die gemiddelde gemete waardes in Bylaag 3.2 vergelyk word kan die volgende algemene opmerkings gemaak word:

- i) Die gemiddelde profielwatertekort van die persele van die behandelings wat vol moes begin, was in die meeste gevalle te droog. Een verklaring hiervoor is dat die berekende boonste grens van plantbeskikbare water (Vergelyking 1.2), wat aanvanklik gebruik is, 50 mm laer was as die gemete *in situ* waarde wat later bepaal is. Tweedens was daar moontlik laterale beweging van water vanaf vol na leë persele. Ten spyte hiervan het die volgende behandelings te droog begin:

Koring	-	H1VV en H3VV
Mielies	-	L1VL, L2VL en L1VV
Grondbone	-	L1VL, L2VL, L3VL, L1VV, L2VV en L3VV
Erte	-	L1VL, L1VV en L2VV
Aartappels	-	H1VL, H2VL, H3VL, H1VV, H2VV, H3VV, L1VL, L2VL, L3VL, L1VV, L2VV en L3VV

Met die uitvoering van al die proewe was die benatting van persele wat vol moes begin en te droog was, met behulp van sprinkelbesproeiing nie baie suksesvol nie. Die profielwaterinhoud het altyd heelwat minder toegeneem as die hoeveelheid besproeiing. Na herhaalde kontrolering van die metingsprosedures kon geen verklaring anders as laterale beweging hiervoor gevind word nie.

- ii) Die gemiddelde profielwatertekort van die persele van die behandelings wat leeg moes begin, was in die meeste gevalle droog genoeg. Die uitsonderings wat te nat begin het was:

Grondbone	-	H1LL, H2LL, H3LL, H2LV, H3LV en L3LL
Aartappels	-	H3LV

Die behandelings wat te droog begin het was:

Koring	-	L3LL
--------	---	------

Mielies	-	H1LV en L3LV
Grondbone	-	L1LV en L2LV
Erte	-	L2LL

- iii) Die profielwatertekorte waarmee die behandelings afgesluit is, is van die proefresultate afhanklik en sal in Hoofstuk 4 bespreek word. Om te bepaal of die behandelings wat vol of leeg moes begin, maar te droog was, plantwaterstremming tot gevolg kon gehad het, is die gemete waterinhoud van die wortelsone, die toelaatbare grondwateronttrekking en profielwaterinhoud as 'n funksie van dae na plant vir die verskillende behandelings en gewasse grafies voorgestel. Hierdie grafieke, wat nie in die verslag ingesluit is nie, is gebruik om die verloop van die behandelings te interpreteer. Wanneer die wortelsone waterinhoud laer as die toelaatbare grondwateronttrekking gedaal het kon plantwaterstremming die evapotranspirasie of produksie benadeel het. Opmerkings oor waar plantwaterstremming die resultate van die behandelings kon beïnvloed het, word in Bylaag 3.2 gemaak. Van die vermelde behandelings wat in die begin te droog was en tot plantwaterstremmingstoestande gelei het was:

Koring	-	H1VV en L3LL
Grondbone	-	L1VL, L3VL, L1VV, L2VV, L3VV, L1LV en L2LV
Erte	-	L1VL, L1VV, L2VV en L2LL
Aartappels	-	H3VL en L3VL

Die aanbevole en werklik besproeiingskedule word vir al die gewasse en behandelings in Bylaag 3.1 verstrekk. Opmerkings oor die afwykings wat voorgekom het word in Bylaag 3.2 verstrekk. Opmerkings oor die afwykings in die besproeiingskedules wat verdere toeligting vereis, is die oorbesproeiing wat by die lae opbrengsproef voorgekom het. In die uitvoering van die proewe is daar streng by die 1, 2 en 3 weeklikse besproeiingsintervalle gehou ongeag die reën wat voorgekom het. By die hoë opbrengsproef is die reën wat tussen besproeiings geval het van die volgende besproeiing afgetrek en dit was selde meer as die aanbevole besproeiing. By die lae opbrengsproef was die aanbevole hoeveelheid besproeiing per siklus die helfte van die hoë opbrengsproef. Die reënval tussen besproeiings was in baie gevalle meer as die aanbevole besproeiing. Die reënval is dan as die besproeiing aangeteken. Dit het daartoe gelei dat die totale watertoediening by die lae opbrengsbehandelings meer as die aanbevole hoeveelheid

besproeiing was. Die hoeveelheid oorbesproeiing was gevolglik ook nie konstant nie, maar het tussen behandelings gewissel.

3.2.2 Agronomiese inligting

Die meeste van die agronomiese inligting oor die vyf gewasse is in Tabel 3.2 opgesom. Die kultivars wat in die verskillende proewe gebruik is, word almal op die besproeiingskemas van die Sentrale dele van Suid-Afrika verbou. Behalwe vir die koring, wat ongeveer twee weke te laat geplant was, is die res van die gewasse in die optimum planttyd geplant (Tabel 3.2). Al die gewasse, behalwe aartappels wat met die hand geplant is, is met 'n presisieplanter teen die gespesifiseerde digthede geplant (Tabel 3.2). Die plantdieptes en rywydtes word ook in Tabel 3.2 vir die verskillende gewasse verstrekk.

Die kunsmistoediening (stikstof, fosfor en kalium) is vir die hoë en lae opbrengsmikpunte aangepas (Tabel 3.2). Dit is gedoen met inagneming van die voedingstofontleding van die bogrond (Bylaag 3.3), en die riglyne van die bemestingshandleiding wat deur die Misstofvereniging van Suid-Afrika (Anon., 1994) opgestel is.

Die boorgatwater waarmee besproei is het 25.8 mg nitraat per liter bevat en gevolglik is die voorplant stikstoftoediening verminder ooreenkomstig die verwagte watertoediening. Die berekende hoeveelheid stikstof wat via die besproeiingswater toegedien is word in Tabel 3.2 verstrekk.

Aanvaarde konvensionele bewerkingsmetodes is by die verskillende gewasse gevolg. Na die oes van 'n gewas is daar probeer om soveel as moontlik van die plantreste van die proefoppervlak te verwyder. Die oorblywende reste is daarna met 'n dis in die grond gewerk, waarna die verskillende besproeiingsbane op die grond uitgemerk is. Stikstof, fosfor en kalium, soos gespesifiseer in Tabel 3.2, is daarna met 'n kunsmisstrooier binne elke baan uitgestrooi. Die kunsmis is met die grond vermeng deurdat die hele oppervlak daarna geploeg is. Die saadbed is met 'n eg voorberei. In die geval van erte is die grond ook geskeurploeg voordat dit geëg is. By aartappels is die grond tussen die walrye na opkoms geskeurploeg. Die kunsmis is nie soos in die geval van die ander gewasse uitgestrooi nie, maar dit is weerskante van die moere gebandplaas.

Tabel 3.2 Agronomiese inligting aangaande tipe kultivar, plantdatum, teikenopbrengste, plantestand en bemesting van die verskillende proefgewasse (H - hoog en L - laag).

Parameter		Gewas				
		Koring	Mielies	Erte	Grondbone	Aartappels
Kultivar:	H&L	Gamtoos	PNR 6552	Orb	Harts	Buffelspoort (BP13)
Plantdatum:	H&L	1 Julie 1993	14 Desember 1993	6 Julie 1994	22 November 1994	21 September 1995
Teikenopbrengs:	H	6 000	10 000	4 000	4 000	40 000
(kg saad ha ⁻¹)	L	3 000	5 000	2 000	2 000	20 000
Plantdigtheid:	H	73 kg saad ha ⁻¹	50 500 pitte ha ⁻¹	94 kg saad ha ⁻¹	100 kg saad ha ⁻¹	2.5 moere m ⁻²
	L	36.5 kg saad ha ⁻¹	31 800 pitte ha ⁻¹	51 kg saad ha ⁻¹	50 kg saad ha ⁻¹	1.6 moere m ⁻²
Plantmetode:	H&L	Planter	Planter	Planter	Planter	Hand
Plantdiepte (cm):	H&L	±3	±5	±3	±3	±15
Rywydte (cm):	H&L	27	83	40	40	160
Besproeiingswater:	H	321	300	483	490	477
(mm)	L	180	135	223	284	384
Bemesting (kg.ha ⁻¹):						
Stikstof: H	Voorplant bemes	203	120	32	60	152
	In besproeiingswater	84	78	126	127	124
	TOTAAL	287	198	158	187	276
L	Voorplant bemes	102	60	16	30	63
	In besproeiingswater	47	35	58	74	100
	TOTAAL	149	95	74	104	163
Fosfor: H		40	50	47	40	50
L		20	25	24	20	30
Kalium: H		0	25	32	0	200
L		0	13	16	0	97

Die walrye waarin geplant is, is met 'n walblok gemaak en die aartappels is twee keer gedurende die seisoen opgeêrd. Daar is streng by die voorkomende spuitprogramme teen plaë en peste (Afdeling 2.2.5) by die aartappels en erte gehou. Behalwe vir koringluise wat met 'n mengsel van Folidol en Metasystox bespuit is, het daar geen ander plaë op die res van die gewasse voorgekom nie. Onkruid is by al die gewasse doeltreffend met handskoffels beheer.

3.2.3 Meting van die komponente van die grondwaterbalans

3.2.3.1 Verandering in grondwaterinhoud

Vir die meting van grondwaterinhoud is dieselfde prosedure wat in Afdeling 2.2.7.1 uiteengesit is, gevolg. In dié geval is van twee neutrontoegangsbuise, wat in die middel van elke perseel 1 m uitmekaar en 2.4 m diep geïnstalleer is, gebruikgemaak. Waar dit prakties moontlik was is die waterinhoud van elke perseel weekliks gemeet. Die gemiddelde volumetriese waterinhoud van die onderskeie 0.3 m grondlae word in Bylaag 3.4 vir die verskillende gewasse opgesom.

3.2.3.2 Reën en besproeiing

Die reën is met behulp van reënmeters gemeet en die besproeiingstoedienings van die koring, mielies en erte is bereken inaggenome die voorafgemete waterlewering per baan en die loopspoed van die stelsel (Tabel 3.1). In die geval van grondbone en aartappels is die gemiddelde van drie reënmeters as die besproeiingstoedienings geneem. Die reënmeters is eweredig in 'n reguit lyn van 1.6 m oor die plantrye, met die middelste reënmeter regoor die toegangsbuise geplaas. Die hoogte van die reënmeters is konstant oor die groeiseisoen van die gewasse op 1.5 m van die spuituitlate gehou. Dit was ongeveer 1 m van die grondoppervlak. Die reën en besproeiingsdata word in Bylaag 3.1 opgesom en meer detail daaroor is in Bylaag 3.4 beskikbaar.

3.2.3.3 Perkolasie

Die perkolasie van water gedurende die groeiseisoen van die verskillende gewasse is bereken volgens die prosedure wat in Afdeling 2.2.8.3 bespreek is. Die resultate is in Bylaag 3.4 opgesom.

3.2.3.4 Afloop

Aangesien daar groot hoeveelhede water, veral tydens die piek waterverbruiksperiodes van die gewasse, toegedien moes word en afloop dus onvermydelik sou wees is daar voorsorg getref deur eerstens grondwalle rondom elke perseel met 'n walblok te maak. Hierdie walle is regdeur die seisoen instandgehou. Tweedens is daar by al die waterbane van die hoë opbrengsproef asook die drieweeklikse besproeiingsinterval van die lae opbrengsproef gegalvaniseerde sinkplate geïnstalleer. Hierdie plate het ook gehelp om die water binne 'n perseel egalig tydens besproeiings te laat versprei (Figuur 3.2). Gevolglik is aanvaar dat daar nie afloop tussen persele voorgekom het nie.

3.2.3.5 Evapotranspirasie

Die evapotranspirasie oor die bewortelingsdiepte van 1.8 m vir koring, mielies, grondbone en aartappels en 1.5 m vir erte is volgens die prosedure wat in Afdeling 2.2.8.4 bespreek is bereken en die resultate is in Bylaag 3.4 beskikbaar.

3.2.4 Meting van plantveranderlikes

3.2.4.1 Droëmateriaalopbrengs

Vir die bepaling van die droëmateriaalproduksie tot voor die finale oes, is die plante binne 0.555 m² in die geval van koring, erte en grondbone en vier plante per perseel by mielies, teen die grond afgesny en direk daarna geweeg. 'n Verteenwoordigende submonster is vanuit die hoofmonster geneem, geweeg en daarna by 65°C gedroog. Die waterinhoud van die submonster is bepaal en gebruik om die droëmateriaalopbrengs van die hoofmonsters en derhalwe die behandeling te bereken. Hierdie waardes word in Bylaag 3.5 vir die onderskeie gewasse opgesom. Geen droëmateriaalopbrengste is by die aartappels gedurende die groeiseisoen gemeet nie.

3.2.4.2 Saadopbrengs

Nadat die gewasse ryp was, is die saadopbrengs by koring, mielies en erte by die verskillende behandelings bepaal deur al die plante binne 6 m² by koring, 11.88 m² by mielies en 8 m² by erte teen die grond af te sny. Hierna is die plante verdeel in reprodktiewe en vegetatiewe gedeeltes. Die saadopbrengs is bepaal deur dit te weeg nadat die kaf in die geval van koring, stronke en blare by mielies en peule by erte verwyder is. In die geval van grondbone is die plante binne 10 m² getrek, waarna die peule met die hand verwyder en by 65°C gedroog is. Na droging is die peule gedop en die saad geweeg. Die doppe is by die vegetatiewe gedeelte gevoeg om die totale droëmateriaal te bepaal. By die aartappels is slegs die knolle van 10 m² per behandeling geoes en onmiddelik daarna afgespoel, winddroog gemaak en geweeg.

3.2.4.3 Blaaroppervlakte

Die groenblaaroppervlakte van die droëmateriaalsubmonster (Afdeling 3.2.4.1) is eers m.b.v. 'n Licor (model Li 3000) blaaroppervlaktemeter bepaal voordat dit gedroog is. Daarna is die blaaroppervlakte van die hoofmonster bereken deur te aanvaar dat die blaaroppervlakte-droëmassaverhouding van die submonster dieselfde is as die van die hoofmonster. Die blaaroppervlakte-indeks van 'n perseel is bereken deur die totale blaaroppervlakte deur die grondoppervlakte van die hoofmonster te deel. Dit is vir al die gewasse, behalwe aartappels, oor die verloop van die groeiseisoen tydens elke droëmateriaalmonsterneming gedoen. Die berekende blaaroppervlakte-indeks word in Bylaag 3.6 vir die verskillende gewasse uiteengesit.

3.2.4.4 Totale wortellengte

Duplikaat grond-wortelkerne is per perseel gemonster volgens die metode wat in Afdeling 2.3.3 bespreek is. Die 1.8 m grond-wortelkerne is daarna in 300 mm intervale verdeel en die ooreenstemmende dieptes is as 'n enkelmonster saamgevoeg, waarna die wortels van die grond geskei is, deur dit oor 'n 0.5 mm sif met 'n swak stroom water te was. Die wortellengte per monster is met 'n gemodifiseerde infrarooi wortellyninterseksieteller gemeet (Rowse & Phillips, 1974).

Wortelmonsters is slegs by geselekteerde behandelings gemonster, afhangende van die groeireaksie wat op daardie tydstip in die veld waargeneem is. Die bewortelingsdigtheid van die onderskeie behandelings is in Bylaag 3.7 uiteengesit.

3.2.4.5 Addisionele plantgroeiparameters

Die addisionele groeiparameters wat by die verskillende gewasse bepaal is, het van gewas tot gewas verskil en daarom sal dit per gewas bespreek word. By koring is 'n 1 m^2 submonster tydens die finale oes geneem waarop die lengte van die hoofhalms, aantal nodusse per hoofhalm, aarlengte van hoofhalm en aantal are gemeet is. Die aantal korrels aar^{-1} en korrelmassa van 20 are is ook bepaal. In die geval van mielies is die aantal stamme en aantal koppe binne die gespesifiseerde saadopbrengsbepaling getel. Om 'n gemiddelde hoofstamlengte en aantal nodes op hoofstam te verkry, is drie mielieplante per perseel gebruik. By die erte is die aantal peule per plant, pitte per peul en massa per pit bepaal deur die aantal peule in 'n 2 m plantry te tel, die aantal pitte van 20 peule te tel en die droë pitte te weeg. Die gemiddelde plantestand van erte vir die hoë opbrengsproef was $30.3 \text{ plante m}^{-2}$ en die lae opbrengsproef $17.22 \text{ plante m}^{-2}$. By grondbone is die halmlengte, aantal nodus halm^{-1} en aantal syhalms van drie plante per perseel bepaal. Omrede aartappels gedurende die afsluiting van die projek geplant is, was dit nie moontlik om addisionele plantgroeiparameters te meet nie.

3.3 Resultate en bespreking

3.3.1 Effek van besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies op die bogrondse groei

3.3.1.1 Koring

3.3.1.1.1 Effek van besproeiingsintervalle

i) Hoë opbrengsmikpunt:

Die saad-, totale droëmateriaalopbrengs en totale evapotranspirasie vir die groeiseisoen word in Tabel 3.3 verstrekk. Die statistiese ontleding van die data het aangetoon dat die intervale tussen

Tabel 3.3 Gemiddelde saadopbrengs, droëmateriaalopbrengs en waterverbruik van koring by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe

		Saadopbrengs (kg ha ⁻¹)								Droëmateriaalopbrengs (kg ha ⁻¹)								Evapotranspirasie (mm)							
		Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)							
Plantbeskikbare waterbestuurs- Proef opsies		1		2		3				1		2		3				1		2		3			
		Gem	s*	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s
H	Vol/leeg	4821	630	5073	140	4920	579	4938	447	11000	1667	12111	1018	11834	928	11648	1192	505	21	503	73	486	53	498	47
	Leeg/vol	5271	136	5714	322	5308	418	5431	345	12889	419	13556	674	13945	1206	13463	857	612	82	542	50	534	53	563	66
	Vol/vol	4920	345	5717	396	4920	507	5186	540	11389	1134	12445	752	13000	1642	12278	1280	572	34	556	35	536	41	555	36
	Leeg/leeg	4990	599	5093	285	5007	662	5030	471	12278	1295	12556	1058	13056	1134	12630	1066	618	25	539	13	526	31	561	48
	Gemid	5001	193	5399	365	5039	184	5146	476	11889	855	12667	622	12959	866	12505	1253	577	52	535	23	521	24	544	55
L	Vol/leeg	3443	407	3511	186	3522	493	3492	335	8389	631	8500	882	8222	918	8371	721	417	22	411	29	423	16	417	20
	Leeg/vol	2350	166	2893	245	3214	810	2819	574	7111	509	8334	289	8500	752	7982	814	424	55	381	1	417	34	407	37
	Vol/vol	3434	496	3522	607	3651	214	3536	417	8222	918	8222	1669	8278	752	8241	1024	467	32	428	34	448	5	448	29
	Leeg/leeg	1755	243	2622	811	3002	89	2460	698	5445	481	7500	1590	8000	1000	6982	1522	418	5	425	35	415	11	419	19
	Gemid	2746	836	3137	452	3347	294	3077	682	7292	1356	8139	441	8250	205	7894	1160	431	24	411	22	425	15	423	30
KBVT(0.05)		H		L						H		L						H		L					
Besproeiingsinterval		nb		473						nb		971						48		nb					
Plantbeskikbare waterbestuursopsies		nb		601						1472		1238						61		36					
Interaksie		nb		1359						nb		2799						nb		nb					

* Standaardafwyking
nb = nie betekenisvol nie

Tabel 3.4 Gemiddelde halm-, node- en aarlengte van koring by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe


		Halmlengte (cm)								Node-lengte								Aarlengte (cm)											
		Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)											
Plantbeskikbare waterbestuurs- Proef opsies		1	2		3				1	2		3				1	2		3				1	2		3			
		Gem	s*	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s
H	Vol/leeg	73.6	3.5	68.2	2.2	66.6	4.5	69.4	4.4	13.0	1.1	12.8	0.4	12.5	0.9	12.8	0.8	9.5	0.1	9.1	1.2	9.7	0.6	9.4	0.7				
	Leeg/vol	76.8	4.6	76.4	1.0	73.0	2.9	75.4	3.3	13.9	1.7	14.4	0.9	13.4	1.0	13.9	1.2	9.3	0.5	9.6	0.3	9.5	0.3	9.4	0.3				
	Vol/vol	71.8	5.4	69.2	2.9	68.4	2.3	69.8	3.6	13.5	0.3	12.2	0.5	12.9	1.0	12.8	0.8	10.0	0.6	9.4	0.3	9.5	0.3	9.7	0.4				
	Leeg/leeg	72.5	4.9	76.9	0.8	74.6	1.6	74.7	3.2	13.9	0.7	14.1	0.4	13.2	0.6	13.7	0.7	9.9	0.7	9.8	0.2	9.5	0.2	9.7	0.4				
	Gemid	73.7	2.2	72.7	4.6	70.6	3.8	72.3	4.5	13.6	0.4	13.4	1.0	13.0	0.4	13.3	1.0	9.7	0.3	9.5	0.3	9.5	0.1	9.6	0.5				
L	Vol/leeg	52.3	2.2	52.0	3.2	57.0	4.5	53.8	3.9	9.6	0.6	9.6	0.8	10.5	0.4	9.9	0.7	8.9	0.4	8.7	0.9	9.1	0.4	8.9	0.6				
	Leeg/vol	51.4	0.2	58.3	1.6	60.3	2.9	56.7	4.7	9.9	1.0	11.2	0.3	10.7	0.8	10.6	1.0	8.5	0.3	8.6	0.1	8.5	1.1	8.5	0.6				
	Vol/vol	56.0	1.8	53.8	6.8	56.7	1.5	55.5	3.9	10.7	0.7	10.1	1.3	11.3	0.3	10.7	0.9	8.5	0.1	8.7	0.5	9.0	0.3	8.7	0.4				
	Leeg/leeg	46.7	3.5	54.5	6.2	56.0	7.9	52.4	6.8	8.9	0.4	10.9	0.6	10.7	1.3	10.2	1.2	8.2	0.5	9.1	0.2	9.2	0.2	8.8	0.6				
	Gemid	51.6	3.8	54.6	2.6	57.5	1.9	54.6	5.0	9.8	0.7	10.4	0.7	10.8	0.4	10.3	1.0	8.5	0.3	8.8	0.2	9.0	0.3	8.7	0.5				
KBVT(0.05)		H		L						H		L						H		L									
Besproeiingsinterval		nb		4.4						nb		0.8						nb		0.5									
Plantbeskikbarewaterbestuursopsies		3.9		5.1						nb		1.1						0.7		0.6									
Interaksie		6.9		12.6						2.6		2.4						1.5		1.5									

* Standaardafwyking
nb = nie betekenisvol nie


Tabel 3.5 Gemiddelde aantal are m⁻², korrels aar⁻¹ en massa korrel⁻¹ van koring by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe

		Are m ⁻²								Korrels aar ⁻¹								Korrelmassa (g)							
		Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)							
Proef opsies	Plantbeskikbare waterbestuurs-	1		2		3				1		2		3				1		2		3			
		Gem	s*	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s
H	Vol/leeg	435	56	414	38	451	171	433	93	47.7	1.9	49.8	7.0	43.9	1.5	47.1	4.5	0.0234	0.0034	0.0252	0.0048	0.0271	0.0095	0.0252	0.0058
	Leeg/vol	462	118	378	120	441	45	427	95	39.9	4.7	50.9	1.8	39.8	6.1	43.5	6.8	0.0300	0.0081	0.0321	0.0108	0.0307	0.0039	0.0309	0.0071
	Vol/vol	378	109	424	67	406	112	402	87	52.7	3.6	52.4	2.2	40.3	7.3	48.5	7.5	0.0269	0.0107	0.0260	0.0028	0.0325	0.0121	0.0285	0.0087
	Leeg/leeg	453	129	474	98	441	147	456	110	43.2	5.0	58.4	3.5	47.0	7.6	49.5	8.4	0.0291	0.0167	0.0189	0.0032	0.0258	0.0061	0.0246	0.0101
	Gemid	432	38	422	40	435	20	430	95	45.9	5.5	52.9	3.8	42.7	3.4	47.2	7.0	0.0274	0.0030	0.0255	0.0054	0.0290	0.0031	0.0273	0.0082
L	Vol/leeg	358	36	337	32	313	67	336	46	44.2	0.7	52.6	2.6	46.5	12.2	47.8	7.3	0.0218	0.0028	0.0199	0.0023	0.0259	0.0085	0.0226	0.0053
	Leeg/vol	330	98	357	79	414	145	367	98	36.4	12.7	45.6	2.7	31.7	8.4	37.9	9.7	0.0220	0.0084	0.0183	0.0038	0.0292	0.0162	0.0231	0.0105
	Vol/vol	297	30	312	14	398	97	336	70	51.1	3.7	51.9	7.3	45.9	2.1	49.7	5.1	0.0226	0.0017	0.0224	0.0065	0.0206	0.0038	0.0219	0.0040
	Leeg/leeg	390	132	362	10	341	22	365	71	38.1	11.0	53.7	9.1	42.3	9.9	44.7	11.2	0.0154	0.0118	0.0132	0.0017	0.0220	0.0072	0.0169	0.0080
	Gemid	344	40	342	23	367	47	351	72	42.4	6.7	51.0	3.7	41.6	6.9	45.0	9.4	0.0205	0.0034	0.0185	0.0039	0.0244	0.0039	0.0211	0.0075
KBVT(0.05)		H		L				H		L				H		L				H		L			
Besproeiingsinterval		nb		nb				nb		nb				nb		nb				nb		nb			
Plantbeskikbare waterbestuursopsies		nb		nb				nb		nb				nb		0.0100				nb		0.0100			
Interaksie		318		222				14.2		23.3				0.0260		0.0230				0.0260		0.0230			


* Standaardafwyking
nb = nie betekenisvol nie



Figuur 3.3 Die droëmaterialaakkumulاسie van koring by die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is



Figuur 3.5 Die verandering in blaaroppervlakte-indeks van koring vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is



Figuur 3.6 Die verandering in blaaroppervlakte-index van koring vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir lae opbrengste besproei is

besproeiings geen betekenisvolle effek op saad- en droëmateriaalopbrengs by die hoë opbrengsmikpunt behandelings gehad het nie. Die totale evapotranspirasie van die weeklikse besproeiings was betekenisvol hoër as die drieweeklikse. Die gemiddelde waterverbruiksdoeltreffendheid (WVD) van die weeklikse besproeiings was $8.67 \text{ kg saad ha}^{-1} \text{ mm}^{-1}$ evapotranspirasie teenoor $9.67 \text{ kg ha}^{-1} \text{ mm}^{-1}$ van die drieweeklikse d.w.s. $1 \text{ kg ha}^{-1} \text{ mm}^{-1}$ laer. Die tweeweeklikse besproeiings het die hoogste WVD, naamlik $10.1 \text{ kg ha}^{-1} \text{ mm}^{-1}$, gehad. Hierdie afleiding dat die doeltreffendheid waarmee water in produksie omgeskakel word afneem hoe korter die interval tussen besproeiings is, is ook deur Singh, Hazarika & Srivastavan (1984) en Passioura (1977) onder vergelykbare klimaatstoestande gevind.

Die drieweeklikse interval het tot plantwaterstremming gelei, omrede die toelaatbare wateronttrekkingsvlak in die grond oorskrei is (Bylaag 3.2). Die drieweeklikse besproeiings het 'n vertraging in droëmateriaalakkumulasie (Figuur 3.3) asook 'n swakker blaaroppervlakte-indeks (Figuur 3.5) vanaf 81 tot 104 dae na plant tot gevolg gehad. Indien dit nie die 13de week 62 mm gereën het nie (Bylaag 3.1), sou dit sekerlik ook 'n ernstige verlaging in opbrengs van die behandeling tot gevolg gehad het. Die reën het die plantwaterstremming, betyds voor die mees sensitiewe periode van die gewas, naamlik antese, opgehef. Daar was gevolglik nie betekenisvolle verskille in die korrels aar^{-1} en korrelmassa (Tabel 3.5) asook in die halm-, node-, en aarlengte nie (Tabel 3.4). Die feit dat die halm-, node-, en aarlengte van die drieweeklikse interval die kortste was, is 'n bewys dat 'n mate van plantwaterstremming tydens die laat vegetatiewe periode by die drieweeklikse interval ingetree het.

ii) *Lae opbrengsmikpunt:*

By die lae opbrengsmikpunt behandelings het die drieweeklikse besproeiings 'n betekenisvolle verhoging in graan- en droëmateriaalopbrengs bo die weeklikse interval gehad (Tabel 3.3). Dieselfde waarneming geld ook vir die halm-, node- en aarlengte (Tabel 3.4). Daar is 'n tendens dat die graan- en droëmateriaalopbrengs met verlenging in besproeiingsinterval toeneem sonder dat die evapotranspirasie verhoog. Dit impliseer dat die waterverbruiksdoeltreffendheid dus ook met 'n verlenging in intervale tussen besproeiings van een ($6.4 \text{ kg ha}^{-1} \text{ mm}^{-1}$) na drie weke ($7.8 \text{ kg ha}^{-1} \text{ mm}^{-1}$) toeneem. Dieselfde waarneming is by die hoë opbrengsmikpunt behandelings gemaak. Die droëmateriaal en blaaroppervlakte-indeks groeikurwes van die lae opbrengsmikpunt word

onderskeidelik in Figure 3.4 en 3.6 aangetoon. Hierdie kurwes toon dat die behandelings wat weekliks besproei is die laagste en die wat drieweekliks besproei is die hoogste groeitempo vanaf 80 dae na plant gehad het, hoewel al die behandelings dieselfde hoeveelheid besproeiing ontvang het.

Die lae opbrengsmikpunt behandelings het ongeveer die helfte minder besproeiing as die hoë opbrengsmikpunt behandelings ontvang. Wanneer hierdie minder water weekliks toegedien word het die gemiddelde gewasgroeitempo tussen 50 en 125 dae na plant vanaf $160 \text{ kg ha}^{-1} \text{ dag}^{-1}$ by die hoë opbrengsbehandelings na $93 \text{ kg ha}^{-1} \text{ dag}^{-1}$ by die lae opbrengsbehandelings afgeneem. Die afleiding kan gemaak word dat optimum interval tussen besproeiings omgekeerd eweredig aan die beplande koring oesopbrengsmikpunt is.

3.3.1.1.2 Effek van verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies

i) *Hoë opbrengsmikpunt:*

Die groeiparameters vir die verskillende waterbestuursopsies word in Tabel 3.3 en Tabel 3.4 verstrekk. Die verskillende waterbestuursopsies het nie 'n betekenisvolle effek op die groeiparameters by die hoë opbrengsproef gehad nie. Waar betekenisvolle verskille wel voorgekom het, soos byvoorbeeld die droëmateriaalopbrengs van die VL behandeling wat laer as die LV behandeling was, kan dit eerder aan die feit dat die begin waterinhoud van die grondprofile van die VL behandelings te droog was, toegeskryf word (Bylaag 3.2). Die blaaroppervlakte-indeks in Figuur 3.5 toon aan dat die plante van die VL behandeling tussen dag 80 en 104 matige plantwaterstremming ondervind het. Dit is op hierdie tydstip wat die beplande besproeiingstekort uit die profiel verhaal moes word. Die watertekort het 'n matige plantwaterstremming in die laat vegetatiewe groeistadium veroorsaak, soos ook deur die korter halmlengte van die VL opsie weerspieël word. Die droëmateriaalakkumulasie het 'n vertraging in groei na 104 dae na plant getoon. Hierdie plantwaterstremming was van so 'n aard dat die droëmateriaalopbrengs (Tabel 3.3) van die behandeling betekenisvol van die LV behandelings verskil het, maar nie die saadopbrengs of node- en aarlengte of are m^{-2} , korrels aar^{-1} en korrelmassa nie.

ii) *Lae opbrengsmikpunt:*

Waar vir lae opbrengste besproei is, is dit duidelik dat die twee behandelings wat vol begin het, naamlik VL en VV beter resultate as die twee begin behandelings wat leeg begin het, naamlik LV en LL, gegee het. Die twee begin vol behandelings het 'n betekenisvol hoër saadopbrengs as die begin leeg opsies gehad (Tabel 3.3). Die LL behandelings het 'n lae waterverbruiksdoeltreffendheid van 5.8 gehad in vergelyking met die res wat bokant $7.5 \text{ kg ha}^{-1} \text{ mm}^{-1}$ gegee het. Dit blyk dus dat die begin "leeg" behandelings dus nie aanbeveel kan word waar vir lae opbrengste besproei word nie. Vanaf die resultate kan daar afgelei word dat wanneer daar vir 'n hoë optimum oesopbrengs beplan en besproei word, al vier waterbestuursopsies dieselfde gewasgroei sal verseker. Wanneer daar vir 'n laer as optimum opbrengsmikpunt geskeduleer word, sal die plante die addisionele plantbeskikbare water in die vol profiele benut en beter groei as die opsies waar daar met 'n leë profiel begin word.

3.3.1.1.3 Interaksie tussen besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies

Daar was geen betekenisvolle interaksie tussen die besproeiingsinterval en waterbestuursbehandelings van die hoë opbrengsproef t.o.v. saadopbrengs, droëmateriaalopbrengs en evapotranspirasie nie (Tabel 3.3). Die gemiddelde saadopbrengs van die H2LV en H2VV behandelings was 11% hoër as die proef se gemiddeld van $5146 \text{ kg saad ha}^{-1} \text{ mm}^{-1}$. Die gemiddelde oesopbrengsindeks van die twee behandelings was 0.44 en die waterverbruiksdoeltreffendheid was $10.4 \text{ kg saad ha}^{-1} \text{ mm}^{-1}$ gewees. Hierdie twee behandelings het ook soos die H1LV en H3LV geen plantwaterstremming volgens Bylaag 3.2 gehad nie. Die res van die behandelings het almal in die laat vegetatiewe groeiperiode (80 - 90 dae na plant) effense plantwaterstremming ondervind. Die behandelings wat saadopbrengste laer as 5000 kg ha^{-1} gegee het, het almal behalwe H1LL plantwaterstremming ondervind, omrede die profiel nie met planttyd by die verlangde vol waterstatus was nie. Die H1LL perseel het waarskynlik plantwaterstremming ondervind vanweë die hoë grondwaterverdamping wat met die weeklikse besproeiings gepaard gegaan het.


Die ondoeltreffendheid van die weeklikse L1LL behandeling is nog duideliker by die lae opbrengsproef waarneembaar. Die behandeling het 'n saadopbrengs van 1755 kg ha^{-1} met 'n waterverbruiksdooeltreffendheid van $4.1 \text{ kg ha}^{-1} \text{ mm}^{-1}$ gegee. Daarteenoor het die drieweeklikse L3VV behandeling 'n saadopbrengs van 3651 kg ha^{-1} met 'n waterverbruiksdooeltreffendheid van $8.1 \text{ kg ha}^{-1} \text{ mm}^{-1}$ gegee.

3.3.1.1.4 Vergelyking van die groei tussen die hoë en lae opbrengsmikpunte


Om die verskil in groei tussen die plante van die hoë en lae opbrengsmikpunt besproeiingsbehandelings te illustreer, is die gemiddelde droëmateriaal en blaaroppervlakte-indeks van al die handelings vir elke meting bereken. Dit word grafies in Figure 3.7 en 3.8 aangetoon. Met die vertolking van die resultate moet onthou word dat die saaidigtheid en bemesting van die lae teikenopbrengs ook laer was. Die groeipatrone t.o.v. droëmateriaalakkumulasie het min verskil, soos ook deur die relatiewe groeikurwes aangedui (Figuur 3.7). Die blaaroppervlakte van die lae opbrengsbehandelings het vinniger as dié van die hoë opbrengsbehandelings ontwikkel (Figuur 3.8). Dit het tot gevolg gehad die lae opbrengsbehandelings ongeveer 10 dae vroeër fisiologies ryp was.

3.3.1.2 Mielies

Die saadopbrengs, droëmateriaalopbrengs en totale evapotranspirasie van die handelings van die mielieproewe is in Tabel 3.6 opgesom en die koppe plant⁻¹, hoofstamlengte en gemiddelde nodelengte van die hoofstam in Tabel 3.7. Die kumulatiewe verandering in die droëmateriaalopbrengs en blaaroppervlakte-indeks word respektiewelik grafies in Figuur 3.9 en Figuur 3.11 vir die hoë opbrengsproef en in Figuur 3.10 en Figuur 3.12 vir die lae opbrengsproef voorgestel. Die besproeiingskedule wat gevolg is en die werklike hoeveelhede water per week toegedien is, is in Bylaag 3.1 uiteengesit en die opmerkings oor die besproeiingsuitvoering in Bylaag 3.2.



Figuur 3.7 Gemiddelde droëmateriaalopbrengs van alle behandelings en die relatiewe verandering daarvan vir koring by die hoë en lae opbrengsmikpunte



Figuur 3.8 Gemiddelde blaaroppervlakte-indeks van alle behandelings en die relatiewe verandering daarvan vir koring by die hoë en lae opbrengsmikpunte

3.3.1.2.1 Effek van besproeiingsintervalle

i) Hoë opbrengsmikpunt:

Daar het tydens 16 van die 22 weke van die mieliegroeiseisoen reën geval, naamlik 389 mm in totaal (Bylaag 3.1). Ongeag al die reën het besproeiingsintervalle 'n effek op saad- en droëmateriaalopbrengs van die hoë opbrengproef gehad. Die weeklikse besproeiing het 'n betekenisvol hoër saad- en totale droëmateriaalopbrengs as die drieweeklikse besproeiings gegee. Dallyn (1983) het 'n verlaging in graanopbrengs van mielies van 50% by die drieweeklikse interval en 37% by die tweeweeklikse interval in vergelyking met die weeklikse interval gerapporteer. In hierdie proef was die graanopbrengsverlaging van die drieweeklikse interval 13% (betekenisvol) en die tweeweeklikse interval 5% (nie-betekenisvol) t.o.v. die weeklikse interval.

Anders as by koring waar die weeklikse besproeiing, d.w.s. 'n verhoging in die aantal besproeiings, tot 'n verhoging in die totale evapotranspirasie gelei het, het dit by mielies geen effek op die totale evapotranspirasie gehad nie. Dit is waarskynlik dat die hoë reënvalfrekwensie 'n gelykmakende effek op die grondwaterevaporasiekomponent by die drieweeklikse intervale gehad het.

Alhoewel daar geen plantwaterstremming by enige mieliebehandelings wat drieweekliks besproei is volgens die toelaatbare grondwateronttrekkingspeile voorgekom het nie (Bylaag 3.2), toon die gestipte droëmateriaalopbrengs (Figuur 3.9) baie duidelik aan dat die drieweeklikse interval reeds op dag 78 na plant stadiger as die een- en tweeweeklikse intervale begin groei het. Dieselfde tendens is by die blaaroppervlakte-indekse (Figuur 3.11) vanaf dag 78 na plant teenwoordig. Die blaaroppervlakte-indeks van die weeklikse besproeiings was gemiddeld 23% hoër as die 5.65 van die drieweeklikse besproeiings. Die feit dat die blaaroppervlakte-indeks van die weeklikse besproeiings op dag 117 nog hoër as die drieweeklikse besproeiings was, dui daarop dat die duurte van die blaaroppervlakte by die weeklikse interval langer en fisiologiese rypwording later as die van die drieweeklikse besproeiings was. Dit is een van die moontlike verklarings vir die betekenisvol hoër opbrengs wat by die weeklikse besproeiingsbehandelings gevind is. Die groter bron van droëmateriaal het waarskynlik die grootste bydrae tot die hoër oes van die weeklikse

Tabel 3.6 Gemiddelde saadopbrengs, droëmateriaalopbrengs en waterverbruik van mielies by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe

		Saadopbrengs (kg ha ⁻¹)								Droëmateriaalopbrengs (kg ha ⁻¹)								evapotranspirasie							
		Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)							
Proef	Plantbeskikbare waterbestuurs- opsies	1		2		3				1		2		3				1		2		3			
		Gem	s*	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s
H	Vol/leeg	11424	638	10442	116	9353	636	10406	1036	24591	2793	22308	744	20592	682	22497	2006	630	44	629	15	607	21	622	13
	Leeg/vol	11942	148	11462	839	10834	1541	11412	556	25294	4455	23905	1803	21038	3697	23412	2170	719	46	738	29	762	29	739	21
	Vol/vol	12026	1533	10930	695	9628	557	10861	1201	24439	1095	23842	2641	19900	559	22727	2466	583	145	648	53	708	39	646	63
	Leeg/leeg	10777	203	10825	1401	10381	913	10661	244	25215	2913	22032	891	19745	1020	22331	2747	696	78	713	54	677	53	695	18
	Gemid	11542	575	10915	421	10049	680	10835	821	24885	433	23022	990	20319	605	22742	2062	657	62	682	52	689	64	676	56
L	Vol/leeg	6815	942	7596	1749	8845	1176	7752	1024	14896	1833	15539	276	18089	1896	16175	1689	574	11	600	53	600	56	591	15
	Leeg/vol	7454	1930	8685	500	9330	628	8490	953	16240	4155	18349	2781	17416	1467	17335	1057	619	26	647	33	547	41	605	52
	Vol/vol	7102	2253	8837	408	8760	301	8233	980	14339	1383	17947	1352	17927	1221	16738	2077	584	23	623	48	563	26	590	30
	Leeg/leeg	6590	1400	7383	542	8029	530	7334	721	14298	3471	15254	832	15517	813	15023	641	554	51	562	25	566	42	561	6
	Gemid	6990	373	8125	742	8741	537	7952	917	14943	906	16772	1601	17237	1182	16318	1541	583	27	608	36	569	22	587	31
KBVT(0.05)		H		L						H		L						H		L					
Besproeiingsinterval		926		1233						2361		2135						61		nb					
Plantbeskikbare waterbestuursopsies		nb		nb						nb		nb						78		nb					
Interaksie		nb		nb						nb		nb						nb		nb					


* Standaardafwyking
nb = nie betekenisvol nie

Tabel 3.7 Gemiddelde aantal koppe plant⁻¹, hoofstamlengte en gemiddelde nodelengte van mielies by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe


		Koppe plant ⁻¹								Hoofstamlengte (m)								Gemid nodelengte (m)							
		Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)							
Plantbeskikbare waterbestuurs-opsies		1		2		3				1		2		3				1		2		3			
Proef	opsies	Gem	s*	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s
H	Vol/leeg	1.3	0.1	1.3	0.1	1.1	0.1	1.3	0.1	2.801	0.125	2.784	0.100	2.818	0.210	2.801	0.133	0.190	0.008	0.194	0.004	0.204	0.003	0.196	0.008
	Leeg/vol	1.3	0.1	1.4	0.1	1.3	0.2	1.3	0.1	2.872	0.188	2.803	0.066	2.787	0.044	2.821	0.110	0.190	0.013	0.194	0.007	0.187	0.002	0.191	0.008
	Vol/vol	1.3	0.1	1.3	0.2	1.2	0.2	1.3	0.2	2.862	0.229	2.907	0.054	2.789	0.016	2.853	0.129	0.195	0.014	0.193	0.012	0.195	0.011	0.194	0.011
	Leeg/leeg	1.4	0.1	1.4	0.2	1.1	0.2	1.3	0.2	2.794	0.125	2.853	0.111	2.819	0.012	2.822	0.088	0.192	0.011	0.182	0.002	0.194	0.002	0.189	0.008
	Gemid	1.3	0.1	1.4	0.1	1.2	0.1	1.3	0.2	2.832	0.040	2.837	0.055	2.803	0.018	2.824	0.113	0.192	0.003	0.191	0.006	0.195	0.007	0.193	0.009
L	Vol/leeg	1.5	0.1	1.4	0.1	1.6	0.2	1.5	0.1	2.579	0.109	2.663	0.021	2.553	0.207	2.599	0.127	0.183	0.004	0.189	0.008	0.190	0.009	0.187	0.007
	Leeg/vol	1.3	0.4	1.4	0.1	1.6	0.1	1.4	0.3	2.522	0.074	2.589	0.125	2.591	0.193	2.567	0.125	0.172	0.005	0.182	0.011	0.182	0.003	0.179	0.008
	Vol/vol	1.3	0.2	1.5	0.0	1.3	0.1	1.4	0.2	2.537	0.271	2.733	0.093	2.733	0.075	2.668	0.178	0.181	0.008	0.186	0.004	0.191	0.003	0.186	0.006
	Leeg/leeg	1.3	0.2	1.4	0.1	1.6	0.2	1.5	0.2	2.657	0.156	2.697	0.068	2.671	0.103	2.675	0.101	0.174	0.008	0.187	0.003	0.182	0.007	0.181	0.008
	Gemid	1.3	0.1	1.4	0.0	1.5	0.1	1.4	0.2	2.574	0.060	2.671	0.061	2.637	0.081	2.627	0.138	0.177	0.005	0.186	0.003	0.186	0.005	0.183	0.008
KBVT(0.05)		H		L				H		L				H		L				H		L			
Besproeiingsinterval		nb		nb				nb		nb				nb		nb				nb		nb			
Plantbeskikbare waterbestuursopsies		nb		0.2				nb		nb				nb		nb				nb		nb			
Interaksie		0.4		0.5				0.370		0.420				0.030		0.020									

* Standaardafwyking


nb = nie betekenisvol nie




Figuur 3.9 Die droëmateriaalakkumulاسie van mielies by die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is



Figuur 3.10 Die droëmateriaalakkumulاسie van mielies by die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir lae opbrengste besproei is



Figuur 3.11 Die verandering in blaaroppervlakte-indeks van mielies vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is



Figuur 3.12 Die verandering in blaaroppervlakte-indeks van mielies vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir lae opbrengste besproei is

besproeiingsbehandelings gelewer. Die koppe plant⁻¹ en die hoofstamlengte van die drieweeklikse besproeiingsbehandelings was laer (nie betekenisvol) as dieselfde metings vir die weeklikse besproeiingsbehandelings.

ii) *Lae opbrengsmikpunt:*

Waar vir lae mielieopbrengste besproei is, was soos by koring beide die saadopbrengs en droëmateriaalopbrengs van die drieweeklikse besproeiingsbehandelings betekenisvol hoër as die weeklikse besproeiings. Die totale evapotranspirasie was dieselfde vir al drie besproeiingsintervalle met die gevolg dat die gemiddelde waterverbruiksdooeltreffendheid toeneem het vanaf die weeklikse 12 kg ha⁻¹ mm⁻¹ tot 15.4 kg graan ha⁻¹ mm⁻¹ by die drieweeklikse besproeiings. Die weeklikse besproeiingsbehandelings het vanaf ongeveer 90 dae na plant stadiger gegroei (Figuur 3.10). Na dag 90 moes daar plantwaterstremming by die weeklikse interval voorgekom het, want die blaaroppervlakte-indeks het teen 'n tempo van 0.096 dag⁻¹ afgeneem. Die afname was 50% hoër as die waarde wat by die drieweeklikse interval oor dieselfde periode gemeet is. Die gevolg was dat die droëmateriaalopbrengs van die weeklikse interval op dag 117 ongeveer 17% laer as die gemiddelde opbrengs van die twee- en drieweeklikse intervale was. Vanaf die toelaatbare wateronttrekkingsgrafieke (Bylaag 3.2) het dit ook geblyk of daar matige plantwaterstremming by dag 130 (L1VL) en dag 140 (L1VL) voorgekom het. Die weeklikse interval het die minste koppe plant⁻¹ asook die laagste hoofstam- en nodelengte gehad (Table 3.7), maar die verskille was nie statisties betekenisvol nie.

3.3.1.2.2 Effek van verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies

i) *Hoë opbrengsmikpunt:*

Die saadopbrengs en droëmateriaalopbrengs van die hoë opbrengsmikpunt behandelings in Tabel 3.6 asook die koppe plant⁻¹, hoofstamlengte en nodelengte in Tabel 3.7 toon dat die verskillende plantbeskikbare waterbestuursbehandelings geen van die groeiparameters beïnvloed het nie. Die enigste parameter wat wel 'n betekenisvolle verskil getoon het, was die totale evapotranspirasie van die LV behandeling wat betekenisvol hoër was as beide die behandelings wat vol begin het.

Hierdie hoër evapotranspirasie het ook 'n hoër saadopbrengs en droëmateriaalopbrengs tot gevolg gehad.

ii) *Lae opbrengsmikpunt:*

Geen statistiese verskille in die graanopbrengs, droëmateriaalopbrengs en evapotranspirasie (Tabel 3.6) asook die res van die groeiparameters in Tabel 3.7 het by die lae opbrengsproef tussen die verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies voorgekom nie. Dit is omdat ongeveer 90% van die totale reën van 389 mm oor die eerste 84 dae na plant geval het. Hierdie periode val saam met die mees sensitiewe groeistadiums van mielies, o.a. stuifmeelstort en baardverskyning (Israelson & Hansen, 1962; Classen & Shaw, 1970; Vincent & Woolley, 1962). Die hoë goedverspreide reënval gedurende die groeiseisoen het waarskynlik al die verskille verwyder wat moontlik tussen die waterbestuursopsies kon voorgekom het.

3.3.1.2.3 Interaksie tussen besproeiingsintervalle en die plantbeskikbare waterbestuursopsies

'n Statistiese ontleding van die data in Tabel 3.6 en Tabel 3.7, toon dat daar geen betekenisvolle interaksie tussen die besproeiingsintervalle en waterbestuursopsies by enige van die groeiparameters by beide die hoë en lae opbrengsproewe voorgekom het nie. Daar is egter tendense in die gemiddeldes wat uitgelig kan word. Die behandelings wat bo 11 000 kg saad ha^{-1} by die hoë opbrengsproef gegee het, is meestal weekliks besproei (H1VL, H1LV en H1VV). Die H2LV behandeling is die enigste ander behandeling wat 'n opbrengs bo 11 000 kg saad ha^{-1} gegee het. Dit is 'n baie goeie opbrengs, want daar moet in ag geneem word dat behalwe H1VV en H2LL, wat korrek besproei was, die res tussen 26 en 56 mm onderbesproei was (Bylaag 3.2). Die enigste twee behandelings wat opbrengste laer as 10 000 kg saad ha^{-1} gelewer het, is die H3VL en H3VV wat drieweekliks besproei is.


Die gemiddelde saadopbrengs van die lae opbrengsproef was 7952 kg ha^{-1} en die behandelings wat beter as die gemiddeld gevaar het, is meestal met die drieweeklikse interval (VL, LV, VV en LL) asook die tweeweeklikse interval (LV en VV) verwant. Al die plantbeskikbare waterbestuursopsies by die weeklikse interval het swakker as die gemiddelde opbrengs gevaar.

3.3.1.2.4 Vergelyking van die groei tussen die hoë en lae opbrengsmikpunte


Die gemiddelde droëmateriaalopbrengs van al die behandelings van die hoë en lae opbrengsproewe word grafies in Figuur 3.13 en die ooreenstemmende blaaroppervlakte-indeks in Figuur 3.14 gestip. Dit is duidelik vanuit Figure 3.13 en 3.14 dat die groei reeds vanaf 36 dae na plant stadiger was. Met die interpretasie van hierdie tendens moet daar in ag geneem word dat die plantestand en bemesting van die lae opbrengsmikpuntproef ook laer was (Tabel 3.2). Om hierdie rede is die droëmateriaal en blaaroppervlakte relatief tot die maksimum waarde van elke proef uitgedruk. Die relatiewe akkumulasie in biomassa was vir beide proewe dieselfde (Figuur 3.13). Die relatiewe toename in blaaroppervlakte (Figuur 3.14) toon dat die blaaroppervlakte van die lae opbrengsmikpunt behandelings relatief vinniger vanaf dag 40 as die hoë opbrengsmikpunt behandelings ontwikkel het. Dit kan waarskynlik aan die gevolg van die kleiner kompetisie tussen die individuele plante by die laer stand toegeskryf word.

3.3.1.3. Erte

Vir die bespreking van erte is die saadopbrengs, droëmateriaalopbrengs en totale evapotranspirasie in Tabel 3.8 en die peule plant⁻¹, pitte peul⁻¹ en pitmassa in Tabel 3.9 opgesom. Die akkumulasie van die droëmateriaal is in Figuur 3.15 (hoë opbrengsproef) en Figuur 3.16 (lae opbrengsproef) gestip. Die ooreenstemmende blaaroppervlakte is respektiewelik in Figuur 3.17 en Figuur 3.18 gestip. Die besproeiingskeduleringsprogram en die werklike besproeiings word in Bylaag 3.1 gelys en die algemene opmerkings daaroor in Bylaag 3.2. Reën het geen effek op die behandelings gehad nie, want dit het in totaal slegs 11 mm gedurende week 18 gereën. Die hoë opbrengsbehandelings is tussen 52 en 98 mm en die lae opbrengsproef tussen 43 en 73 mm onderbesproei omrede die gewasse vinniger ontwikkel het as wat verwag is.



Figuur 3.13 Gemiddelde droëmateriaalopbrengs van alle behandelings en die relatiewe verandering daarvan vir mielies by die hoë en lae opbrengsmikpunte



Figuur 3.14 Gemiddelde blaaroppvlakte-indeks van alle behandelings en die relatiewe verandering daarvan vir mielies by die hoë en lae opbrengsmikpunte

3.3.1.3.1 Effek van besproeiingsintervalle

i) *Hoë opbrengsmikpunt:*

Vanweë die geringe effek wat reën op die proef gehad het, kon die invloed van die besproeiingsintervalle op die produksie van erte baie duidelik waargeneem word. Die saadopbrengs en droëmateriaalopbrengs van die weeklikse besproeiings was betekenisvol hoër as die tweeweeklikse wat weer betekenisvol hoër as die drieweeklikse interval was. Die totale evapotranspirasie was dieselfde vir al drie besproeiingsintervalle. Dit impliseer dat matige plantwaterstremming by die tweeweeklikse interval en ernstige stremming by die drieweeklikse interval moes ontstaan het. Die droëmateriaalgroei in Figuur 3.15 toon dat die drieweeklikse interval vanaf dag 94 'n vertraging in groei ondervind het en teen dag 108 was die groei reeds betekenisvol laer as dié van die ander twee intervale. Die blaaroppervlakte-indeks van die drieweeklikse besproeiing in Figuur 3.17 toon dat blaargroei reeds op dag 82 betekenisvol laer as die een- en tweeweeklikse intervale was. Die tweeweeklikse interval het vanaf dag 94 stadiger blaargroei as die weeklikse interval getoon (Figuur 3.17). Dit het 'n afname in droëmateriaalopbrengs en uiteindelik saadopbrengs teen die einde van die seisoen tot gevolg gehad. Die afname in saadopbrengs was die gevolg van die minder peule wat per plant met 'n toename in die tyd tussen besproeiings gevorm het (Tabel 3.9).

ii) *Lae opbrengsmikpunt:*

Waar vir 'n lae opbrengs besproei is, het die weeklikse besproeiing 'n betekenisvolle swakker saad- en droëmateriaalopbrengs gegee (Tabel 3.8). 'n Vertraging in groei wat op plantwaterstremming dui het vanaf dag 94 in blaaroppervlakte-indeks (Figuur 3.18) en in droëmateriaalproduksie voorgekom (Figuur 3.16). Die oorskreiding van die toelaatbare onttrekkingslimiet by al die weeklikse besproeiingsintervalle bevestig dat plantwaterstremming voorgekom het (Bylaag 3.2).

Die gegewens in Tabel 3.8 toon aan dat die tweeweeklikse besproeiingsinterval waarskynlik die beste keuse is, maar wanneer die blaaroppervlakte-indeks en droëmateriaalgroei oor die seisoen (Figure 3.16 en 3.18) bestudeer word, blyk dit of die drieweeklikse besproeiings tot ten minste

Tabel 3.8 Gemiddelde saadopbrengs, droëmateriaalopbrengs en waterverbruik van erte by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe

Plantbeskikbare waterbestuurs- Proef opsies		Saadopbrengs (kg ha ⁻¹)								Droëmateriaalopbrengs (kg ha ⁻¹)								Evapotranspirasie (mm)							
		Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)							
		1		2		3				1		2		3				1		2		3			
		Gem	s*	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s
H	Vol/leeg	3497	925	2770	428	2164	559	2810	820	6122	2252	5908	246	4085	549	5372	1516	452	28	452	12	463	7	456	16
	Leeg/vol	3174	685	2872	165	1995	259	2681	650	6281	2145	5989	805	3783	301	5351	1653	544	39	569	30	578	24	563	31
	Vol/vol	4198	955	2783	185	1988	319	2989	1096	8386	907	5081	766	3873	244	5780	2112	472	16	507	33	522	16	500	30
	Leeg/leeg	3743	428	2719	535	1854	196	2772	893	7453	685	6013	194	3734	242	5733	1667	520	31	476	28	500	33	499	33
	Gemid	3653	431	2786	64	2000	127	2813	849	7060	1065	5748	447	3869	155	5559	1687	497	42	501	50	516	48	505	47
L	Vol/leeg	1538	189	2472	266	1640	86	1883	475	2961	416	5658	994	3215	95	3945	1398	374	190	258	13	292	20	308	109
	Leeg/vol	1754	260	2138	687	2266	166	2053	442	3488	880	5283	1491	4245	166	4339	1168	294	17	270	32	309	22	291	27
	Vol/vol	1512	305	1872	297	1314	567	1566	431	2577	512	3703	530	2731	766	3004	750	283	6	272	30	280	33	278	23
	Leeg/leeg	1532	157	1862	427	1518	642	1637	428	2995	267	3778	855	3389	1098	3387	786	278	4	246	18	246	19	257	21
	Gemid	1584	114	2086	287	1685	410	1785	468	3005	374	4605	1011	3395	631	3669	1139	307	45	262	12	281	27	283	59
KBVT(0.05)		H		L						H		L						H		L					
Besproeiingsinterval		485		392						770		811						nb		nb					
Plantbeskikbare waterbestuursopsies		nb		nb						nb		1034						61		nb					
Interaksie		1398		nb						2221		2337						nb		nb					


* Standaardafwyking

nb = nie betekenisvol nie


Tabel 3.9 Gemiddelde oesopbrengskomponente van erte by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe

		Peule plant ¹								Pitte peul ¹								Pitmassa (g)							
		Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)							
Plantbeskikbare waterbestuurs- Proef opsies		1		2		3				1		2		3				1		2		3			
		Gem	s*	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s
H	Vol/leeg	17.7	4.6	11.2	1.7	9.2	2.3	12.7	4.7	5.4	0.3	4.8	0.5	4.7	0.5	5.0	0.5	0.21	0.00	0.22	0.01	0.23	0.02	0.22	0.02
	Leeg/vol	16.3	1.6	11.3	3.1	8.9	1.5	12.2	3.8	4.8	0.2	4.4	0.3	4.6	0.4	4.6	0.3	0.21	0.00	0.22	0.02	0.22	0.03	0.22	0.02
	Vol/vol	13.3	1.3	8.8	1.8	8.6	1.8	10.2	2.7	4.8	0.3	4.7	0.2	5.3	0.7	4.9	0.5	0.24	0.01	0.22	0.01	0.22	0.00	0.22	0.01
	Leeg/leeg	13.8	7.3	8.3	0.7	9.3	0.3	10.5	4.5	4.6	0.1	4.1	0.1	5.1	0.4	4.6	0.5	0.23	0.02	0.23	0.01	0.21	0.02	0.22	0.01
	Gemid	15.3	2.1	9.9	1.6	9.0	0.3	11.4	4.0	4.9	0.4	4.5	0.3	4.9	0.3	4.8	0.5	0.22	0.01	0.22	0.00	0.22	0.01	0.22	0.01
L	Vol/leeg	16.6	1.6	21.0	3.7	17.0	4.9	18.2	3.8	5.1	0.6	4.8	0.2	4.9	0.2	4.9	0.3	0.20	0.01	0.19	0.01	0.22	0.02	0.20	0.02
	Leeg/vol	19.6	3.9	24.5	3.7	19.9	2.3	21.3	3.7	5.2	0.2	5.2	0.5	5.1	0.3	5.2	0.3	0.20	0.02	0.21	0.01	0.22	0.01	0.21	0.01
	Vol/vol	13.0	2.0	20.1	2.1	13.9	1.1	15.7	3.7	5.1	0.2	5.0	0.1	5.1	0.5	5.1	0.3	0.20	0.01	0.21	0.01	0.23	0.02	0.21	0.02
	Leeg/leeg	13.3	4.5	18.1	3.6	17.9	1.2	16.4	3.7	5.4	0.5	4.9	0.2	5.5	0.7	5.3	0.5	0.20	0.01	0.21	0.01	0.20	0.01	0.20	0.01
	Gemid	15.6	3.1	20.9	2.7	17.2	2.5	17.9	4.2	5.2	0.1	5.0	0.2	5.1	0.3	5.1	0.4	0.20	0.00	0.20	0.01	0.22	0.01	0.21	0.02
KBVT(0.05)		H		L				H		L				H		L				H		L			
Besproeiingsinterval		2.8		3.5				0.4		nb				nb		0.0				nb		0.0			
Plantbeskikbare waterbestuursopsies		nb		4.4				nb		nb				nb		nb				nb		nb			
Interaksie		8.0		10.1				1.2		nb				0.01		0.04									


* Standaardafwyking
nb = nie betekenisvol nie




Figuur 3.15 Die droëmateriaalakkumulasie van erte by die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is



Figuur 3.16 Die droëmateriaalakkumulasie van erte by die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir lae opbrengste besproei is



Figuur 3.17 Die verandering in blaaroppervlakte-indeks van erte vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is



Figuur 3.18 Die verandering in blaaroppervlakte-indeks van erte vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir lae opbrengste besproei is

dag 108 na plant die beste groei gehad het. Die pitmassa en peule plant⁻¹ was ook hoër by die drieweeklikse interval. 'n Veilige besproeiingstrategie vir lae opbrengsmikpunte sou wees om oor die eerste 108 dae na plant elke drie weke te besproei om groei te bewerkstellig waarna na tweeweeklikse besproeiingsintervalle oorgegaan word om goeie saadvulling te verseker.

3.3.1.3.2 Effek van verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies

i) Hoë opbrengsmikpunt:

Die verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies by die hoë opbrengsmikpunt het almal dieselfde saad- en droëmateriaalopbrengs gegee (Tabel 3.8). Die totale evapotranspirasie van die leeg-vol behandeling was betekenisvol hoër as die res, maar dit word nie in beter groei weerspieël nie (Tabel 3.8). Die hoër evapotranspirasie was skynbaar eerder die gevolg van hoër grondwater verdampingsverliese tydens die hoë besproeiings in die begin van die seisoen wanneer die grondbedekking laag is. Die oeskomponente wat in Tabel 3.9 verstrek is, het ook nie betekenisvol verskil nie.

ii) Lae opbrengsmikpunt:

By die lae opbrengsproef was die totale droëmateriaalproduksie van die vol-vol behandeling betekenisvol laer as die leeg-vol behandeling. Volgens die groeipatrone in Figuur 3.16 en Figuur 3.18 blyk dit dat die droëmateriaalproduksie en ook die blaaroppervlakte-indeks van die vol-vol behandeling die hoogste op 108 dae na plant was. Dit het daarna 'n skerp daling getoon wat daarop dui dat plantwaterstremming laat in die groeiseisoen by die vol-vol behandeling ingetree het. Hierdie stremming word bevestig deur die oorskreiding van die toelaatbare grondwateronttrekkingslimiet by meeste van die VV persele (Bylaag 3.2).

3.3.1.3.3 Interaksie tussen besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies

Hoewel die statistiese ontleding van die saad- en droëmateriaalopbrengs op 'n interaksie tussen besproeiingsintervalle en waterbestuursopsies dui, kan vir praktiese doeleindes aanvaar word dat


daar geen interaksies teenwoordig was nie (Tabel 3.8). Dieselfde afleidings geld vir die lae opbrengsmikpunt. Die verskille en tendense tussen die besproeiingsintervalle was by al die waterbestuursopsies ewe prominent.

3.3.1.3.4 Vergelyking van die groei tussen die hoë en lae opbrengsmikpunte


Soos in die geval met die vorige gewasse was die saaidigtheid en bemesting van die lae opbrengsproef laer as dié van die hoë opbrengsproef, soos in Tabel 3.2 aangedui. Die lae opbrengsproef het gevolglik ook laer plantmassas en blaaroppervlakte-indeks waardes as die hoë opbrengsmikpunt gehad (Figure 3.19 en 3.20). Om die verwantskappe vergelykbaar te maak is die waardes relatief tot die maksimum waardes uitgedruk. Die relatiewe akkumulasie in droëmateriaal (Figuur 3.19) toon dat die groeiontwikkeling van die erte by beide die hoë en lae opbrengsmikpunte dieselfde op 'n relatiewe basis was. Die maksimum waarde neem wel toe met verhoogde besproeiing.

Die relatiewe toename in die blaaroppervlakte-indeks van die lae opbrengsmikpunt was vinniger. Dit dui daarop dat blaarontwikkeling vinniger was en dat die verskillende groeistadiums vroeër intree wanneer minder water per besproeiing toegedien word.

Volgens Maurer *et al.* (1968) beskik erte oor die vermoë om by waterregimes aan te pas. Hulle het gevind dat waar erte onder hoë besproeiingregimes verbou word, dit aanhou groei deur meer nodes en langer ranke te maak, wat weer nuwe bloeisels en peule gee. Dieselfde verskynsel is in die veld by die weeklikse persele van die hoë opbrengsproef (veral H1VV en H1LL) waargeneem. Volgens Maurer *et al.* (1968) is dit juis hierdie tipe besproeiingregimes wat aan erte die persepsie gegee het dat dit 'n gewas is wat maklik verwelk. In werklikheid is dit 'n gewas wat goed by skeduleringsmetodes kan aanpas, veral in die vegetatiewe stadium tot voor begin blom.



Figuur 3.19 Gemiddelde droëmateriaalopbrengs van alle behandelings en die relatiewe verandering daarvan vir erte by die hoë en lae opbrengsmikpunte



Figuur 3.20 Gemiddelde blaaroppervlakte-indeks van alle behandelings en die relatiewe verandering daarvan vir erte by die hoë en lae opbrengsmikpunte

3.3.1.4 Grondbone

3.3.1.4.1 Effek van besproeiingsintervalle

i) *Hoë opbrengsmikpunt*

Besproeiingsintervalle het geen statisties betekenisvolle verskil in die saadopbrengs, droëmateriaalopbrengs en evapotranspirasie, waar vir hoë grondboonopbrengste besproei is, veroorsaak nie (Tabel 3.10). Daar is wel 'n tendens dat beide die saad- en totale biomassaproduksie by die twee- en drieweeklikse intervale hoër as by die weeklikse besproeiing was. Dit is teenstrydig met die bevindings vir koring, mielies en erte waar weeklikse besproeiings, wanneer vir hoë opbrengste gemik word, die hoogste produksie gegee het. Reddi, Yadhali & Patil (1969) het ook gevind dat 'n sewe- en agtdag besproeiingsinterval op 'n rooi-leemgrond respektiewelik 'n 77 en 46% hoër saadopbrengs as 'n 10 dag siklus gegee. Rasve, Bharambe & Ghonsikar (1983) het in 'n eksperiment met 8, 10, 13 en 18 dag besproeiingsintervalle gevind dat die agtdag siklus die hoogste saad- en droëmateriaalopbrengs en die 18 dag siklus die laagste gegee het. 'n Verhoging in saadopbrengs van grondbone met 'n verkorting van die besproeiingsintervalle na 5 tot 7 dae is deur Jain & Mishra, (1972), Saini, Tripathi & Cheema, (1973), Reddy, Chalam & Sankara Reddy (1982) en Rameshbabu, Reddy, Reddy & Veeraghavaiah, (1984) gevind.

Die mees waarskynlike verklaring vir die teenstrydige resultate in hierdie proef, t.o.v. die effek van besproeiingsintervalle op opbrengs, is dat die voorkom van peulvrot (*Chalara Elegan*) wat waargeneem is 'n groter opbrengsverlaging by die weeklikse as by die ander behandelings gehad het. Die aantal besmette peule per behandeling is nie bepaal nie. 'n Visuele kwantifisering het getoon dat gemiddeld 42% van die persele besmet was. Die besmetting van die behandelings wat drieweekliks besproeiing is, was die laagste. Dit is bekend dat aanhoudende nat grondtoestande bevorderlik vir swart peulvrot is. Die verandering in droëmateriaalgroei (Figuur 3.21) en blaaroppervlakte-indeks (Figuur 3.23) toon duidelik dat die drieweeklikse besproeiings 'n vertraagde groei oor die eerste 60 dae na plant (vegetatiewe periode) tot gevolg gehad het.

Tabel 3.10 Gemiddelde saadopbrengs, droëmateriaalopbrengs en waterverbruik van grondbone by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe

Plantbeskikbare waterbestuurs- Proef opsies		Saadopbrengs (kg ha ⁻¹)								Droëmateriaalopbrengs (kg ha ⁻¹)								Evapotranspirasie (mm)							
		Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)							
		1		2		3				1		2		3				1		2		3			
		Gem	s*	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s
H	Vol/leeg	2426	416	3785	68	3077	489	3096	671	10546	722	12201	131	12101	1862	11616	1283	679	66	703	70	741	42	708	32
	Leeg/vol	2873	1051	3418	763	2543	494	2945	793	12573	1728	12849	1928	12298	1258	12574	1459	738	91	767	78	812	12	772	37
	Vol/vol	2981	690	3037	1551	3783	273	3267	943	13142	1403	13674	1680	14449	555	13755	1265	733	44	716	29	782	55	744	34
	Leeg/leeg	2939	1013	3650	831	3144	170	3244	733	12575	1098	13408	700	13871	1204	13285	1053	750	111	741	91	801	23	764	32
	Gemid	2805	256	3472	328	3137	508	3138	768	12209	1141	13033	653	13180	1159	12807	1467	725	32	732	28	784	31	747	39
L	Vol/leeg	694	623	1757	435	1284	241	1245	645	6240	1844	9099	492	7239	318	7526	1551	523	43	563	32	535	21	540	20
	Leeg/vol	700	362	1360	419	1264	547	1108	497	5648	1799	7324	1875	7432	542	6801	1585	493	38	529	26	503	20	509	19
	Vol/vol	1497	462	2322	358	1811	205	1877	475	8198	964	9412	1029	9529	483	9046	981	599	32	612	17	568	36	593	22
	Leeg/leeg	713	177	1799	216	1763	331	1425	648	6400	613	8324	727	9223	166	7983	1526	491	21	569	58	529	33	530	39
	Gemid	901	397	1810	395	1531	297	1414	613	6622	1100	8540	930	8356	1188	7839	1607	527	51	568	34	534	27	543	40
KBVT(0.05)		H		L						H		L						H		L					
Besproeiingsinterval		nb		434						nb		1179						nb		34					
Plantbeskikbare waterbestuursopsies		nb		553						1700		1505						nb		45					
Interaksie		nb		nb						nb		nb						nb		109					


* Standaardafwyking

nb = nie betekenisvol nie


Tabel 3.11 Gemiddelde lengte van die hoofhalm, aantal nodes hoofhalm⁻¹ en aantal syhalms plant⁻¹ van grondbone by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpun

		Halmlengte (cm)								Nodes halm ⁻¹								Aantal syhalms							
		Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)							
Plantbeskikbaar waterbestuurs- Proef opsies		1		2		3				1		2		3				1		2		3			
		Gem	s*	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s
H	Vol/leeg	264.4	68.5	282.2	55.4	358.9	32.9	301.9	64.0	9.0	1.3	9.0	0.6	11.3	0.3	9.8	1.4	5.0	1.3	4.6	0.4	5.0	0.0	4.9	0.7
	Leeg/vol	282.2	42.3	335.6	36.9	405.6	105.2	341.1	80.2	8.6	1.0	11.4	0.4	13.0	1.8	11.0	2.2	4.6	1.0	4.9	0.5	4.4	0.4	4.6	0.6
	Vol/vol	337.8	40.7	372.2	30.1	390.0	21.9	366.7	35.9	10.7	1.2	11.6	0.7	10.8	0.2	11.0	0.8	4.8	0.5	3.8	0.4	4.6	0.5	4.4	0.6
	Leeg/leeg	344.4	27.8	361.1	25.0	424.4	30.2	376.7	43.7	11.6	1.4	11.7	0.9	10.9	1.2	11.4	1.1	4.9	0.5	4.3	0.0	4.1	0.8	4.4	0.6
	Gemid	307.2	39.9	337.8	40.1	394.7	27.7	346.6	63.2	9.9	1.4	10.9	1.3	11.5	1.0	10.8	1.5	4.8	0.2	4.4	0.5	4.5	0.4	4.6	0.6
L	Vol/leeg	181.1	56.2	227.8	18.4	198.9	75.0	202.6	52.6	7.6	1.1	9.0	0.9	7.8	0.7	8.1	1.0	4.9	0.8	4.7	0.3	4.9	0.5	4.8	0.5
	Leeg/vol	151.1	29.1	138.9	21.4	192.2	55.0	160.7	40.9	7.6	0.5	7.0	0.3	7.8	1.0	7.4	0.7	4.0	0.3	4.4	0.2	4.3	0.9	4.3	0.5
	Vol/vol	230.0	83.9	237.8	23.6	248.9	79.2	238.9	59.4	9.2	2.2	9.0	0.7	9.0	0.9	9.1	1.2	5.3	1.5	4.9	0.8	4.9	0.5	5.0	0.9
	Leeg/leeg	121.1	10.7	154.4	33.4	226.7	52.4	167.4	52.9	7.4	1.3	6.9	0.2	8.3	1.0	7.6	0.9	4.6	0.4	4.9	0.4	4.8	0.6	4.7	0.5
	Gemid	170.8	46.4	189.7	50.3	216.7	26.2	192.4	58.7	7.9	0.9	8.0	1.2	8.2	0.6	8.0	1.2	4.7	0.6	4.7	0.2	4.7	0.3	4.7	0.7
KBVT(0.05)		H		L						H		L						H		L					
Besproeiingsinterval		50.0		nb						1.0		nb						0.2		nb					
Plantbeskikbare waterbestuursopsies		63.0		65.0						1.3		1.3						0.3		0.3					
Interaksie		143.0		nb						3.0		nb						0.4		nb					


* Standaardafwyking
nb = nie betekenisvol nie




Figuur 3.21 Die droëmateriaalakkumulasie van grondbone by die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is



Figuur 3.22 Die droëmateriaalakkumulasie van grondbone by die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir lae opbrengste besproei is



Figuur 3.23 Die verandering in blaaroppervlakte-indeks van grondbone vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir hoë opbrengste besproei is



Figuur 3.24 Die verandering in blaaroppervlakte-indeks van grondbone vir die verskillende besproeiingsintervalle en plantbeskikbare waterbestuursopsies waar vir lae opbrengste besproei is

Vanaf 60 dae na plant het die groeitempo van die drieweeklikse besproeiingsbehandelings sodanig toegeneem dat die totale plantmassa, blaaroppervlakte-indeks, aantal syhalms, aantal nodusse op die hoofhalm asook die lengte van die hoofhalm betekenisvol hoër as die ander behandelings was. Die beter groei het egter nie tot 'n verhoogde saadopbrengs gelei nie. 'n Kombinasie van langer besproeiingsintervalle van die vegetatiewe en korter intervale in die reprodktiewe groeistadiums is skynbaar wenslik. Narayana (1976) het die beste saadopbrengsresultate behaal deur 'n besproeiingstrategie te volg waarin een besproeiing elke 12 dae tydens die vegetatiewe tot blomverskyning stadium en een besproeiing elke ses dae gedurende die peulvorming tot rypwording stadium te gee.

ii) *Lae opbrengsmikpunt:*

Die gemiddelde saad- en totale droëmateriaalopbrengs van die tweeweeklikse en drieweeklikse besproeiingsbehandelings was betekenisvol hoër as die weeklikse besproeiings vir 'n lae opbrengsmikpunt (Tabel 3.10). Dit is in ooreenstemming met die bevindings vir al die ander gewasse. Die totale evapotranspirasie van die tweeweeklikse besproeiingsinterval was ook betekenisvol hoër as beide die weeklikse en drieweeklikse intervale. Die halmlengte, aantal nodes per halm en aantal syhalms het nie betekenisvol verskil nie (Tabel 3.11). Die droëmateriaal groeikurve in Figuur 3.22 en die verandering in blaaroppervlakte-indeks in Figuur 3.24 toon aan dat die grondboonplante van die weeklikse besproeiingsbehandelings reeds vanaf 60 dae na plant stadiger gegroei het. Die tweeweeklikse besproeiingsinterval, wat die hoogste saadopbrengs en evapotranspirasie gehad het, het ook die hoogste waterverbruiksoeltreffendheid van 4.74 kg saad $\text{ha}^{-1} \text{mm}^{-1}$ teenoor 3.87 en 4.0 kg saad $\text{ha}^{-1} \text{mm}^{-1}$ van die ander behandelings.

3.3.1.4.2 **Effek van verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies**

i) *Hoë opbrengsmikpunt:*

Die groeiparameters vir die verskillende waterbestuursopsies van die hoë opbrengsmikpunt word in Tabele 3.10 en 3.11 verstrekk. Die verskillende waterbestuursopsies het nie 'n betekenisvolle effek op die saadopbrengs en totale evapotranspirasie gehad nie. Dit het wel die droëmateriaalopbrengs beïnvloed deurdat die vol-leeg opsie 'n betekenisvol laer opbrengs as die

vol-vol opsie gehad het. Hierdie resultate dui dus daarop dat die vol-leeg opsie plantwaterstremming gedurende die seisoen moes ondervind het (Bylaag 3.2). Hierdie stremming het ook 'n betekenisvol laer halmlengte en minder nodes tot gevolg gehad (Tabel 3.11). Die droëmateriaalgroei (Figuur 3.21) en die blaaroppervlakte-indeks (Figuur 3.23) toon aan dat beide die vol-leeg en vol-vol behandelings aanvanklik tot ongeveer 100 dae na plant vinniger as die ander behandelings gegroei het. Die blaaroppervlakte-indeks van albei die opsies wat vol begin het, het vanaf dag 122 skerp gedaal. Hieruit kan afgelei word dat plantwaterstremming dus oor die laaste gedeelte van die groeiseisoen van die begin-vol opsies voorgekom het.

ii) *Lae opbrengsmikpunt:*

By die lae opbrengsproef was die saadopbrengs, droëmateriaalopbrengs en evapotranspirasie van die vol-vol opsie betekenisvol hoër as beide die leeg-vol en vol-leeg opsies. Volgens die droëmateriaal-akkumulasie (Figuur 3.22) en blaaroppervlakte-indeks (Figuur 3.24) het die vol-vol bestuursopsie na dag 62 vinniger as die res van die bestuursopsies gegroei. Die beter groei by die vol-vol opsie word ook deur die betekenisvol hoër halmlengte, nodes per halm en aantal syhalms in Tabel 3.11 weerspieël.

Al die plantbeskikbare waterbestuursopsies van die lae opbrengsmikpuntbehandelings het plantwaterstremming van verskillende grade gedurende die groeiseisoen ondervind (Bylaag 3.2), omrede daar met 'n laer vereiste profielwaterinhoud begin is.

3.3.1.4.3 Interaksie tussen besproeiingsintervalle en die plantbeskikbare waterbestuursopsies

Daar was geen sinvolle betekenisvolle interaksie tussen besproeiingsintervalle en die verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies vir die verskillende produksieparameters wat in Tabelle 3.10 en 3.11 vir die hoë opbrengsmikpunt weergegee word nie.

By die lae opbrengsgroep was daar geen betekenisvolle interaksie tussen die besproeiingsintervalle en verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies t.o.v. beide die saad- en droëmateriaalopbrengs teenwoordig nie (Tabel 3.10). Daar was wel betekenisvolle

interaksieverskille by die totale evapotranspirasie. Die L2VV behandeling het betekenisvol meer water as die L1LL, L1LV en L3LV handelings gebruik. Die gemiddelde waterverbruiksdoeltreffendheid van die genoemde handelings was ook twee keer laer as die 4 kg saad ha⁻¹ mm⁻¹ van die L2VV behandeling. Die gemiddelde halmlengte van die handelings was 83 cm (35%) korter as die 238 cm van die L2VV en daarby het genoemde handelings ook een syhalm per plant minder gehad. Dit dui alles daarop dat die lae opbrengsbehandeling wat tweeweekliks volgens die vol-vol waterbestuursopsie besproei is die beste resultate gelewer het.

3.3.1.4.4 Vergelyking van die groei tussen die hoë en lae opbrengsmikpunte


Die gemiddelde droëmateriaalopbrengs van al die handelings van die hoë en lae opbrengsproewe word grafies in Figuur 3.25 en die ooreenstemmende blaaroppervlakte-indeks in Figuur 3.26 gestip. Dit is duidelik vanuit die figure dat die groei by die lae opbrengsproef reeds vanaf 38 dae na plant stadiger was en dat die verskil oor die verloop van die groeiseisoen groter geword het. Die relatiewe akkumulasie in droëmateriaal en toename in blaaroppervlakte was vir beide proewe dieselfde (Figure 3.25 en 3.26).

3.3.1.5 Aartappels


Die aartappelproef is gedurende die afsluiting van die projek geplant en dit was nie moontlik om die relevante groeiparameters op verskillende tye te meet nie. Slegs die finale knolopbrengs en die totale evapotranspirasie word in Tabel 3.12 verstrekk. Daar is geen statisties betekenisvolle verskil tussen die knolopbrengs of evapotranspirasie van die besproeiingsintervalle of waterbestuursopsies van beide die hoë en lae opbrengsmikpunte nie. Die rede hiervoor is die 381 mm reën wat redelik goed verspreid deur die groeiseisoen geval het.

3.3.2 Effek van besproeiingsintervalle op wortelontwikkeling van koring, mielies, erte en grondbone

Besproeiingsintervalle het oor die algemeen 'n groter effek as die verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies op die bogrondse groei van die gewasse gehad. Daarom sal slegs die invloed van die weeklikse en drieweeklikse besproeiingsintervalle op die wortelgroeiparameters bespreek



Figuur 3.25 Gemiddelde droëmateriaalopbrengs van alle behandelings en die relatiewe verandering daarvan vir grondbone by die hoë en lae opbrengsmikpunte



Figuur 3.26 Gemiddelde blaaroppervlakte-indeks van alle behandelings en die relatiewe verandering daarvan vir grondbone by die hoë en lae opbrengsmikpunte

word. Besproeiings met intervale korter as 4 dae het vlakker wortelstelsels by koring as byvoorbeeld 12 dae intervale tot gevolg gehad (Proffitt, Berliner & Oosterhuis, 1984). In hierdie ondersoek is daar geen verskil in die maksimum bewortelingsdiepte, wat gedurende die piekgroefase van die onderskeie gewasse by die hoë en lae opbrengste bepaal is, waargeneem nie (Bylaag 3.7). Daar is nie ooglopende verskille in die verandering in bewortelingsdigtheid met diepte van koring (Figuur 3.27), erte (Figuur 3.29) en grondbone (Figuur 3.30) wanneer die gemiddelde waardes van die weeklikse en drieweeklikse besproeiings vergelyk word nie. Hierdie afleiding is geldig vir beide die hoë en lae opbrengsmikpunte. Profitt *et al.* (1984) het dieselfde waarneming in proewe wat te Roodeplaat uitgevoer is, gevind. Dit wil voorkom asof die drieweeklikse besproeiings by die hoë opbrengsmikpunt by al die gewasse hoër bewortelingsdigthede onder in die wortelsone tot gevolg gehad het. Die neem van wortelmonsters verg baie tyd en arbeid en omdat die effek van die besproeiingsintervalle grootliks deur reën, tydens die proef met mielies, opgehef is, is daar slegs by die weeklikse besproeiingspersele monsters geneem. Die verandering in die bewortelingsdiepte van die weeklikse besproeiingsinterval word volledigheidshalwe vir die hoë en lae opbrengsmikpunte in Figuur 3.28 gestip.

Die maksimum wortellengte-indeks (L_{maks} , mm mm^{-2}), wortelindringingstempo (WIT, mm dag^{-1}) en die relatiewe diepte (RD) waarbinne 90% van die totale wortellengte voorkom, word in Tabel 3.13 verstek. Al drie hierdie veranderlikes is nie deur die twee besproeiingsintervalle vir beide die hoë en lae opbrengste van koring, erte en grondbone beïnvloed nie (Tabel 3.13). Al drie die wortelgroeiparameters vergelyk goed met die BEWAB-waardes vir erte en grondbone (Tabel 3.13). By koring en mielies is daar egter verskille teenwoordig. Die wortellengte-indeks van koring is ongeveer 2.3 keer groter as die BEWAB-waarde, terwyl mielies weer 2.7 keer laer is. Die relatiewe diepte waarbinne 90% van die totale wortellengte voorkom, is by koring en mielies albei hoër (0.83) as die BEWAB-waardes vir koring (0.75) en vir mielies (0.65). Die wortelindringingstempo was by albei gewasse in dieselfde orde (koring = 17.3 mm dag^{-1} en mielies 20 mm dag^{-1}) as die BEWAB-waardes van koring (17.7 mm dag^{-1}) en mielies (24 mm dag^{-1}).


Tabel 3.12 Gemiddelde knolopbrengs en waterverbruik van aartappels by die verskillende waterbestuursopsies van die hoë en lae opbrengsmikpuntproewe

		Knolopbrengs (kg ha ⁻¹)								Waterverbruik (mm)							
		Besproeiingsinterval (weke)								Besproeiingsinterval (weke)							
Proef	Plantbeskikbare waterbestuurs- opsies	1		2		3				1		2		3			
		Gem	s*	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s	Gem	s
H	Vol/leeg	56268	2315	49007	9322	52925	8642	52733	7186	776	25	775	42	766	39	772	32
	Leeg/vol	56283	8725	62400	15293	46171	10713	54951	12513	780	48	778	26	799	37	786	35
	Vol/vol	54562	6001	55351	8436	52398	9792	54104	7247	802	8	781	8	817	13	800	18
	Leeg/leeg	55656	6673	54889	3498	44458	3212	51668	6791	750	39	749	19	768	29	756	28
	Gemid	55693	808	55411	5481	48988	4304	53364	8472	777	21	771	15	787	25	778	32
L	Vol/leeg	33907	11915	45831	14385	39646	5791	39795	11058	670	48	624	93	685	62	660	67
	Leeg/vol	53929	21062	59431	19707	42578	10418	51979	17045	708	23	698	4	660	10	689	25
	Vol/vol	49663	4455	49063	6616	42205	3559	46977	5652	722	45	661	28	644	57	676	53
	Leeg/leeg	47865	6570	48084	2750	44824	3560	46924	4282	696	30	635	54	669	53	667	48
	Gemid	46341	8670	50602	6039	42313	2121	46419	11190	699	22	655	33	665	17	673	50
KBVT(0.05)				H		L						H		L			
Besproeiingsinterval				nb		nb						nb		nb			
Plantbeskikbare waterbestuursopsies				nb		nb						nb		nb			
Interaksie				nb		nb						nb		nb			


* Standaardafwyking

Tabel 3.13 Wortelgroeiparameters vir verskillende gewasse by die weeklikse en drieweeklikse besproeiings vir die hoë (H) en lae (L) opbrengsmikpunte


Gewas	Besproeiings- intervalle	Lmaks (mm mm ⁻²)		WIT (mm dag ⁻¹)		Relatiewe diepte(RD)	
		H	L	H	L	H	L
Koring	Weekliks	11.48	13.25	17.3	17.3	0.83	0.83
	Drieweekliks	12.52	12.62	17.3	17.3	0.83	0.83
	Gemid	12.00	12.93	17.3	17.3	0.83	0.83
	BEWAB	5.33	5.33	17.7	17.7	0.75	0.75
Mielies	Weekliks	3.44	3.04	20.0	20.0	0.83	0.83
	Drieweekliks	-	-	-	-	-	-
	Gemid	3.44	3.04	20.0	20.0	0.83	0.83
	BEWAB	9.40	9.40	24.0	24.0	0.65	0.65
Erte	Weekliks	1.98	1.48	16.0	16.0	0.80	0.80
	Drieweekliks	2.58	1.83	16.0	16.0	0.80	1.00
	Gemid	2.28	1.66	16.0	16.0	0.80	0.90
	BEWAB	2.72	2.72	12.7	12.7	0.80	0.80
Grondbone	Weekliks	6.16	5.87	20.0	20.0	0.83	0.83
	Drieweekliks	6.66	6.15	20.0	20.0	0.83	0.83
	Gemid.	6.41	6.01	20.0	20.0	0.83	0.83
	BEWAB	7.71	7.71	22.1	22.1	0.75	0.75




Figuur 3.27 Verandering in die bewortelingsdigtheid van die weeklikse en drieweeklikse besproeiings van koring met diepte by hoë (H) en lae (L) opbrengsmikpunte



Figuur 3.28 Verandering in die bewortelingsdigtheid van die weeklikse besproeiings van mielies met diepte by hoë (H) en lae (L) opbrengsmikpunte



Figuur 3.29 Verandering in die bewortelingsdigtheid van die weeklikse en drieweeklikse besproeiings van erte met diepte by hoë (H) en lae (L) opbrengsmikpunte



Figuur 3.30 Verandering in die bewortelingsdigtheid van die weeklikse en drieweeklikse besproeiings van grondbone met diepte by hoë (H) en lae (L) opbrengsmikpunte

3.4 Samevatting

Die lengte van die interval tussen besproeiings het 'n groter effek op die groei en produksie van die onderskeie gewasse gehad as die wyse waarop die plantbeskikbare waterinhoud van die bewortelde profiel bestuur is. Wanneer daar vir 'n hoë opbrengsmikpunt besproei is, het die kortste behandelingsinterval van 7 dae (weekliks) vir koring, mielies, erte en aartappels die hoogste produksie verseker. By grondbone was die optimum interval die tweeweeklikse besproeiingsbehandelings.

'n Verlaging van die opbrengsmikpunt na die helfte van die hoë opbrengsmikpunt het tot gevolg gehad dat die hoogste en mees effektiewe produksietoestande by die twee of drieweeklikse besproeiingsintervalle voorgekom het vir al die genoemde gewasse, behalwe aartappels. Die hoë en goed verspreide reënval gedurende die groeiseisoen van die aartappelproef het al die moontlike behandelingsverskille geneutraliseer.

Die optimum interval tussen besproeiings vir die genoemde gewasse is dus omgekeerd eweredig aan die opbrengsmikpunt d.w.s. hoe laer die opbrengsmikpunt hoe langer word die interval tussen besproeiings waarvolgens optimum groeitoestande verseker word. Dit wil ook voorkom asof die optimum grondwaterregime vir produksie by lae opbrengsmikpunte eerder 'n kombinasie van besproeiingsintervallengtes vereis bv. langer twee- tot drieweeklikse intervalle gedurende die vegetatiewe groeistadiums van die gewas en korter weeklikse intervalle gedurende die sensitiewe reprodutiewe groeistadiums. Vir maksimum of optimum opbrengsmikpunte word maksimum vegetatiewe groei en dus korter besproeiingsintervalle vereis. Hierdie afleidings sal verder in Hoofstuk 5 vir insluiting in die BEWAB-program ondersoek word.

Die verskillende bestuursopsies vir die regulering van die plantbeskikbare water binne die wortelsone, naamlik vol-vol, vol-leeg, leeg-leeg en leeg-vol, het weinig effek op die groei en produksie van die verskillende gewasse gehad indien vir 'n hoë opbrengsmikpunt geskeduleer word. Indien daar vir lae opbrengsmikpunte geskeduleer word, is die eindig-vol bestuursopsies onsuksesvol omdat die plante alle beskikbare water, in die afwesigheid van oormatige reën laat in die groeiseisoen, benut.

HOOFSTUK 4

EVALUERING VAN DIE BEWAB WATERBESTUURSOPSIES BY HOË EN LAE TEIKENOPBRENGSTE EN VERSKILLENDEN BESPROEIINGSINTERVALLE

4.1 Inleiding

Die verskillende wyses waarop die plantbeskikbare water in die wortelsone, tydens die groeiseisoen bestuur kan word, word volledig in Hoofstuk 1 en samevattend in Afdeling 3.2.1 bespreek. In hierdie hoofstuk gaan die effek van die vier wyses waarop die plantbeskikbare waterinhoud bestuur kan word, en die invloed van drie intervalle tussen besproeiings op die evapotranspirasie- produksiefunksie, die seisoenale gewaswaterverbruik en die verandering in plantbeskikbare waterinhoud binne die wortelsone, ondersoek word. Dieselfde totale seisoenale gewaswaterbehoefte, wat vanaf die water- produksiefunksie vir 'n gegewe oesopbrengsmikpunt beraam word, word vir enige van die vier plantbeskikbare waterbestuursopsies gebruik. Dit is ook die geval by die berekening van die daaglikse gewaswaterbehoefte. Die geldigheid van hierdie aannames moet nog getoets word.

4.2 Resultate en bespreking

4.2.1 Water-produksiefunksies

4.2.1.1 Inleiding

Die verwantskap tussen produksie (Y , kg ha^{-1}) en evapotranspirasie (ET , mm), ook die water-produksiefunksie genoem, word in BEWAB as 'n lineêre funksie (Vergelyking 4.1) voorgestel.

$$Y = a.ET - b \quad (4.1)$$

waar a = konstante gelyk aan die gewaswaterverbruiksdooeltreffendheid ($\text{kg ha}^{-1} \text{ mm}^{-1}$)
 $a = (Y + b)/ET$ of $Y/(ET - ET_x)$

- b = konstante wat afhanklik is van die evapotranspirasie (ET_x , mm) vir 'n nul opbrengs dus $ET_x = b/a$ of $b = a \cdot ET_x$. Wanneer Y = totale biomassa-produksie, is ET_x 'n beraming van die hoeveelheid water wat gedurende die groeiseisoen vanaf die grondoppervlak verdamp het.

Teoreties behoort die helling van die water-produksiefunksie (a in Vergelyking 4.1) in die afwesigheid van plantwaterstremming dieselfde vir al die waterbestuursopsies te wees. Die Y-afsnit (b in vergelyking 4.1) wat onder andere van die verdamping van water vanaf die grondoppervlak afhanklik is, behoort deur die aantal besproeiings, d.w.s. besproeiingsintervalle, geaffekteer te word. Die Y-afsnit kan ook deur byvoorbeeld die leeg-leeg opsie beïnvloed word omdat die gewas vanaf opkoms, wanneer die plantbedekking van die grondoppervlak laag en potensiele grondoppervlakverdamping hoog is, swaar besproei word.

Die water-produksiefunksie word gebruik om die totale gewaswaterbehoefte (W , mm = $(Y + b)/a$) oor die groeiseisoen van 'n gewas by 'n gekose opbrengsmikpunt (Y , kg ha⁻¹) te bereken. Dié waarde word in Vergelyking 4.1 gebruik om die daaglikse gewaswaterbehoefte te beraam.


4.2.1.2 Koring

Die water-produksiefunksies vir koring, nl. die verwantskap tussen graan of totale plantmassa geproduseer en totale evapotranspirasie, word in Figuur 4.1 vir graan en Figuur 4.2 vir totale plantmassa aangedui. Die funksie wat die beste passing deur al die datapare in Figuur 4.1 (lyn 3) gee, verskil baie in helling en Y-afsnit van die funksie wat in BEWAB gebruik word (lyn 1). Die lineêre water-produksiefunksie is slegs geldig vir toestande waar geen nadelige plantwaterstremming voorgekom het nie. Soos aangedui in Afdeling 3.3.1.1 het behandeling L1LL 'n betekenisvol swakker oesopbrengs as die ander behandelings met 'n lae opbrengsmikpunt gehad. Die rede was die baie lae oesindeks van 0.32 wat op skadelike plantwaterstremming gedurende die reprodutiewe groeistadia dui. Dit word in Bylaag 3.5 bevestig waar aangedui word dat die waterinhoud van die wortelsone van behandeling L1LL gedurende die laat vegetatiewe en reprodutiewe stadium laer as die onderste grens van plantbeskikbare water gedaal het. Dit was ook die geval vir behandelings L2LL en L1LV wat almal oesindekswaardes van 0.35 en laer gehad het. Oesindekswaardes van 0.40 en hoër dui oor


die algemeen op gunstige groeitoestande gedurende die graanvullingsperiode van koring. Indien behandelings L1LL, L2LL en L1LV uitgelaat word, word 'n water-produksiefunksie met dieselfde helling as die BEWAB-funksie verkry (lyn 2). Die funksie sny die x-as by 123 mm in plaas van die 30 mm waarde van die BEWAB-funksie. Dit dui op 'n hoër grondwater verdampingskomponent gedurende hierdie proef. Met die berekening van die BEWAB-funksie is datapare wat onder droëlandtoestande bepaal is, ingesluit (Bennie *et al.*, 1988). Die grondwaterverdampingswaarde van 30 mm wat verkry is, is heelwat laer as die 100 tot 120 mm wat in die literatuur gerapporteer is (Leggett, Ramig, Johnson & Massee, 1974; volgens Hanks & Rasmussen, 1982). Die gewaswaterverbruiksdoeltreffendheid of helling van die aangepaste funksie is $11.88 \text{ kg graan ha}^{-1} \text{ mm}^{-1}$ en stem goed met die 11.38-waarde van die BEWAB-funksie ooreen.

Die volgende afleidings rakende die water-produksiefunksies vir koring (Figure 4.1 en 4.2) kan gemaak word:

- i) Die hellings (a, vergelyking 4.1) van 11.38 en $11.88 \text{ kg graan ha}^{-1} \text{ mm}^{-1}$ of 27 kg totale biomassa $\text{ha}^{-1} \text{ mm}^{-1}$ kan as korrek aanvaar word.
- ii) Indien die koëffisient a as 'n konstante aanvaar word, moet die koëffisient b so gekies word dat $b/a = ET_x$, nl. dié gedeelte van die evapotranspirasie wat vanaf die grondoppervlak verdamp, dus $b = ET_x \cdot a$. 'n Geskikte metode om die grondwaterverdamping (ET_x , mm) te bereken word dus benodig en sal in Hoofstuk 5 behandel word.
- iii) Wanneer a as 'n konstante vir hierdie proef aanvaar word, is dit duidelik dat die grondwaterverdampingsfraksie (ET_x) vir die weeklikse en sommige tweeweklikse begin-leeg bestuursopsies hoër was as vir die res, wat weinig verskil het. Die rede hiervoor is dat die toestande vir verdampingsverliese vanaf die grondoppervlak meer gunstig is wanneer oorbesproeiing, om die potensiële wortelsone te benat, vroeg in die groeiseisoen plaasvind. Hoe korter die intervale tussen besproeiings, hoe meer insidente is daar waar verdamping teen 'n hoë tempo kan plaasvind met 'n gevolglike hoër totale verlies (ET_x). Hierdie aspek sal in Hoofstuk 5 behandel word.



Figuur 4.1 Graanopbrengs-waterverbruiksfunksies vir koring



Figuur 4.2 Droëmateriaalopbrengs-waterverbruiksfunksie vir koring


4.2.1.3 Mielies

Die water-produksiefunksies vir mieliegraan word in Figuur 4.3 en die totale biomassa in Figuur 4.4 aangedui. As gevolg van die bogemiddelde reënval gedurende die groeiseisoen is die effek van besproeiingsintervalle en die begin- en eindig-leeg waterbestuursopsies grootliks uitgeskakel. Die graanopbrengs water-produksiefunksie in Figuur 4.3 het dieselfde helling as die BEWAB-funksie maar die ET_x -waarde van 98 mm is laer as die 181 mm van die BEWAB-funksie a.g.v. die koeler en natter klimaatstoestande waaronder dit bepaal is. Dit dui daarop dat die b-koëffisiënt in die water-produksiefunksie seisoen-, lokaliteit- en grondafhanklik is. Hierdie aspek behoort meer dinamies binne die BEWAB-prosedure hanteer te word (Hoofstuk 5). Die gewaswaterverbruiksdoeltreffendheid van 17.61 kg graan $ha^{-1} mm^{-1}$ stem goed met die 18.05 van die BEWAB-funksie ooreen en kan as korrek aanvaar word.


4.2.1.4 Grondbone

Die water-produksiefunksies vir grondbone word in Figure 4.5 en 4.6 vir saadopbrengs en totale biomassa respektiewelik verstrekk. Die helling van 8.14 kg $ha^{-1} mm^{-1}$ van die funksie in Figuur 4.5 stem goed met die BEWAB-waarde van 7.95 ooreen. Die ET_x -waarde van 365 mm is egter hoër as die 280 mm van die BEWAB-funksies. Dit dui op 'n hoër komponent van grondwaterverdamping wat in Hoofstuk 5 behandel sal word. Die weeklikse behandelings van die lae opbrengsmikpunt (L1LV en L1LL) en die drieweeklikse behandelings van die hoë opbrengsmikpunt proef (H3LL en H3LV) wat leeg begin het, het laer saadopbrengste en oesindekse as die vergelykbare behandelings gehad. Die laer oesindekswaardes dui op plantwaterstremming a.g.v. hoër verliese aan grondoppervlakverdamping, dus hoër ET_x waardes waarvoor korreksies aangebring sal moet word (Hoofstuk 5).


Anders as by die graangewasse koring en mielies, waar die oesindeks vir nie-gestremde behandelings konstant was, neem die oesindeks vir grondbone af met 'n afname in evapotranspirasie of totale biomassa (Figuur 4.7).




Figuur 4.3 Graanopbrengs-waterverbruiksfunksies vir mielies




Figuur 4.4 Droëmateriaalopbrengs-waterverbruiksfunksie vir mielies




Figuur 4.5 Graanopbrengs-waterverbruiksfunksie vir grondbone



Figuur 4.6 Droëmateriaalopbrengs-waterverbruiksfunksie vir grondbone



Figuur 4.7 Die verwantskap tussen oesindeks en droëmateriaalopbrengs vir grondbone



Figuur 4.8 Graanopbrengs-waterverbruiksfunksie vir droë-erte


4.2.1.5 Erte

Die water-produksiefunksies vir ertesaad en die totale biomassa word onderskeidelik in Figure 4.8 en 4.9 aangedui. In die berekening van die funksies is die datapare van die drieweeklikse hoë opbrengs behandelings weggelaat omdat dit aan ernstige plantwaterstremming op verskeie geleenthede gedurende die groeiseisoen onderwerp was. Omdat erte 'n relatief lae toelaatbare onttrekking (TO) het, was die drieweeklikse besproeiingsinterval te lank en profieluitdroging het by verskeie geleenthede die TO oorskry. Die datapare L2VL en L2LV is ook in die berekening van die regressielyne in Figure 4.8 en 4.9 uitgelaat omdat die totale droëmateriaalproduksie onrealisties hoog is. Die rede vir die onrealistiese hoë droëmateriaal- of lae evapotranspirasiewaardes is nie duidelik nie. Uitgelate waardes is in die figure omkring.


Die BEWAB-funksie (Lyn 2) wat op Figuur 4.8 aangedui is, is vanaf gepubliseerde data saamgestel en die funksie van die lynbronproef (Figuur 2.4) word ook aangedui. Vir die drie funksies is die wisseling in die gewaswaterverbruiksdooeltreffendheid tussen 7.12 en 8.07 kg ha⁻¹ mm⁻¹, weglaatbaar klein. Die ET_x-waardes stem ook goed ooreen en wissel tussen 24 en 50 mm. Hieruit kan daar afgelei word dat, met die nodige aanpassing in die ET_x-waarde, die water-produksiefunksie vir erte korrek is.

4.2.1.6 Aartappels

Die water-produksiefunksie vir die aartappelproef wat in Figuur 4.10 (lyn 3) aangedui word, verskil baie van die funksie wat die vorige seisoen onder die lynbron (Afdeling 2.3.1) bepaal is (lyn 1). Daar het 381 mm reën goedverspreid gedurende die groeiseisoen geval. Die reën het tot gevolg gehad dat geen behandelingsverskille voorgekom het nie (Bylaag 3.1). Die regressiefunksie met 'n $r^2 = 0.37$ dui op 'n swak passing omdat die datapare swak verspreid is. Die enigste afleidings wat gemaak kan word is: i) dat die ET_x-waarde van nul onrealisties is. 'n Lentesomegewas met 'n rywydte van 1.6 m wat ongeveer 80 dae geneem het om bykans 100% grondbedekking te bereik behoort 'n ET_x van tussen 100 en 200 mm te hê. Indien die funksie deur 'n ET_x van 200 mm forseer word, word lyn 2 verkry. ii) Die gewaswaterverbruiksdooeltreffendheid van 94.67 kg ha⁻¹ mm⁻¹ is baie laer as die 172.67 kg ha⁻¹ mm⁻¹ wat in die lynbronproef (Figuur 2.2) verkry is en wat in BEWAB gebruik is om die



Figuur 4.9 Droëmateriaalopbrengs-waterverbruiksfunksie vir droë-erte



Figuur 4.10 Knolopbrengs-waterverbruiksfunksie vir aartappels

besproeiingskedule te bereken. Die hoër gewaswaterverbruiksdoeltreffendheid wat met die lynbron behaal is, kan aan die dubbelry saad wat op elke wal geplant is toegeskryf word. Hierdie praktyk het 'n hoër plantestand en halmgetal per hektaar tot gevolg wat ook 'n hoër opbrengs per eenheid water kan gee. Die opbrengsmikpunt met die verifiëringsproef was 40 000 kg ha⁻¹ wat maklik met 'n enkelry saad per wal haalbaar is. Omdat 'n groot oppervlakte per hand geplant moes word is die enkelry praktyk gebruik en daar is nie voorsien dat dit 'n effek op die gewaswaterverbruiksdoeltreffendheid sou hê nie.

Wanneer die waterverbruiksdoeltreffendheid as produksie (kg ha⁻¹) gedeel deur die totale evapotranspirasie bereken word, was die WVD van die verifiëringsproef 69.08 kg ha⁻¹ mm⁻¹. Dit stem meer ooreen met waardes van 81.7 tot 110.2 (Steyn, 1990) en 60.4 tot 81.0 (Islam, Sarker, Alam & Harun-Ur-Rashid, 1990) vir opbrengste tussen 20 000 en 40 000 kg ha⁻¹.

Indien die WVD van die lynbronproef op dieselfde wyse bereken word vir 'n opbrengs van 50 000 kg ha⁻¹ word 'n waarde van 103.05 kg ha⁻¹ mm⁻¹ verkry. Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat die WVD van aartappels, afhangende van die verbouingspraktyk, tussen ongeveer 60 en 110 kg ha⁻¹ mm⁻¹ kan wissel. Die gewaswaterverbruiksdoeltreffendheid met 'n x-waarde van 200 mm sal dan tussen 80 en 196 kg ha⁻¹ mm⁻¹ wissel. Dit bemoeilik die gebruik van 'n enkelwaarde vir gewaswaterverbruiksdoeltreffendheid vir aartappels.

4.2.2 Daaglikse gewaswaterbehoefte

4.2.2.1 Inleiding

In BEWAB word die daaglikse gewaswaterbehoefte (GWB) met 'n derde orde polinomiese vergelyking, wat die verwantskap tussen die relatiewe evapotranspirasie (ET_{rel}) en dae na plant (DNP) aandui, bereken (Afdeling 1.1). Dieselfde tegniek wat in Afdeling 2.3.2 beskryf word, is gebruik om die verwantskappe tussen ET_{rel} en DNP vir elke afsonderlike behandeling, asook vir die gemiddeld van verskillende kombinasies van behandelings, te bereken. Die volgende kombinasies is gebruik, nl. die gemiddeld van: i) al die behandelings; ii) al die behandelings van die hoë opbrengsproef; iii) al die behandelings van die lae opbrengsproef; iv) die weeklikse besproeiings; v) die drieweeklikse besproeiings en vi) die verskillende profielwaterinhoud

bestuursopsies vol-vol, vol-leeg, leeg-vol en leeg-leeg. Dié kurwes is visueel met die kurwes wat in BEWAB vir die onderskeie gewasse gebruik word, vergelyk.

4.2.2.2 Koring

Die groeiseisoenlengte vir koring, wat volgens die plantdatum gekies is, was 150 dae. Die ET_{rel} van koring vir verskillende dae na plant, word vir die gekombineerde behandelings, in Tabel 4.1 verstrekk.

Die groeiseisoen van die koring in die verifiëringsproef was 160 dae in plaas van die verwagte 150 dae. Die gevolg was dat piekwaterverbruik op 110 DNP bereik is, nl. 10 dae later as die 100 DNP wat vir 'n 150 dae groeiseisoen verwag is (Tabel 4.1). Die gemiddelde oppervlakte onder die kurwes (A, dae) vir die kombinasies wat in Tabel 4.1 aangedui word, wissel tussen 88 en 92 dae wat goed met die 92 dae van 'n 160 dae groeiseisoen in BEWAB vergelyk. Die ET_{rel} teenoor DNP gewaswaterbehoeftekurwes van al die behandelings stem baie goed ooreen met die kurwes vir koring, wat in BEWAB gebruik word. Voorbeelde van die gemiddelde kurwes vir die verskillende profielwaterinhoud bestuursopsies word in Figure 4.11 en 4.12 verstrekk.

Dit wil voorkom asof 'n prosedure waarvolgens die plantontwikkeling gedurende die groeiseisoen aangepas kan word om die verwagte en werklike piekwaterverbruik te sinchroniseer, meer sinvol behoort te wees. Hierdie aspek sal in Hoofstuk 5 behandel word.

4.2.2.3 Mielies


Die gemiddelde relatiewe ET vir verskillende behandelingskombinasies word in Tabel 4.2 verstrekk en die gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoeftekurwes vir die profielwaterinhoud bestuursopsies in Figure 4.13 en 4.14. Piekwaterverbruik het in hierdie proef ongeveer 20 dae vroeër as die verwagte 90 DNP van BEWAB ingetree, hoewel die groeiseisoen ook 150 dae lank was. Die oppervlakte onder die kurwes (Tabel 4.2), het tussen 108 en 115 dae gewissel wat goed met die BEWAB-insetwaarde van 110 dae vergelyk. Die GWB-kurwes vergelyk goed met dié wat in BEWAB gebruik word, maar 'n metode moet gevind word om die werklike en verwagte periodes

Tabel 4.1. Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van koring vir sekere behandelingskombinasies en dae na plant


Dae na plant	Alle behandelings	Opbrengsmikpunt		Besproeiingsinterval		Profielwaterinhoud bestuursopsie				BEWAB (150 dae)
		Hoog	Laag	Weekliks	3-Weekliks	Vol / Vol	Vol / Leeg	Leeg / Vol	Leeg / Leeg	
0	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
10	0.11	0.09	0.13	0.10	0.12	0.09	0.11	0.11	0.12	0.07
20	0.14	0.13	0.15	0.14	0.16	0.11	0.15	0.13	0.16	0.12
30	0.21	0.20	0.22	0.21	0.22	0.17	0.23	0.19	0.24	0.23
40	0.30	0.30	0.31	0.31	0.32	0.26	0.33	0.29	0.34	0.34
50	0.42	0.41	0.44	0.43	0.43	0.38	0.45	0.40	0.47	0.46
60	0.55	0.54	0.57	0.56	0.55	0.51	0.58	0.53	0.60	0.62
70	0.68	0.66	0.70	0.69	0.68	0.64	0.71	0.66	0.72	0.76
80	0.80	0.78	0.82	0.81	0.79	0.76	0.82	0.78	0.84	0.87
90	0.90	0.88	0.92	0.90	0.89	0.87	0.91	0.88	0.93	0.96
100	0.97	0.96	0.98	0.97	0.96	0.95	0.98	0.96	0.98	1.00
110	1.00	1.00	1.00	1.00	1.00	1.00	1.00	1.00	1.00	0.99
120	0.98	1.00	0.96	0.98	1.00	1.00	0.97	1.00	0.96	0.92
130	0.91	0.95	0.85	0.90	0.94	0.94	0.89	0.94	0.86	0.77
140	0.77	0.84	0.67	0.75	0.83	0.82	0.73	0.81	0.69	0.54
150	0.55	0.66	0.39	0.53	0.65	0.63	0.50	0.62	0.44	0.21
Oppervlakte (dae)	90	91	89	90	92	88	91	90	91	85

Tabel 4.2. Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van mielies vir sekere behandelingskombinasies en dae na plant


Dae na plant	Alle behandelings	Opbrengsmikpunt		Besproeiingsinterval		Profielwaterinhoud bestuursopsie				BEWAB (150 dae)
		Hoog	Laag	Weekliks	3-Weekliks	Vol / Vol	Vol / Leeg	Leeg / Vol	Leeg / Leeg	
0	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
10	0.38	0.37	0.38	0.37	0.39	0.37	0.36	0.38	0.41	0.23
20	0.58	0.54	0.61	0.58	0.57	0.58	0.57	0.56	0.59	0.41
30	0.73	0.67	0.77	0.74	0.71	0.74	0.73	0.71	0.74	0.57
40	0.85	0.79	0.89	0.86	0.83	0.86	0.86	0.82	0.85	0.71
50	0.93	0.87	0.97	0.94	0.91	0.94	0.94	0.91	0.93	0.82
60	0.98	0.94	1.00	0.99	0.97	0.98	0.99	0.96	0.98	0.90
70	1.00	0.98	1.00	1.00	1.00	1.00	1.00	0.99	1.00	0.95
80	0.99	1.00	0.97	0.99	1.00	0.99	0.99	1.00	1.00	0.99
90	0.96	1.00	0.91	0.95	0.98	0.95	0.95	0.98	0.97	1.00
100	0.91	0.97	0.83	0.88	0.94	0.90	0.88	0.94	0.92	0.98
110	0.84	0.92	0.74	0.80	0.88	0.83	0.80	0.88	0.84	0.94
120	0.75	0.85	0.64	0.70	0.80	0.74	0.70	0.80	0.75	0.87
130	0.65	0.75	0.52	0.59	0.70	0.64	0.59	0.70	0.65	0.78
140	0.53	0.63	0.41	0.47	0.60	0.54	0.47	0.59	0.52	0.65
150	0.41	0.50	0.30	0.34	0.48	0.44	0.34	0.46	0.39	0.51
Oppervlakte (dae)	113	115	108	110	115	113	110	115	113	110




Figuur 4.11a Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van koring vir die vol-vol profielwaterinhoud bestuursopsie




Figuur 4.11b Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van koring vir die vol-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie




Figuur 4.12a Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van koring vir die leeg-vol profielwaterinhoud bestuursopsie




Figuur 4.12b Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van koring vir die leeg-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie




Figuur 4.13a Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van mielies vir die vol-vol profielwaterinhoud bestuursopsie



Figuur 4.13b Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van mielies vir die vol-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie



Figuur 4.14a Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van mielies vir die leeg-vol profielwaterinhoud bestuursopsie



Figuur 4.14b Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van mielies vir die leeg-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie

van piekwaterverbruik, wat van die tempo van gewasontwikkeling afhanklik is, te sinchroniseer. Hierdie aspek sal verder in Hoofstuk 5 behandel word.

4.2.2.4 Grondbone

Die gemiddelde verandering in ET_{rel} met DNP word vir verskillende behandelingskombinasies in Tabel 4.3 en grafies vir die profielwaterinhoud bestuursopsies in Figure 4.15 en 4.16 aangedui. Die gewasontwikkeling was oor die algemeen 10 dae vinniger as die 160 dae groeiseisoen wat as inset in BEWAB gebruik word. Die gevolg was dat piekwaterverbruik ongeveer 8 tot 10 dae vroeër ingetree het en die afname in ET_{rel} gedurende saadvulling vinniger was (Figure 4.15 en 4.16). Die oppervlakte onder die kurwes (Tabel 4.3) het tussen 100 en 107 dae gewissel wat laer as die BEWAB-inset van 114 dae is. Hierdie afwykings sal in Hoofstuk 5 behandel word.

4.2.2.5 Erte

Die verifiëring van die BEWAB-insetparameters vir erte onder die spilpunt het plaasgevind in dieselfde groeiseisoen waarin die parameters onder die lynbron bepaal is. Vir die beraming van die daaglikse GWB is dieselfde kurwe wat vir koring met 'n 150 dae groeiseisoen gebruik word, na 130 dae aangepas. Die verwantskap tussen die relatiewe ET en DNP wat met die lynbron bepaal is, is onder goed gekontroleerde toestande verkry. Die koëffisiënte van die lynbronvergelyking (Figuur 2.5) word daarom in BEWAB gebruik.

Die verandering in ET_{rel} en DNP word in Tabel 4.4 vir die gemiddeld van 'n aantal behandelingskombinasies en in Figure 4.17 en 4.18 vir die profielwaterinhoud bestuursopsies aangedui. Dit word met die lynbronfunksie, wat in BEWAB gebruik word, vergelyk. Die opsies wat leeg begin het, (Figuur 4.18) stem goed met die lynbronfunksie ooreen maar die opsies wat vol begin het, het a.g.v. 'n ongeveer 10 dae langer groeiseisoen 'n laer waterbehoefte aan die begin van die seisoen gehad en piekwaterverbruik was ook later.


Die relatiewe GWB-funksies is nie deur die oesopbrengsmikpunt of besproeiingsinterval beïnvloed nie, maar voorsiening behoort gemaak te word vir 'n wyse waarop die periodes van werklike en verwagte piekwaterverbruik gesinchroniseer kan word.

Tabel 4.3. Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van grondbone vir sekere behandelingskombinasies en dae na plant


Dae na plant	Alle behandelings	Opbrengsmikpunt		Besproeiingsinterval		Profielwaterinhoud bestuursopsie				BEWAB (150 dae)
		Hoog	Laag	Weekliks	3-Weekliks	Vol / Vol	Vol / Leeg	Leeg / Vol	Leeg / Leeg	
0	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
10	0.17	0.15	0.20	0.18	0.15	0.16	0.20	0.17	0.15	0.23
20	0.38	0.34	0.42	0.40	0.34	0.34	0.43	0.37	0.36	0.41
30	0.56	0.52	0.61	0.59	0.52	0.51	0.62	0.56	0.54	0.57
40	0.71	0.67	0.76	0.74	0.67	0.66	0.77	0.71	0.69	0.70
50	0.83	0.80	0.87	0.85	0.80	0.79	0.88	0.83	0.82	0.81
60	0.92	0.90	0.95	0.93	0.89	0.88	0.96	0.92	0.91	0.90
70	0.97	0.96	0.99	0.98	0.96	0.95	0.99	0.97	0.97	0.95
80	1.00	1.00	1.00	1.00	1.00	0.99	1.00	1.00	1.00	0.99
90	0.99	1.00	0.98	0.98	1.00	1.00	0.97	0.99	1.00	1.00
100	0.95	0.96	0.93	0.94	0.97	0.97	0.92	0.95	0.96	0.98
110	0.88	0.89	0.86	0.86	0.89	0.90	0.84	0.88	0.88	0.94
120	0.77	0.77	0.77	0.74	0.78	0.80	0.73	0.77	0.77	0.86
130	0.63	0.61	0.65	0.60	0.63	0.65	0.60	0.63	0.62	0.77
140	0.45	0.40	0.52	0.43	0.43	0.45	0.44	0.46	0.43	0.65
150	0.23	0.14	0.36	0.23	0.18	0.21	0.27	0.24	0.20	0.51
Oppervlakte (dae)	103	100	107	103	101	102	105	103	102	114

Tabel 4.4. Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van droë-erte vir sekere behandelingskombinasies en dae na plant


Dae na plant	Alle behandelings	Opbrengsmikpunt		Besproeiingsinterval		Profielwaterinhoud bestuursopsie				BEWAB (130 dae)
		Hoog	Laag	Weekliks	3-Weekliks	Vol / Vol	Vol / Leeg	Leeg / Vol	Leeg / Leeg	
0	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
10	0.01	-0.02	0.03	0.03	-0.01	-0.04	-0.02	0.03	0.08	0.02
20	-0.02	-0.04	-0.01	0.02	-0.05	-0.09	-0.08	0.02	0.10	0.04
30	0.04	0.01	0.04	0.08	0.00	-0.05	-0.04	0.09	0.19	0.12
40	0.16	0.14	0.16	0.18	0.13	0.06	0.08	0.21	0.31	0.26
50	0.31	0.30	0.32	0.33	0.30	0.23	0.24	0.36	0.45	0.42
60	0.49	0.48	0.51	0.49	0.49	0.42	0.42	0.53	0.61	0.60
70	0.67	0.67	0.69	0.65	0.68	0.62	0.62	0.70	0.75	0.76
80	0.83	0.83	0.85	0.80	0.84	0.80	0.79	0.85	0.88	0.90
90	0.94	0.95	0.96	0.92	0.96	0.93	0.93	0.96	0.96	0.98
100	1.00	1.00	1.00	0.99	1.00	1.00	1.00	1.00	1.00	1.00
110	0.98	0.97	0.95	1.00	0.95	0.98	0.99	0.96	0.97	0.93
120	0.85	0.82	0.78	0.93	0.77	0.84	0.88	0.83	0.85	0.76
130	0.60	0.55	0.47	0.77	0.45	0.57	0.63	0.58	0.64	0.45
Oppervlakte (dae)	66	64	65	68	63	60	61	68	75	74




Figuur 4.15a Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van grondbone vir die vol-vol profielwaterinhoud bestuursopsie




Figuur 4.15b Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van grondbone vir die vol-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie




Figuur 4.16a Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van grondbone vir die leeg-vol profielwaterinhoud bestuursopsie




Figuur 4.16b Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van grondbone vir die leeg-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie




Figuur 4.17a Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van droë-erte vir die vol-vol profielwaterinhoud bestuursopsie



Figuur 4.17b Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van droë-erte vir die vol-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie



Figuur 4.18a Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van droë-erte vir die leeg-vol profielwaterinhoud bestuursopsie



Figuur 4.18b Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van droë-erte vir die leeg-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie

4.2.2.6 Aartappels

Die gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte vir verskillende behandelingskombinasies vir verskillende dae na plant word in Tabel 4.5 weergegee. Die relatiewe gewaswaterbehoeftekurwes vir die verskillende profielwaterinhoud bestuursopsies word in Figure 4.19 en 4.20 verstrek. Dit is duidelik dat die waterbehoefte verwantskappe wat met die verifiëringsproef verkry is, drasties van die BEWAB-kurwes verskil. Die enigste logiese verklaring vir die verskille is die hoë reënval wat 'n hoër grondwaterverdamping en/of afloop tot gevolg gehad het en wat tot hoër gemete ET-waardes gelei het. Die piekverbruik was ook ongeveer 10 dae later. Dit sal moeilik wees om 'n besluit te regverdig waarop die inset gewaswaterbehoeftefunksie van BEWAB aangepas behoort te word.

Al die behandelings het vir praktiese doeleindes dieselfde relatiewe gewaswaterbehoeftekurwes gegee.


4.2.3 Verandering in profielwaterinhoud vir die verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies.

4.2.3.1 Inleiding


Die hipotetiese verandering in die waterinhoud van die bewortelde grondprofiel vir die verskillende bestuursopsies word in Figure 1.2 tot 1.5 verstrek. Die gemiddelde gemete waterinhoud en boonste grens van plantbeskikbare water van die profiel oor die potensiële bewortelingsdiepte, die gemiddelde gemete waterinhoud en onderste grens van plantbeskikbare water in die bewortelde profiel is grafies as 'n funksie van DNP vir elke behandeling voorgestel. Dit is onprakties om al 24 grafieke vir elke gewas, m.a.w. 120 grafieke in totaal, by die verslag in te sluit. Die interpretasie van hierdie grafieke word in Bylaag 3.2 saamgevat en sal verder in hierdie afdeling bespreek word. Die interpretasie van die resultate is bemoeilik deur die feit dat sommige profile wat vol moes begin, te droog was en omgekeerd, en deur hoë reënval gedurende gedeeltes of die hele groeiseisoen.

Tabel 4.5. Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van aartappels vir sekere behandelingskombinasies en dae na plant


Dae na plant	Alle behandelings	Opbrengsmikpunt		Besproeiingsinterval		Profielwaterinhoud bestuursopsie				BEWAB (130 dae)
		Hoog	Laag	Weekliks	3-Weekliks	Vol / Vol	Vol / Leeg	Leeg / Vol	Leeg / Leeg	
0	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
10	0.07	0.05	0.08	0.07	0.09	0.10	0.11	0.03	0.04	-0.12
20	0.17	0.14	0.20	0.16	0.21	0.22	0.24	0.10	0.12	-0.12
30	0.28	0.25	0.32	0.27	0.33	0.35	0.37	0.20	0.23	-0.04
40	0.41	0.37	0.45	0.39	0.46	0.47	0.50	0.31	0.35	0.11
50	0.53	0.50	0.57	0.52	0.58	0.60	0.62	0.44	0.48	0.29
60	0.65	0.63	0.68	0.64	0.69	0.71	0.73	0.57	0.61	0.49
70	0.77	0.75	0.79	0.75	0.79	0.81	0.83	0.70	0.74	0.69
80	0.86	0.86	0.87	0.85	0.88	0.90	0.91	0.81	0.84	0.85
90	0.94	0.94	0.94	0.93	0.95	0.96	0.97	0.90	0.93	0.96
100	0.99	0.99	0.99	0.98	0.99	0.99	1.00	0.97	0.98	1.00
110	1.00	1.00	1.00	1.00	1.00	1.00	1.00	1.00	1.00	0.94
120	0.97	0.97	0.98	0.98	0.98	0.97	0.97	0.99	0.97	0.75
130	0.90	0.88	0.93	0.91	0.92	0.90	0.89	0.92	0.89	0.43
140	0.77	0.73	0.83	0.78	0.82	0.78	0.78	0.80	0.74	
150	0.59	0.51	0.68	0.60	0.67	0.62	0.62	0.61	0.52	
Oppervlakte (dae)	96	93	100	95	100	101	102	90	92	65




Figuur 4.19a Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van aartappels vir die vol-vol profielwaterinhoud bestuursopsie



Figuur 4.19b Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van aartappels vir die vol-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie



Figuur 4.20a Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van aartappels vir die leeg-vol profielwaterinhoud bestuursopsie



Figuur 4.20b Gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte van aartappels vir die leeg-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie

4.2.3.2 Vol-vol opsie

- i) Koring: By die hoë opbrengsmikpunte het die weeklikse besproeiing 51 mm droër geëindig wat op 'n hoër grondwater verdampingskomponent dui. Die tweeweeklikse besproeiings het met dieselfde waterinhoud en die drieweeklikse besproeiings het 25 mm natter geëindig a.g.v. moontlik 'n laer grondwaterverdamping. Dit dui daarop dat die BEWAB-insette korrek is vir die tweeweeklikse besproeiings. Aanpassings in die besproeiingshoeveelhede word vir die weeklikse en die drieweeklikse intervale benodig.

By die lae opbrengsmikpunt was die waterinhoud van die bewortelde profiel tussen 87 en 112 mm droër aan die einde van die groeiseisoen. Die plante het dus al die beskikbare water benut. Wanneer die oesopbrengsmikpunt laer as die optimum is, is die vol-vol opsie nie geldig nie. Hiervan kan daar afgelei word dat, indien daar volgens die vol-vol opsie vir 'n laer as optimum oesopbrengsmikpunt besproei word, die finale oesopbrengs waarskynlik hoër as die mikpunt sal wees, maar die profiel sal droog eindig by wintergewasse soos koring in 'n somerreënvalgebied.

- ii) Mielies: Die hoë reënval gedurende die groeiseisoen het tot gevolg gehad dat die profiele wat vol begin het ook vol geëindig het, ongeag die besproeiingsintervalle by die hoë opbrengsmikpunt.

By die lae opbrengsmikpunt het die profiele droër geëindig. Dit dui ook daarop dat die vol-vol opsie nie by laer as optimum opbrengsmikpunte geldig is nie.

- iii) Grondbone: By die hoë opbrengsmikpunt was die begin en eind profielwaterinhoude van die vol-vol opsie vir alle praktiese doeleindes dieselfde.

By die lae opbrengsmikpunt was al die profiele te droog aan die begin van die seisoen en het ook droog geëindig.

- iv) Erte: By die hoë opbrengsmikpunt het die profiele vol begin en geëindig, ongeag die interval tussen besproeiings.

By die lae opbrengsmikpunt was die eindwaterinhoud van die profiele laer, veral by die weeklikse besproeiings waar dit 61 mm laer was.

- v) Aartappels: Die hoë reënval gedurende die groeiseisoen het al die profiele, by beide die hoë en lae opbrengsmikpunte en al drie besproeiingsintervalle, natter laat eindig.

Die vol-vol opsie was dus geldig vir al die gewasse mits die opbrengsmikpunt naby die optimum is. Wanneer opbrengsmikpunte laer as die optimum gekies word, sal die plantbeskikbare water in die profiel gedurende periodes van lae reënval opgeneem word sodat 'n hoër as beplande opbrengs realiseer. Die profiel sal onder sulke toestande, afhangende van die reënval, droër eindig. Korter intervale as twee weke tussen besproeiing kan ook tot 'n hoër waterbehoefte aanleiding gee. Hierdie waarnemings sal verder in Hoofstuk 5 behandel word.

4.2.3.3 Vol-leeg opsie

Die vol-leeg profielwaterinhoud bestuursopsie het vir koring, mielies en grondbone by drie besproeiingsintervalle, en vir beide die hoë en lae opbrengsmikpunte, verloop soos verwag is. By aartappels het hoë reënval teen die einde van die groeiseisoen tot gevolg gehad dat die profiele vol of bykans vol geëindig het. Dit demonstreer onder andere een van die voordele om die vol-leeg bestuursopsie te kies.

4.2.3.4 Leeg-leeg opsie:

Die leeg-leeg opsie het vir mielies en erte verloop soos verwag is vir al die besproeiingsintervalle en vir beide die hoë en lae opbrengsmikpunte. Die hoë reënval by aartappels het tot gevolg gehad dat die profiele vol i.p.v. leeg geëindig het.

Volgens die oesindekswaardes het die weeklikse besproeiing by die lae opbrengsmikpunt behandelings van koring en grondbone stremming ondervind. Die hoë besproeiingshoeveelhede in die begin van die seisoen stimuleer vegetatiewe groei met die gevolg dat die laer besproeiings plus profielwateronttrekking later in die seisoen onvoldoende is om stremming te verhoed. Hierdie

opsie kan dus vir lae oesopbrengsmikpunte by wintergewasse in somerreënvalgebiede en by somergewasse in lae reënvalgebiede of tydens droogtes 'n laer gewaswaterverbruiksdoeltreffendheid veroorsaak.

4.2.3.5 Leeg-vol opsie


Die leeg-vol bestuursopsie is nog nie voorheen onder praktiese veldtoestande getoets nie. Dit was ook nie by enige van die toetsgewasse suksesvol nie behalwe by aartappels waar hoë reënval die profiel gevul het. Die oormaat besproeiingswater wat na piekverbruik toegedien word om die profiel weer tot by die boonste grens van plantbeskikbare water te vul is eerder deur die plante opgeneem om 'n hoër oesopbrengs te laat realiseer. By koring, mielies en erte het die hoë opbrengsmikpunt behandelings wat drieweekliks besproei is, wel natter geëindig.

Die afleiding kan gemaak word dat die leeg-vol opsie slegs by hoë opbrengsmikpunte en wanneer groter hoeveelhede besproeiing met groter as tweeweeklikse intervale toegedien word, aanbeveel kan word.

4.2.4 Besproeiingsintervalle

Soos in Figure 1.2 tot 1.5 geïllustreer neem die toelaatbare onttrekking (TO) toe vanaf plant totdat maksimum bewortelingsdiepte bereik word. Plantwaterstremming sal dus intree wanneer die plantbeskikbare water in die profiel direk na 'n besproeiing minder is as die gewaswaterbehoefte tot die volgende besproeiing. Hierdie situasie het by die drieweeklikse besproeiing van erte, 'n gewas met 'n lae TO, voorgekom (Figuur 4.21).

Daar word tans nie 'n aanbeveling in BEWAB oor die langste toelaatbare interval tussen besproeiings gemaak nie. Die resultate wat met erte behaal is, beklemtoon die belangrikheid dat 'n aanbevole besproeiingsinterval as 'n uitset by BEWAB ingesluit word. Hierdie aspek sal in Hoofstuk 5 behandel word.



Figuur 4.21 Verandering in profielwaterinhoud tydens die groeiseisoen van droë-erte, by verskillende besproeiingsintervalle

4.3 Gevolgtrekking

Daar is vasgestel dat die hellings van die water-produksiefunksies, nl. die gewaswaterverbruiksdooeltreffendheid vir koring, mielies, grondbone en erte goed met die waardes in die BEWAB-program ooreenstem. 'n Groot afwyking het by aartappels voorgekom waar vasgestel is dat die gewaswaterverbruiksdooeltreffendheid van die proef baie laer as die BEWAB-waarde was. Die mees waarskynlike verklaring is die verskil in agnomiese praktyke wat gevolg is. Die lengte van die periode tussen besproeiings en die plantbeskikbare waterbestuursopsies het nie op die gewaswaterverbruiksdooeltreffendheid 'n invloed nie.

Die y-afsnit van die water-produksiefunksie wat van die grondwater verdampingskomponent afhanklik is, het gewissel. Daar is bepaal dat dit van die aantal besproeiings, d.w.s. die lengte van die interval tussen besproeiings, asook die hoeveelheid water wat per besproeiing toegedien word, afhanklik is. Hierdie aspek sal verder in Hoofstuk 5 behandel word.

Die verskillende behandelings, en in besonder die oesopbrengsmikpunt, affekteer die lengte van die groeiseisoen, en die voorkoms van matige plantwaterstremming verhaas die plantontwikkeling. Voorsiening sal daarom in die BEWAB-program gemaak moet word om die beraming van gewaswaterbehoefte op 'n meer dinamiese wyse by die gewasontwikkeling aan te pas, indien nodig.

Die waterbestuursopsies wat vol eindig, d.w.s. die hele profiel moet naby aan die boonste grens van plantbeskikbare water aan die einde van die groeiseisoen wees, is nie suksesvol wanneer die opbrengsmikpunt laer as die optimum is nie. Die addisionele besproeiing word deur die plante opgeneem om hoër produksie te gee.

HOOFSTUK 5

AANPASSINGS IN DIE BEREKENINGSPROSEDURES VAN DIE BEWAB-PROGRAM

5.1 Inleiding

Die besproeiingsproewe met koring, mielies, grondbone, erte en aartappels, waarin die verskillende bestuursopsies van die BEWAB-program getoets is, het sekere aanpassings uitgewys wat die akkuraatheid van die beraamings kan verbeter. Die volgende voorgestelde aanpassings het uit die bespreking van die resultate in Hoofstukke 3 en 4 voortgevloei:

- i) Wanneer die opbrengsmikpunt waarvoor daar besproei word, laer as die optimum waarde is, veroorsaak die deurlopende onderbesproeiing 'n verkorting van sekere groeistadiums. Dit het 'n effek op die akkuraatheid waarmee die relatiewe gewaswaterbehoefte oor die groeiseisoen beraam word. Die relatiewe gewaswaterbehoefte word tans met 'n derde-orde polinomiese vergelyking beraam wat moeilik by veranderende groeitoestande aangepas kan word.
- ii) Die evaporasiekomponent van evapotranspirasie is van die aantal besproeiings, of die lengte van die interval tussen besproeiings, afhanklik. Dit beïnvloed weer die y-afsnit van die water-produksiefunksie. Konstante Y-afsnitte vir die water-produksiefunksies van die onderskeie gewasse word tans in BEWAB gebruik.
- iii) Daar is gevind dat die mees geskikte besproeiingsintervallengte omgekeerd eweredig aan die opbrengsmikpunt is, m.a.w. hoe laer die opbrengsmikpunt, hoe langer is die optimum interval tussen besproeiings. Daar word tans geen riglyn oor die optimum besproeiingsinterval in die BEWAB-program gegee nie.

In hierdie hoofstuk sal wyses waarop genoemde drie aspekte in die BEWAB-program aangepas kan word, om meer akkurate uitsette te lewer, ondersoek word.

5.2 Beraming van die relatiewe gewaswaterbehoefte

5.2.1 Inleiding

Die wyse waarop die waterbehoefte van 'n gewas by 'n gegewe opbrengsmikpunt, m.b.v. 'n relatiewe gewaswaterbehoefte beraam word, word volledig in Afdelings 1.1 (Figuur 1.1) en 2.3.2 bespreek. Wanneer matige plantwaterstremming oor die groeiseisoen deur geprogrammeerde onderbesproeiing vir 'n lae opbrengsmikpunt geïnduseer word, word die vegetatiewe ontwikkeling en rypwording van die gewas vertraas. Dit het tot gevolg dat die werklike gewaswaterbehoefte van die beraamde waardes afwyk (Afdeling 4.2.2).

In plaas van 'n derde-orde polinomiese funksie wat die verwantskap tussen die relatiewe gewaswaterbehoefte en dae na plant beskryf, kan 'n verwantskap bestaande uit vier lineêre funksies, gewysig uit Smith (1992), gebruik word (Figuur 5.1).


5.2.2 Voorgestelde aanpassing

Die vervanging van die derde-orde polinomiese funksies (Figuur 1.1) met funksies soortgelyk aan die voorbeeld in Figuur 5.1 bied die geleentheid om die lengte van die vier hoof groeifases van gewasse aan te pas. Dit kan gedoen word deur die dae-na-plant-waardes van A', B', C' en D' in Figuur 5.1 te wysig. Hierdie aspek sal later meer volledig bespreek word.

Vir die berekening van die gewaswaterbehoefte met Vergelykings 1.4 en 2.17 word die oppervlakte onder die relatiewe gewaswaterbehoeftekurwe (A, dae) benodig. Die oppervlakte onder die hipotetiese gewaswaterbehoeftekurwe in Figuur 5.1 kan met Vergelyking 5.1 bereken word.

Berekening van die oppervlakte (A, dae):

$$\begin{aligned} \text{Oppervlakte (dae)} = & [A' \times a'/2] + [(B' - A') \times a' + ((B' - A') \times (1 - a'))/2] + [C' - B'] + \\ & [((D' - C') \times (1 - d'))/2 + (D' - C') \times d'] \end{aligned} \quad (5.1)$$



Figuur 5.1 Hipotetiese voorstelling van die verwantskap waarvolgens die relatiewe gewaswaterbehoefte van gewasse vanaf dae na plant, beraam kan word

Voorgestelde lengtes van die onderskeie groeifases vir die verskillende gewasse, wat as insette by gebrek aan beter waardes in Vergelyking 5.1 gebruik kan word, word in Tabel 5.1 verstrekk. 'n Beskrywing van die onderskeie groeistadia vir die verskillende gewasse word in Tabel 5.2 gegee. Die waardes in Tabel 5.1 kan maklik gewysing word om die effek van kultivar-, plantdatum-, opbrengsmikpunt- of klimaatverskille, op die lengtes van die verskillende groeifases, te akkommodeer. Die duurtes van die onderskeie fases in Tabel 5.1 verkort wanneer matige stremming, a.g.v. vooraf geprogrammeerde tekortbesproeiing vir 'n laer as optimum opbrengs, voorkom. Die verkorting van die totale groeiseisoen is eweredig aan die mate van onderbesproeiing en dit kan soveel as 5 tot 10% korter wees. Dit is veral die ryppwordingsfase wat sigbaar verkort word.

Tabel 5.1: Dae na plant en voorgestelde duurtes (dae) van die vestiging (A'), vegetatiewe (A' - B') reprodutiewe (C' - B') en ryppwordings (D' - C') groeifases van verskillende gewasse en ooreenstemmende relatiewe gewaswaterbehoefes (a' en d') en die oppervlakte onder die kurwes (A, dae) onder optimum groeitoestande

Gewas	Plantdatum	A'	B'	C'	D'	a'	d'	A
Aartappels (Dae na opkoms)	September	20	60 (40)	130 (70)	150 (20)	0.2	0.4	110
	Januarie	10	40 (30)	100 (60)	120 (20)	0.2	0.4	93
Erte (Dae na plant)	Normaal	35	70 (35)	120 (50)	130 (10)	0.2	0.5	82
Grondbone (Dae na plant)	Normaal	20	50 (30)	140 (90)	165 (25)	0.3	0.4	130
Katoen (Dae na plant)	Normaal	20	90 (70)	140 (50)	180 (40)	0.2	0.3	120
Koring (Dae na plant)	Vroeg	40	115 (75)	160 (45)	180 (20)	0.2	0.5	109
	Intermediêr	35	105 (70)	155 (50)	170 (15)	0.2	0.5	107
	Laat	30	85 (55)	145 (55)	150 (10)	0.2	0.5	100
Mielies (Dae na plant)	Normaal	30	70 (40)	110 (40)	145 (35)	0.4	0.5	100
Sojabone (Dae na plant)	Normaal	20	70 (50)	130 (60)	140 (10)	0.2	0.4	99

Tabel 5.2 Beskrywing van gewasontwikkelingsfases vir die verskillende gewasse

Gewas	A'	B'	C'	D'
Aartappels	Knolinisiasie	Knolgroei begin	Begin loofafsterwing	Knolle ryp
Erte	Geen herkenbare tekens (20 dae)	Begin blom	Peule volwasse, begin blaarstorting	Fisiologies ryp
Grondbone	Geen herkenbare tekens (20 dae)	Begin blom	Blaarverkleuring en blaarstorting	Fisiologies ryp
Katoen	Begin aktief groei	Eerste bolle verskyn	Eerste bolle bars oop	Ryp
Koring	Verskyning van syhalms en sekondêre wortels	Vlagblaar ten volle ontvou	Sagte deeg	Fisiologies ryp
Mielies	Vier blare ontvou	Pluimverskyning	Sagte deeg	Fisiologies ryp
Sojabone	Geen herkenbare tekens. Begin aktief groei (20 dae)	Begin blom	Blaarverkleuring en blaarafsterwing	Fisiologies ryp

Berekening van die relatiewe gewaswaterbehoefte (GWB_{rel}):

Die relatiewe gewaswaterbehoefte kan met Vergelyking 5.2 by verskillende dae na plant (DNP) bereken word.

$$\begin{aligned}
 \text{wanneer i) } DNP \leq A' \quad & GBW_{rel} = (a'/A') \times DNP \\
 \text{ii) } DNP > A' \text{ en } \leq B' \quad & GBW_{rel} = a' + [1 - a']/(B' - A') \times (DNP - A') \\
 \text{iii) } DNP > B' \text{ en } \leq C' \quad & GBW_{rel} = 1 \\
 \text{iv) } DNP > C' \text{ en } \leq D' \quad & GBW_{rel} = 1 - [(1 - d')/(D' - C')] \times (DNP - C')
 \end{aligned}$$

(5.2)

Die prosedure wat bespreek is, is op jaargewasse van toepassing. Dit kan aangepas word om ook vir meerjarige gewasse voorsiening te maak (Doorenbos & Pruitt, 1977).

5.3 Beraming van die totale gewaswaterbehoefte vir die groeiseisoen by 'n gekose opbrengsmikpunt

5.3.1 Inleiding

Die prosedure wat in BEWAB gebruik word om die totale gewaswaterbehoefte oor die groeiseisoen (W , mm) by 'n gekose opbrengsmikpunt te bereken, vir gebruik in Vergelyking 1.4, word in Afdeling 4.2.1.1 beskryf. Dit kom kortliks daarop neer dat 'n lineêre water-produksiefunksie $y = a.ET - b$ met konstante koëffisiënte a en b gebruik word. Die seisoenale gewaswaterbehoefte W (mm) = $(y + b)/a$ waar y (kg ha^{-1}) die gekose opbrengsmikpunt is en a en b die relevante konstantes vir die gewas. In Vergelyking 4.1 verteenwoordig b/a die grondwaterverdampingskomponent (E_s , mm) van die totale evapotranspirasie (Hanks, 1974).

Die resultate wat in Afdeling 4.2.1 bespreek is het getoon dat hoeveelheid grondwaterverdamping vir die meeste gewasse van die BEWAB-insette afgewyk het en dat aanpassings benodig word. Die water-produksiefunksie soos dit in BEWAB gebruik word, is dus slegs geldig vir die toestande waaronder die data ingesamel is en maak veral nie voorsiening vir byvoorbeeld die effek van die aantal besproeiings (besproeiingsfrekwensie) op die verdamping van water vanaf die grondoppervlak nie.

Doorenbos & Kassam (1979) het 'n water-produksiefunksie (Vergelyking 5.3) gebruik wat meer universeel toegepas kan word.

$$1 - (Y_a/Y_m) = \beta [1 - (ET_a/ET_m)] \quad (5.3)$$

waar	Y_a	=	werklike totale droëmateriaalopbrengs (kg ha^{-1})
	Y_m	=	maksimum droëmateriaalopbrengs (kg ha^{-1})
	ET_a	=	werklike totale evapotranspirasie (mm)
	ET_m	=	maksimum totale evapotranspirasie (mm)

$$\beta = \text{helling van die } 1 - (Y_a/Y_m) \text{ vs. } 1 - (ET_a/ET_m)$$

Volgens Hanks & Rasmussen (1982) kan Vergelyking 5.3 herrangskik word om ET_a in 'n transpirasiekomponent (T_a , mm) en grondwaterverdampingskomponent (E_a , mm) te skei.

$$E_a = [1 - (1/\beta)] \cdot ET_a \quad (5.4)$$

$$T_a = ET_a/\beta \quad (5.5)$$

$$\text{of } E_m = [1 - (1/\beta)] \cdot ET_m \quad (5.6)$$

$$T_m = ET_m/\beta \quad (5.7)$$

De Wit (1958) het volgens Hanks & Rasmussen (1982) voorgestel dat daar 'n reglynige verband tussen die relatiewe transpirasie (T , mm) en totale droëmateriaalproduksie (Y , kg ha⁻¹) in semi-ariëde klimaatstreke bestaan, dus:

$$Y_m = M \cdot (T_m/E_o) \quad (5.8)$$

waar E_o = totale potensiële evapotranspirasie of verdamping vanaf 'n vrywateroppervlak gedurende die groeiseisoen (mm).

Tanner & Sinclair (1983) het voorgestel dat Vergelyking 5.8 gewysig word na:

$$Y_m = k \cdot [T_m/(e^* - e)] \quad (5.9)$$

waar $(e^* - e)$ = gemiddelde dampdruktekort (kPa)

k = faktor wat gewas spesifiek is (kPa)

Y_m = maksimum bogrondse droëmateriaal massa (kg m⁻²)

T_m = maksimum transpirasie (kg m⁻² of mm)

Vergelykings 5.8 of 5.9 kan gevolglik gebruik word om die maksimum transpirasie te bereken wanneer die maksimum droëmateriaalproduksie van 'n spesifieke kultivar by spesifieke klimaatstoestande bekend is, en indien 'n konstante waarde van k aanvaar word.

Die grondwaterverdamping (E_a , mm) is afhanklik van die maksimum verdamping vanaf 'n nat grondoppervlak (E_m , mm), die aantal benattings, die tydsverloop tussen besproeiing (t , dae) en die fraksionele grondbedekking deur plante. Die grondwaterverdamping tussen besproeiings vanaf 'n onbedekte oppervlak kan met Vergelykings 5.10 of 5.11 en vanaf 'n bedekte grondoppervlak met Vergelykings 5.12 of 5.13 bereken word.

$$E_a = C t^{1/2} \quad (\text{Ritchie, 1972}) \quad (5.10)$$

$$E_a = S t^{1/2} + bt \quad (\text{Rose, 1966}) \quad (5.11)$$

en $E_a = (1 - F) (C t^{1/2}) \quad (5.12)$

$$E_a = (1 - F) (S t^{1/2} + bt) \quad (5.13)$$

waar $S \ \& \ C =$ Empiriese desorpsiwiteitskoëffisiënte wat van die aanvangswaterinhoud (θ_o) afhanklik is

$t =$ Tydsverloop tussen besproeiings (dae)

$b =$ Empiriese konstante wat van die hidrouliese geleivermoë van die grond afhanklik is

$F =$ Fraksionele onderskepping of bedekking van die grondoppervlak ($m^2 \ m^{-2}$)

Ongepubliseerde grondwaterverdampingsdata, wat m.b.v. mikrolisimeters versamel is, het getoon dat genoemde veranderlikes met die volgende empiriese vergelykings beraam kan word.

$$S = 20.951 (\theta_i - \theta_o) + 3.36 \quad (5.14)$$

$$C = 26.11 (\theta_i - \theta_o) + 1.36 \quad (5.15)$$

$$b = 0.44 - 0.043 (S + K\%) \quad (5.16)$$

$$\theta_i = 0.0037 (S + K\%) + 0.139 \quad (5.17)$$

$$\theta_o = 0.0012 (S + K\%) + 0.006 \quad (5.18)$$

waar $S + K =$ persentasie gronddeeltjies kleiner as 0.05 mm, d.w.s. die grof plus fyn slik plus klei

5.3.2 Waardes van die verskillende veranderlikes

Die hoogste totale biomassawaardes vir die verskillende gewasse in Tabela 3.3, 3.6, 3.8, 3.10 en 3.12 is gelyk aan Y_m gestel (Tabel 5.3). Die water-produksiefunksies van die onderskeie gewasse in Figure 4.2, 4.4, 4.6, 4.9 en 4.10 is gebruik om die ooreenstemmende evapotranspirasie (ET_m) te bereken (Tabel 5.3). Die verhouding tussen Y_m/T_m is gebruik om k' vir latere gebruik in hierdie hoofstuk te bereken.

Die datapare wat gebruik is om Figure 4.2, 4.4, 4.6, 4.8 en 4.10 te stip en die relevante Y_m en ET_m -waardes is gebruik om die β -waarde in Vergelyking 5.3 vir elke gewas te bereken (Tabel 5.3). ET_m is met behulp van onderskeidelik Vergelykings 5.6 en 5.7 in die komponente E_m en T_m te verdeel. Die M -konstante vir Vergelyking 5.8 en die k -konstante vir Vergelyking 5.9 word ook in Tabel 5.3 verstrekk.

Tabel 5.3 Veranderlikes wat benodig word vir die berekening van die water-produksiefunksies vir die verskillende gewasse

Gewas	Y_m (kg ha ⁻¹)	ET_m (mm)	β	$e^* - e$ (kPa)	k (kPa)	k' (kg ha ⁻¹ mm ⁻¹)	ET_o (mm)	M (kg ha ⁻¹)	E_m (mm)	T_m (mm)
Koring	14 000	607	1.26	0.865	0.00251	29.04	726	21087	125	482
Mielies	25 300	783	1.30	0.676	0.00284	42.03	866	36395	181	602
Grondbone	14 450	818	1.37	1.502	0.00364	24.20	1077	26068	221	597
Erte	8 400	618	1.25	1.186	0.00020	17.00	682	11597	124	494
Aartappels	62 400	858	1.52	1.069	0.0118	110.64*	889	98357*	294	564

* Nat massa

5.3.3 Aanpassings in die beraming van die totale gewaswaterbehoefte by 'n gekose opbrengsmikpunt

Vergelyking 5.3 kan herrangskik word om die verwagte totale gewaswaterbehoefte (W , mm) by 'n gekose opbrengsmikpunt (Y_a , kg ha⁻¹) te beraam mits ET_m en Y_m bekend is.

$$W = ET_a = ET_m \cdot [1 - (Y_a/Y_m)]/\beta \quad (5.19)$$

Beraming van die maksimum evapotranspirasie (ET_m , mm)

Die maksimum evapotranspirasie (ET_m , mm) is gelyk aan die som van E_m en T_m . T_m kan vanaf die maksimum droëmassa (Y_m) van 'n kultivar vir 'n spesifieke klimaatstreek met Vergelyking 5.9 beraam word indien die gemiddelde dampdruktekort bekend is, of met Vergelyking 5.8 indien die totale potensiële evapotranspirasie vir die groeiseisoen bekend is.

E_m kan met Vergelykings 5.12 of 5.13 beraam word indien die fraksionele bedekking van die grondoppervlak, die tydsverloop tussen besproeiings of reënbuie en die desorpsiwiteitskoëffisiënt van die grond bekend is. Om die bruikbaarheid van hierdie vergelykings te toets is Vergelyking 5.13, wat in 'n ander studie as meer toepaslik bevind is, as voorbeeld geneem.

Die gemiddelde totale droëplantmassa vir die drie hoë opbrengsmikpunt intervale en vir die drie lae opbrengsmikpunt intervale vir die verskillende gewasse in Tabele 3.3, 3.6, 3.8, 3.10 en 3.12, is deur die relevante k' -waarde in Tabel 5.3 gedeel om die transpirasie (T_a) komponent te bepaal. Die transpirasie (T_a) is van die evapotranspirasie (ET_a) in genoemde tabelle afgetrek om die evaporasie (E_a) komponent te bepaal (Tabel 5.4). Die fraksionele bedekking van die grondoppervlak by elk van die behandelings is nie gemeet nie maar die aanname is gemaak dat dit dieselfde as die relatiewe gewaswaterbehoefte sal wees. Met hierdie aanname is Vergelyking 5.13 gebruik om die kumulatiewe E_a vir 7, 14 en 21 dag besproeiingsintervalle (t) deur die groeiseisoen van elke gewas te beraam. Die grondwaterverdamping wat na reënbuie voorgekom het, is met dieselfde vergelyking, vir die oorblywende dae (t) van die besproeiingsinterval of totdat dit weer gereën het, bereken. Die gemiddelde relatiewe gewaswaterbehoefte vir elke interval is met die

werklik gemete kurwes vir elke gewas bereken. Die desorpsiwiteitskoëffisiënt is met Vergelyking 5.14 en die b -waarde met Vergelyking 5.16 bereken. Vergelykings 5.17 en 5.18 is gebruik om onderskeidelik die begin- en eindwaterinhoud by 'n 10% slik plus kleipersentasie van die bogrond te bereken. Die gesimuleerde grondwaterverdampingswaardes vir die verskillende gewasse en besproeiingsintervalle word in Tabel 5.4 verstrek.

Die resultate wat in Tabel 5.4 verstrek is toon dat, met die uitsondering van die hoë opbrengsmikpunt behandelings van mielies, die evaporasiekomponent afgeneem het vanaf die weeklikse na die drieweeklikse besproeiings. Die hoeveelheid grondwaterverdamping, wat geen bydrae tot produksie lewer nie, neem dus toe met die aantal besproeiings.

Die simulering van E_m was akkuraat vir koring (Figuur 5.2) maar meestal laer as die berekende waardes vir die ander gewasse (Figure 5.3 tot 5.6). Teenoorgestel as wat by die ander gewasse gevind is, het die berekende E_m -waardes vir mielies toegeneem hoe langer die interval tussen besproeiings by die hoë opbrengsmikpunt was. Hierdie tendens is onverklaarbaar. Dit het tot gevolg gehad dat daar 'n swak verband tussen die berekende en gesimuleerde E_m -waardes vir mielies gevind is (Figuur 5.3). Die voorspelling vir grondbone was oor die algemeen ongeveer 50 mm te laag (Figuur 5.4). Daar is 'n groot variasie in die totale droëmateriaal massa van erte wat geen spesifieke tendens het nie. Omdat T_a vanaf die droëmateriaal massa beraam word en die berekende E_a deur aftrekking verkry word, is daar ook 'n groot variasie in die berekende E_a . Daar is dus 'n swak verwantskap tussen die gesimuleerde en berekende evaporasie vir erte (Figuur 5.5). Die gesimuleerde E_a -waardes vir aartappels was oor die algemeen ongeveer 100 mm laer as die berekende waardes (Figuur 3.6).


Indien die tekstuur van die bogrond, die maksimum droëmateriaalproduksie en die gemiddelde dampdruktekort of kumulatiewe potensiële evapotranspirasie vir die groeiseisoen bekend is, kan die ET_m - en Y_m -waardes in Vergelyking 5.19 by veranderde klimaatstoestande aangepas word.

Die waardes wat in Tabel 5.5 verstrek word, kan as terugvalwaardes ("default values") in Vergelyking 5.19 gebruik word om die gewaswaterbehoefte by 'n gekose oesopbrengs, in die afwesigheid van meer toepaslike waardes, te beraam.


Tabel 5.4 Die effek van die interval tussen of die aantal besproeiings op die berekende transpirasie en evaporasie en die gesimuleerde evaporasie van die verskillende gewasse

Gewas	Interval en opbrengsmikpunt	Totale droëmassa	Totale ET	Transpirasie	Evaporasie Bereken	Evaporasie Simuleer
		(kg ha ⁻¹)	(mm)	(mm)	(mm)	(mm)
Koring	H1	11889	577	409	168	183
	H2	12667	535	436	99	118
	H3	12959	521	446	75	87
	L1	7292	431	251	180	198
	L2	8139	411	280	131	130
	L3	8250	425	284	141	113
Mielies	H1	24885	657	592	65	126
	H2	23022	682	548	134	91
	H3	20319	689	483	205	70
	L1	14943	583	356	227	153
	L2	16772	608	399	209	143
	L3	17237	569	410	159	125
Grondbone	H1	12209	725	505	220	179
	H2	13033	731	539	193	168
	H3	13180	784	545	239	147
	L1	6622	527	274	253	152
	L2	8540	568	353	215	146
	L3	8350	534	345	188	127
Erte	H1	7060	497	415	82	171
	H2	5748	6501	338	172	150
	H3	3869	516	228	288	140
	L1	3005	307	177	130	185
	L2	3605	262	212	50	152
	L3	3395	281	200	81	141
Aartappels	H1	55693*	777	503	274	183
	H2	55411	771	501	270	152
	H3	48988	787	443	344	143
	L1	46341	699	419	280	162
	L2	50602	655	457	198	140
	L3	42313	665	382	283	133


*Nat massa




Figuur 5.2 Verwantskap tussen die gesimuleerde en berekende kumulatiewe grondwaterverdamping gedurende die groeiseisoen van koring




Figuur 5.3 Verwantskap tussen die gesimuleerde en berekende kumulatiewe grondwaterverdamping gedurende die groeiseisoen van mielies



Figuur 5.4 Verwantskap tussen die gesimuleerde en berekende kumulatiewe grondwaterverdamping gedurende die groeiseisoen van grondbone



Figuur 5.5 Verwantskap tussen die gesimuleerde en berekende kumulatiewe grondwaterverdamping gedurende die groeiseisoen van erte



Figuur 5.6 Verwantskap tussen die gesimuleerde en berekende kumulatiewe grondwaterverdamping gedurende die groeiseisoen van aartappels

Tabel 5.5 Waardes wat vir die verskillende veranderlikes in Vergelyking 5.19 gebruik kan word

Gewas	β	ET_m (mm)	Y_m		Oesindeks
			Droëmateriaal (kg ha ⁻¹)	Saad (kg ha ⁻¹)	
Aartappels	1.52	1044	80 000*	80 000*	1.00
Droë erte	1.25	765	11 000	5 500	0.5
Grondbone	1.37	920	16 700	5 000	0.1 - 0.3**
Katoen	1.39	1120	-	6 000	-
Koring	1.26	840	20 000	9 000	0.45
Mielies	1.30	960	31 250	15 000	0.48
Sojabone	1.42	845	-	5 000	-

* Vars massa

** Sien Figuur 4.7

5.4 Optimisering van die besproeiingsinterval

5.4.1 Inleiding

Die resultate van die effek van die lengte van die interval tussen besproeiings op die bogrondse groei (Hoofstuk 3) en waterbenutting (Hoofstuk 4) het getoon dat met 'n verhoging in die opbrengsmikpunt die lengte van die besproeiingsinterval verkort moet word. Dit het tot gevolg dat die aantal besproeiings gedurende die groeiseisoen van 'n gewas vermeerder met 'n gevolglike verhoging in die evaporasiekomponent (Afdeling 5.3.3 en Tabel 5.4). Dit is duidelik dat daar 'n behoefte vir die bepaling van die optimum tydsverloop tussen besproeiings is. Die optimum tydsverloop tussen besproeiings moet verseker dat die toelaatbare onttrekkingsvlak van die bewortelde profiel nie 'n opbrengsverlaging tot gevolg het nie. Die aantal besproeiings moet beperk word om verdampingsverliese vanaf die grondoppervlak te verminder.

5.4.2 Verwantskap tussen opbrengs en vlak van toelaatbare onttrekking by die verifiëringsproewe

Om die verwantskap tussen opbrengs en die vlak waartoe die plantbeskikbare water per besproeiingsinterval onttrek kan word te bepaal, is die oesopbrengste wat in Tabelle 3.3, 3.6, 3.9, 3.10 en 3.12 vir onderskeidelik koring, mielies, erte, grondbone en aartappels verstrekk is, gebruik. Die gemiddelde opbrengs van die drie intervale per opbrengsmikpunt en die relevante grondbone is gebruik om die TO vir elke opbrengsmikpunt en gewas met die BEWAB-program, te bereken (Tabel 5.6). Die werklike oesopbrengs en gemiddelde TO is gebruik om die piek besproeiingsbehoefte (BB, mm) by elke besproeiingsinterval te bereken. Die besproeiingsbehoefte is ook as 'n fraksie van die TO uitgedruk (Tabel 5.6). Die besproeiingsbehoefte wat met die hoogste oesopbrengs by elke opbrengsmikpunt ooreenstem, is as die optimumwaarde geneem en word in Tabel 5.7 aangedui.

Die piek besproeiingsbehoefte of gewaswaterbehoefte neem af met 'n afname in die opbrengsmikpunt en die TO neem toe (Bennie *et al.*, 1988). Om hierdie rede sal die optimum hoeveelheid wat per besproeiing toegedien behoort te word, toeneem met 'n afname in die opbrengsmikpunt. Die optimum onttrekkingsfraksie van die TO kan egter dieselfde vir alle

Tabel 5.6 Piek besproeiingsbehoefte (BB) uitgedruk in hoeveelheid en as 'n persentasie van die toelaatbare onttrekking (TO) by die verskillende besproeiingsintervalle en werklike opbrengste van die verskillende gewasse

Gewas	Opbrengs- mikpunt	TO (mm)	Besproeiingsinterval (weke)								
			1			2			3		
			Opbrengs	BB		Opbrengs	BB		Opbrengs	BB	
			(kg ha ⁻¹)	(mm)	(%)	(kg ha ⁻¹)	(mm)	(%)	(kg ha ⁻¹)	(mm)	(%)
Koring	Hoog	137	5001	37	27	5399	80	<u>58</u>	5037	101	74
	Laag	167	2746	22	13	3137	48	29	3347	76	<u>46</u>
Mielies	Hoog	106	11542	56	<u>53</u>	10915	107	100	10049	149	141
	Laag	127	6990	39	31	8125	86	68	8741	135	<u>106</u>
Erte	Hoog	105	3653	53	<u>50</u>	2786	82	78	2000	91	87
	Laag	133	1583	26	20	2086	64	<u>48</u>	1685	79	59
Grondbone	Hoog	173	2805	38	22	3472	87	<u>50</u>	3137	122	71
	Laag	184	901	24	13	1810	62	<u>34</u>	1537	86	47
Aartappels	Hoog	160	55693	55	<u>34</u>	55411	104	65	48988	138	86
	Laag	172	46341	50	29	50602	103	<u>60</u>	42313	135	78

- optimum waarde

opbrengsmikpunte bly (droë erte en koring) of toeneem met 'n afname in die opbrengsmikpunt (aartappels, grondbone en mielies). Die gemete waardes in Tabel 5.7 stem redelik goed met die aanbevole waardes van Doorenbos & Kassam (1979) ooreen. Die aanbevole piek besproeiingsbehoefte, uitgedruk as 'n onttrekkingsfraksie (f , dimensieloos) van die TO, wat in Tabel 5.7 vir die verskillende gewasse aangedui word, kan gebruik word om die optimum besproeiingsiklus (BI, dae) met Vergelyking 5.20 te bereken.

$$BI_{\text{optimum}} = (\text{Groeiseisoenlengte, dae}) / (W/f \cdot TO) \quad (5.20)$$

waar W = totale seisoenale gewaswaterbehoefte (mm) bereken met Vergelyking 5.19

Vergelyking 5.20 kan gebruik word om 'n konstante besproeiingsinterval deur die groeiseisoen vir optimum toestande te bereken. Die resultate van die verifiëringsproewe het egter getoon dat wanneer daar vir 'n laer as die optimum opbrengs geskeduleer word, behoort langer intervalle ($f < 0.5$) gedurende die reprodutiewe en rypwordingsfases gebruik te word. In hierdie geval kan die besproeiingsinterval deur sommering bereken word. Die daaglikse gewaswaterbehoefte word met Vergelykings 5.2 en 1.4 bereken en geakkumuleer totdat dit gelyk aan bv. $0.8 \times TO$ is ens. Vanassche & Laker (1989) het ook dieselfde strategie vir tekortbesproeiing aanbeveel.

'n Probleem wat met die toepassing van die beginsel van optimum besproeiingsintervalle voorsien word, is dat weinig spilpuntbesproeiingstelsels in staat is om meer as 30 mm per besproeiing toe te dien. Hierdie beginsel sal toedieningshoeveelhede van ongeveer 50 mm op diep gronde vereis.

Tabel 5.7 Optimum besproeiingsbehoefte (BB) vir verskillende gewasse

Optimum besproeiingsbehoefte				
Gewas	BB (fraksie van TO)*		BB (piekverbruik, mm dag ⁻¹)*	Onttrekkingfraksie**
	Gemeet	Aanbeveel		
Aartappels	0.34 - 0.60	0.40	7.4 - 7.9	0.20 - 0.22
Droë erte	0.48 - 0.50	0.40	4.6 - 7.6	0.30 - 0.45
Grondbone	0.34 - 0.50	0.40	4.4 - 6.2	0.45 - 0.55
Katoen	-	0.50	6.0 - 8.0	0.45 - 0.55
Koring	0.46 - 0.58	0.50	3.6 - 5.7	0.45 - 0.60
Mielies	0.53 - 1.06	0.50	6.4 - 8.0	0.45 - 0.55
Sojabone	-	0.50	6.0 - 8.0	0.45 - 0.55

* Verifiëringsproewe

** Doorenbos & Kassam (1979)

5.5 Samevatting

Die resultate van die BEWAB-verifiëringsproewe het getoon dat geprogrammeerde tekortbesproeiing, vir oesopbrengsmikpunte laer as dié wat onder optimum besproeiingstoestande behaal word, tot gevolg het dat die groeiseisoen verkort. Dit was duidelik dat daar vir verskillende lengtes van die totale groeiseisoen en ook die duurte van die verskillende gewasontwikkelingsstadia voorsiening gemaak moet word. 'n Alternatiewe metode is vir die berekening van die beraamde daaglikse waterbehoefte van gewasse met die BEWAB-program, voorgestel.

Daar is ook gevind dat dit nodig is om in BEWAB voorsiening te maak vir 'n water-produksiefunksie wat die effek van die aantal besproeiings gedurende die groeiseisoen op die evaporasiekomponent verreken,. 'n Water-produksiefunksie wat die verwantskap tussen die oesopbrengs relatief tot die maksimum oesopbrengs en die evapotranspirasie relatief tot die

maksimum evapotranspirasie gebruik, is voorgestel. Die maksimum evapotranspirasie, wat benodig word om die maksimum opbrengs te produseer, kan by faktore soos klimaatverskille, die effek van die aantal besproeiings op grondwaterverdamping, kultivarverskille ens. aangepas word. 'n Prosedure is voorgestel waarmee die grondwaterverdamping by verskillende besproeiingsintervalle en verskillende bogrondteksture beraam kan word. Hierdie prosedure benodig verdere verfyning.

Die BEWAB-program wat geverifieër is maak nie 'n aanbeveling oor die mees gunstige interval tussen besproeiings nie. Die verifiëringsproewe het getoon dat plantproduksie van die tydsverloop tussen besproeiings afhanklik is. 'n Prosedure waarmee die optimum interval tussen besproeiings vanaf die toelaatbare onttrekking bereken kan word, is voorgestel.

Met genoemde drie aanpassings behoort dit moontlik te wees om met die BEWAB-program meer akkurate besproeiingskedules vir opbrengsmikpunte laer as dié wat onder optimum toestande behaal word, te bereken.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN BESPREKING

6.1 Inleiding

Die BEWAB-program wat deur Bennie *et al.* (1988) ontwikkel is, word reeds met 'n groot mate van sukses deur baie besproeiingsboere en besproeiingsadviseurs gebruik. Die data wat deur Bennie *et al.* (1988) gebruik is om die BEWAB-program te ontwikkel, is onder optimum groeitoestande en watervoorsiening ingesamel. Die geldigheid van die aanbevole besproeiingskedule is nog nie onder suboptimale groeitoestande van beperkte watervoorsiening getoets nie. Die aanbevole besproeiingskedule is gebaseer op 'n gekose opbrengsmikpunt, wat volgens die beskikbaarheid van besproeiingswater kan wissel. Die beginsels wat in die BEWAB-program gebruik word, word volledig in Hoofstuk 1 bespreek. Die program benodig van die gebruiker insette soos die tipe gewas, groeiseisoenlengte, oesopbrengsmikpunt, diepte en tekstuur van die grond, 'n gekose reënopgaringskapasiteit en die besproeiingsinterval. Die program verskaf 'n uitdruk van 'n voorgestelde besproeiingskedule wat die hoeveelheid water (reën plus besproeiing) wat op verskillende dae na plant, afhangende van die gekose interval tussen besproeiings, toegedien behoort te word. Verskillende bestuursopsies van die plantbeskikbare water is vir die gebruiker beskikbaar. Hierdie opsies is begin en eindig die seisoen met 'n nat of vol profiel (vol-vol); begin die seisoen met 'n vol en eindig die seisoen met 'n droë of leë profiel (vol-leeg); begin en eindig die seisoen met 'n leë profiel (leeg-leeg) en begin met 'n leë en eindig met 'n vol profiel (leeg-vol).

Die projek waarvan die doel was om leemtes in die bestaande BEWAB-program tydens aanwending onder tekortbesproeiingstoestande te identifiseer, het uit twee fases bestaan. Eerstens is lynbronproewe uitgevoer waarin die veranderlikes wat benodig word vir die besproeiingskedulering van erte, somer aartappels en winter aartappels ingesamel is. Tweedens is die verskillende plantbeskikbare waterbestuursopsies van BEWAB by 'n hoë opbrengsmikpunt, of optimum watervoorsieningstoestande, en weeklikse, tweeweeklikse en drieweeklikse besproeiingsintervalle getoets. Dieselfde proef is vir 'n laer opbrengsmikpunt (helfte van die hoë

opbrengs), of toestande van beperkte watervoorsiening, herhaal. Die gewasse en hoë opbrengsmikpunte wat gebruik is, was koring ($6\ 000\ \text{kg ha}^{-1}$), mielies ($10\ 000\ \text{kg ha}^{-1}$), grondbone ($4\ 000\ \text{kg ha}^{-1}$), erte ($4\ 000\ \text{kg ha}^{-1}$) en somer aartappels ($40\ 000\ \text{kg ha}^{-1}$).

6.2 Samevatting van die resultate en aanbevelings

Die resultate van die lynbronproewe word in Hoofstuk 2 bespreek. Die lynbrontelling bied die geleentheid om die verwantskap tussen evapotranspirasie en produksie, nl. die water-produksiefunksie, met 'n enkele proef te bepaal. Die toediening van besproeiingswater neem byna reglynig af weg vanaf die sprinkelaarlyn. Op hierdie wyse word 'n reeks toestande van grondwatervoorsiening geskep wat wissel vanaf optimum toestande by die sprinkelaarlyn tot droëland op die verste perseel weg van die lyn.

Stremmingspersele, dit is persele waarop besproeiing gestaak of weerhou is nadat die blaredak ten volle ontwikkel is, is ook in die lynbronproewe ingesluit. Hierdie persele is gebruik om die onderste grens van plantbeskikbare water en die grond-wortel konduktansiekoëffisiënt te bepaal. Die volgende veranderlikes is vir insluiting in die BEWAB-program vir erte, aartappels in September aangeplant en aartappels in Januarie aangeplant, bepaal: water-produksiefunksie; die verandering in relatiewe gewaswaterbehoefte teenoor dae na plant; die verandering in relatiewe wortellengte per eenheid grondoppervlakte teenoor dae na plant; maksimum wortellengte; wortelindringingstempo; wortelverspreidingsfaktor; grond-wortel konduktansiekoëffisiënt en kritiese blaarwaterpotensiaal. Al hierdie veranderlikes is reeds in die bestaande weergawe van BEWAB ingesluit.

Die resultate van die BEWAB verifiëringsproewe met koring, mielies, grondbone, erte en September-aanplanting aartappels word in Hoofstukke 3, 4 en 5 bespreek. Die belangrikse gevolgtrekking wat gemaak is, is dat die lengte van die interval tussen besproeiings 'n groter effek op die groei en produksie van die verskillende gewasse gehad het as die wyse waarop die toelaatbare onttrekking van die bewortelde profiel oor die seisoen bestuur is. Die kortste besproeiingsinterval, nl. weekliks, het vir al die gewasse, uitgesonder grondbone, die hoogste opbrengs by die hoë opbrengsmikpunt verseker. By grondbone, met die hoogste toelaatbare

onttrekking (TO) van die toetsgewasse, was dit die tweeweklikse interval wat die hoogste opbrengs verseker het.

Wanneer die opbrengsmikpunt verlaag word, word 'n laer piekwaterverbruikstempo vereis wat 'n hoër TO tot gevolg het. Die TO is die hoeveelheid water wat uit 'n volledig benatte bewortelde profiel onttrek kan word voordat ernstige plantwaterstremming intree. By die lae opbrengsmikpunt is die beste opbrengs by die twee- en drieweklikse besproeiingsintervalle gemeet. Wanneer die hoeveelheid water wat per besproeiing toegedien is as 'n fraksie van die TO uitgedruk word (slegs die beste opbrengste wat by die hoë en lae opbrengsproewe behaal is, is gebruik), het dit as volg gewissel:

aartappels	:	0.34 - 0.60
droë erte	:	0.48 - 0.50
grondbone	:	0.34 - 0.50
koring	:	0.46 - 0.58
mielies	:	0.53 - 1.06
gemiddeld	:	0.43 - 0.65

Indien daar veralgemeen moet word, is die optimum besproeiingshoeveelheid gelyk aan $0.5 \times \text{TO}$. Hierdie waarde sal toeneem indien die opbrengsmikpunt afneem. Vir gewasse wat vir plantwaterstremming sensitief is, soos byvoorbeeld aartappels, droë erte en grondbone, kan 'n kleiner onttrekkingsfraksie bv. 0.4, gebruik word. Om die aantal besproeiings te bereken, word die totale seisoenale gewaswaterbehoefte van die gewas by die gekose opbrengsmikpunt m.b.v. die water-produksiefunksie bereken en deur die optimum besproeiingshoeveelheid gedeel. Om die optimum besproeiingsinterval te bereken, word die groeiseisoenlengte deur die aantal besproeiings gedeel. Dit sal 'n konstante besproeiingsinterval vir die hele groeiseisoen gee wat optimum watervoorsiening sal verseker.

Vanaf die resultate kon ook afgelei word dat, wanneer besproeiing vir 'n laer as die optimum opbrengs geskeduleer word, beter resultate met besproeiingsintervalle wat nie konstant deur die seisoen gehou word nie, verkry kan word. Dit wil voorkom asof 'n groter onttrekkingsfraksie

(> 0.5) gedurende die vestigings- en vegetatiewe groeifases (Figuur 5.1) toegelaat kan word en 'n kleiner fraksie (< 0.5) gedurende die reprodutiewe en rypwordingsfases.

Die verskillende bestuursopsies waarvolgens die plantbeskikbare water binne die wortelsone, nl. vol-vol, vol-leeg, leeg-leeg en leeg-vol, gereguleer kan word, het weinig effek op die groei en produksie van die gewasse by die hoë optimum opbrengsmikpunt gehad. Indien daar vir 'n laer as optimum opbrengs geskeduleer word, kan die eindig-vol opsies, in die afwesigheid van oormatige reën, laat in die groeiseisoen onsuksesvol wees. Die plante benut die water wat in die wortelsone gereserveer word, om die profiel vol te laat eindig, om hoër produksie te lewer. Wanneer oormatige reënval laat in die groeiseisoen voorkom kan dit wel die wortelsone benat. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat al vier die opsies onder toestande van optimum watervoorsiening aan die plante, aanbeveel kan word. Onder toestande van beperkte watervoorsiening is slegs die twee eindig leeg opsies, nl. vol-leeg en leeg-leeg, geldig.

Daar is ook gevind dat die beperkte watervoorsieningstoestande wat deur geprogrammeerde tekortbesproeiing vir opbrengsmikpunte laer as die optimum geskep word, die plantontwikkeling verhaas. Dit is die gevolg van die matige stremming wat geleidelik deur die groeiseisoen ontwikkel. Die fisiologiese meganismes van die effek van matige plantwaterstremming op gewasgroei word goed deur Chapin (1991) bespreek. In die reeks proewe met die verskillende gewasse is ook gevind dat die planthoogte, blaaroppervlakte-indeks ens. afgeneem het om by die swakker watervoorsiening aan te pas. Dit was moeilik om vanaf die beperkte getal metings enige verandering in wortelontwikkeling te kwantifiseer. Dit was duidelik uit die resultate dat die redelik rigiede wyse waarop die relatiewe gewaswaterbehoefte en wortellengte deur die groeiseisoen, m.b.v. derde-orde polinomiese funksies in BEWAB beraam word, met 'n meer aanpasbare prosedure vervang behoort te word. Die wyse wat ontwikkel is, berus op 'n verwantskap wat uit vier lineêre funksies saamgestel is (Figuur 5.1). Met hierdie gewysigde prosedure kan die duurte van die vestigings-, vegetatiewe-, reprodutiewe- en rypwordingsgroeifases maklik by die groeitoestande aangepas word.

Die akkuraatheid van die beraming van die totale seisoenale gewaswaterbehoefte, of die hoeveelheid besproeiingswater wat vir die gekose opbrengsmikpunt nodig word, is belangrik

om optimale waterverbruiksdoeltreffendheid te verseker. Die hellings van die water-produksiefunksies van die gewasse, of die gewaswaterverbruiksdoeltreffendheid, het met die uitsondering van aartappels, goed met die waardes wat in BEWAB gebruik word ooreengestem. Die water-produksiefunksies vir aartappels wat met die lynbronproewe bepaal en in BEWAB ingesluit is, het 'n hoër gewaswaterverbruiksdoeltreffendheid gehad. Dit was die gevolg van verskillende agnomiese praktyke wat gevolg is. By die lynbronproewe is dubbelrye saad en by die verifiëringsproef enkelrye saad geplant. Dit wil voorkom asof die plant van dubbelrye die gewaswaterverbruiksdoeltreffendheid verhoog.

Die y-afsnitte van lineêre water-produksiefunksies is afhanklik van die hoeveelheid water wat vanaf die grondoppervlak verdamp d.w.s. die evaporasiekomponent van die totale evapotranspirasie. Die evaporasiekomponent (y-afsnit) het toeneem indien die aantal besproeiings toeneem. Die behoefte is dus geïdentifiseer om die water-produksiefunksie by die aantal besproeiings aanpasbaar te maak. 'n Prosedure is ontwikkel waarmee die evaporasiekomponent met in agneming van die aantal besproeiings, die mate van gewasontwikkeling, verskille in bogrondteksture en die gekose waterbestuursopsie, beraam kan word. Hierdie prosedure toon baie belofte maar verfyning word benodig. Om die water-produksiefunksies meer aanpasbaar by ander klimaatstoestande, kultivars en agnomiese praktyke te maak, sal die lineêre funksie met absolute waardes in BEWAB met relatiewe waardes, soos gebruik deur Doorenbos & Kassam (1979), vervang moet word.

